# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

1

Kwartaal 2




Onderwysersgids

# 1

Kwartaal 2

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wandespan ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Foto-erkennings**

Funda Wande Media-span: alle foto's geneem in skole en klaskamers;
iStock: bladsy 120: traveler1116 (Florence Nightingale).
Alle ander miniatuurbladsye uit die Leerderaktiwiteitsboek met vergunning van Freepik.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-991225-39-9

Version 3: 2023

Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:
*Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 1, Kwartaal 2, CC BY 4.0.*

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

# Inhoud


**QR-kodes** ........ **iv**

**Ikone en afkortings** ........ **v**

**Geïntegreerde Huistaal- en Lewensvaardigheidsprogram**

- Weeklikse rooster, Kwartaal 2 ........ 1
- Inhoud, Kwartaal 2 ........ 2
- Assesseringsplan, Kwartaal 2 ........ 4

**Geïntegreerde leer – die Funda Wande-benadering** ........ **5**

**Onderrig Huistaal** ........ **6**

- Luister en Praat ........ 6
- Klanke ........ 7
- Handskrif ........ 9
- Lees ........ 10
- Groepbegeleide Lees ........ 12
- Klim die Leesleer ........ 13
- Skryf ........ 14

**Onderrig Lewensvaardighede** ........ **15**

- Aanvangskennis en PSW ........ 15
- Kreatiewe Kunste ........ 16
- Liggaamsopvoeding ........ 18

**Week 1** Wat is 'n familie?. ........ 20

**Week 2** Ek gee om vir my familie ........ 34

**Week 3** Gevare by die huis ........ 48

**Week 4** Veiligheid by die huis ........ 62

**Week 5** My wonderlike liggaam ........ 76

**Week 6** Binne-in my liggaam ........ 90

**Week 7** My sintuie ........ 104

**Week 8** Bly vry van kieme ........ 118

**Week 9** Bly veilig tussen ander mense ........ 132

**Week 10** Vaslegging en hersiening ........ 146

**Assessering, Kwartaal 2**

- Huistaal Geletterdheid: Deurlopende en formele assessering vir Kwartaal 2 ........ 148
  - Geletterdheidsassessering vir Kwartaal 2 ........ 150
  - Luister en Praat: Assesseringsrubrieke en kontrolelyste ........ 150
  - Klanke: Assesseringsrubrieke en kontrolelyste ........ 151
  - Lees en Begrip: Assesseringsrubrieke en kontrolelyste ........ 152
  - Handskrif: Assesseringsrubrieke en kontrolelyste ........ 153
  - Skryf: Assesseringsrubrieke en kontrolelyste ........ 154
  - Huistaal, Kwartaal 2, Puntestaat ........ 155
- Lewensvaardigheid: Deurlopende en formele assessering vir Kwartaal 2 ........ 156
  - Lewensvaardiheidsassessering vir Kwartaal 2 ........ 158
  - Aanvangskennis en PSW: Assesseringsrubrieke en kontrolelyste ........ 158
  - Visuale Kunste: Assesseringsrubrieke en kontrolelyste ........ 159
  - Uitvoerende Kunste: Assesseringsrubrieke en kontrolelyste ........ 160
  - Liggaamsopvoeding: Assesseringsrubrieke en kontrolelyste ........ 161
  - Lewensvaardigheid, Kwartaal 2, Puntestaat ........ 162

# QR-kodes

## Skakels na die WKOD se Huistaal-hulpbronne

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal – Interaktiewe plakkaat | | https://bit.ly/3Pr71qh | |
| **KLANKE** | | | |
| Muurkaarte | | Hulpbronne: Rolboek | |
| Aktiwiteitsboek | | Hulpbronne: Kontrolelys vir informele Assessering | |
| Hulpbronne: Prente | | Hulpbronne: Interaktiewe witbord speletjies | |
| **GROEPBEGELEIDE LEES** | | | |
| Hulpbronne vir Lees | | Dekodeerbare leeskaarte | |
| Hulpbronne: Woordkaarte van prente | | Kontrolelys vir Informele Assessering | |
| Hulpbronne: Klanke en woorde | | Vasleggingspeletjies | |
| **ASSESSERING** | | | |
| Afrikaans Huistaal Rubrieke | | Formele Assessering: Optekening: Excel | |
| Formele Assessering: Optekening: PDF | | | |

# Ikone en afkortings

| Huistaal | |
|---|---|
|  | Luister en Praat |
|  | Leeswerk |
|  | Klanke |
|  | Skryf en Handskrif |
|  | Groepbegeleide Lees |
|  | Onafhanklike Werk |

| Lewensvaardighede | |
|---|---|
|  | Aanvangskennis en PSW |
|  | Uitvoerende Kunste |
|  | Liggaamsopvoeding |

**Ikone in die LAB**

| | | |
|---|---|---|
|  Skryf |  Kleur in of teken |  Knip uit |

Onderwysersgids – OG
Leerderaktiwiteitsboek – LAB
Groepbegeleide Lees – GBL
Persoonlike en Sosiale Welsyn – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in pare – LP
Onafhanklike Werk – OW
Departement van Basiese Onderwys – DBO

## Graad 1 (Minimum HT-rooster plus volledige LV-kurrikulum)

*Word nie in hierdie lesplanne behandel nie

| | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **4 x 85 min<br>1 x 55 min** | **WISKUNDE** | | | | |
| **BEGRIP** | | | | | |
| **15 mins** | Oggend-byeenkoms | Oggend-byeenkoms<br>My nuus | Oggend-byeenkoms | Oggend-byeenkoms<br>My nuus | Oggend-byeenkoms |
| **15 mins** | Luister en Praat (Hardoplees-storie) | Luister en Praat | | Luister en Praat | |
| **AANVANGSKENNIS EN PSW** | | | | | |
| **15 min** | Aanvangskennis en PSW (30 min) | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis en PSW | | Aanvangskennis en PSW |
| **LEES EN SKRYF** | | | | | |
| **OORGANG: maak potlode skerp, deel boeke uit, handoefeninge** | | | | | |
| **15 min** | Klanke | Klanke | Klanke | Klanke | Klanke |
| **15 min** | Handskrif | Handskrif | Handskrif | Handskrif | |
| **OORGANG: liedjie** | | | | | |
| **15 min** | | Gedeelde Lees 1 | Gedeelde Lees 2 | Gedeelde Lees 3 | |
| **15 miin** | | | Gedeelde Skryf | Onafhanklike Skryf | Onafhanklike Skryf |
| **OORGANG: strek en wikkel die lywe/groepe beweeg mat toe vir GBL** | | | | | |
| **30 min** | Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk | Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk | Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk | Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk | Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk |
| **LEWENSVAARDIGHEID** | | | | | |
| **25 min** | Liggaams-opvoeding | Liggaams-opvoeding | Liggaams-opvoeding | Liggaams-opvoeding | Liggaams-opvoeding |
| **30 min** | Visuele Kunste | Visuele Kunste | Visuele Kunste | Visuele Kunste | EAT* |
| **30 min** | EAT* | EAT* | EAT* | EAT* | EAT* |
| **15 min** | 2de AT* | 2de AT* | 2de AT* | 2de AT* | |

## Inhoud, Kwartaal 2

| Week | Tema | Hardoplees-storie | Gedeelde Lees-storie | Lewens-vaardigheid – inligtingsteks | AK en PSW |
|---|---|---|---|---|---|
| **1** | My familie: Wat is 'n familie? | *Die verjaars-dagverrassing* | *Ouma se verjaarsdag* | Verskillende families (foto's) | 1. My familie (teken en benoem)<br>2. Familie-aktiwiteite |
| **2** | My familie: Ek gee om vir my familie | *Kagiso, Leeu en Jakkals* | *Die spesiale kaartjie* | Hoe om 'n geleentheids-kaartjie te maak (instruksies) | 1. Volg instruksies<br>2. Ek gee om vir my familie/ons gee om vir mekaar (bespreek) |
| **3** | Veiligheid by die huis: Gevare by die huis | *Dorpsmuis en Plaasmuis* | *Dorpsmuis en Plaasmuis* | Gevare by die huis (plakkaat) | 1. Identifiseer die gevare in die kombuis<br>2. Gif en die gevaarteken |
| **4** | Veiligheid by die huis: Veiligheid by die huis | *Ydele mnr. Haantjie* | *Ydele mnr. Haantjie* | Brande by die huis (verskillende soorte; oorsake; wat om te doen) | 1. Noodkontaknommers<br>2. Noodsituasies (wat om te doen; probleem-oplossing) |
| **5** | My liggaam: My wonder-like liggaam | *Refilwe se broer* | *Verskillende liggame* (ongewone diere) | My wonderlike liggaam (belangrikste dele) | 1. Dele van die gesig<br>2. Dele van die liggaam<br>3. Metings-aktiwiteite |
| **6** | My liggaam: Binne-in my liggaam | *Kou harde bene* | *Paul breek sy arm* | Binne-in my liggaam (diagram) | 1. Menslike en dieregeraamtes<br>2. Binne-in of buite my liggaam? (klassifiseer) |
| **7** | My liggaam: My sintuie | *Gemmer-broodman* | *Gemmer-broodman* | My vyf sintuie | 1. Pas 'n sintuig by 'n liggaamsdeel<br>2. Identifiseer smake op die tong |
| **8** | Ek hou my liggaam veilig: Bly vry van kieme | *Florence Nightingale* Luisterbegrip-assessering | *Busi en Ouma* Begrip-assessering | Word 'n Kiemknouer (inligtings-plakkaat) | Assessering 1: Gevare by die huis<br>Assessering 2: Benoem liggaamsdele |
| **9** | Ek hou my liggaam veilig: Bly veilig tussen ander mense | *Kiki* | *Kiki* | Reëls teen boeliery | 1. Boeliery (probleem-oplossing)<br>2. PANOS-reëls |
| **10** | Vaslegging en hersiening | | | | |

| Vind uit-vraag | Onafhanklike Skryf | GBL en Onafhanklike Werk | Klanke | Kreatiewe Kunste | Liggaams-opvoeding |
|---|---|---|---|---|---|
| Wat word ’n olifant-familie genoem? | Wat ek op my verjaarsdag wil doen (voltooi die sin) | 2 groepe per dag saam met die onderwyser<br>8 OW-bladsye | Hersiening<br>Diktee | Visueel: Papierpop-familie<br>Uitvoerend: Vingerrympie; groepsliedjie | Aktiwiteit-stasies |
| Wat word die langste rivier in die wêreld genoem? | Dankiesê-boodskap | 2 groepe per dag saam met die onderwyser<br>8 OW-bladsye | d en u | Visueel: Maak ’n kaartjie; teken ’n familie-aktiwiteit<br>Uitvoerend: Klapspeletjie; rolspel (improviseer) | Aktiwiteit-stasies |
| Wie is die “vrou met die lamp”? | Teken ’n prent en skryf ’n sin oor die storie | 2 groepe per dag saam met die onderwyser<br>8 OW-bladsye | w en b<br>Diktee | Visueel: Ontwerp en maak ’n plakkaat oor gevare<br>Uitvoerend: Verduidelik ’n gevaarreël aan die Graad 1’s met behulp van die plakkaat | Aktiwiteit-stasies |
| Waar is die piramides geleë? | Eie einde vir die Gedeelde Lees-storie | 2 groepe per dag saam met die onderwyser<br>8 OW-bladsye | m en p | Visueel: Ontwerp en maak ’n bokshuis; kaartjie vir noodgevalle tuis<br>Uitvoerend: Bied jul nooduitgangsplan aan | Aktiwiteit-stasies |
| Wat is die naam van SA se beroemdste ultra-marathon? | *Ek is spesiaal* (vul ’n vorm in & gee ’n beskrywing) | 2 groepe per dag saam met die onderwyser<br>8 OW-bladsye | y en f<br>Diktee | Visueel: Boom met helpende hande; spotprent-figuur<br>Uitvoerend: Beweging-sinne | Aktiwiteit-stasies |
| Waar is die kleinste beentjie in jul liggaam? | Sin: My nuus | 2 groepe per dag saam met die onderwyser<br>8 OW-bladsye | h en g | Visueel: Ontwerp en maak ’n pop van afvalmateriaal<br>Uitvoerend: Stel die pop voor en rolspeel ’n onderhoud | Assessering 1 |
| Waarom gebruik vlermuise eggo’s om te weet wat voor hulle is? | Maak lyste: Dele van my liggaam, my sintuie, en so meer | 2 groepe per dag saam met die onderwyser<br>8 OW-bladsye | j en woordfamilie: a<br>Diktee | Visueel: Krabbel-patroon (met oë toe); maak ’n gemmerbroodman<br>Uitvoerend: speletjie met ’n raaiselsakkie; groepskore | Aktiwiteit-stasies |
| Watter inentings het jy al ontvang? | Skryf-assessering: Teken nuus en skryf ’n sin daaroor | Individuele Lees (Assessering) (3 min elk) | Woordfamilies: e en i<br>Hersiening<br>Klanke-assessering<br>Handskrif-assessering; Diktee-assessering | Visueel: Assessering: Teken jul nuus<br>L&P-assessering: Praat oor jul tekening<br>Uitvoerende Kunste: Groepsbe-spreking – groepsliedjie | Aktiwiteit-stasies |
| Wie is die president van die VSA/RSA? | *My vriendelike ruimtewese* (verbeeldings-beskrywing) | 2 groepe per dag saam met die onderwyser<br>8 OW-bladsye | Hersiening | Visueel: Maak ’n vriendskapsblom; teken ’n vriendelike ruimtewese<br>Uitvoerend: Rolspeelboeliery; probleemoplossing | Aktiwiteit-stasies |

## Assesseringsplan, Kwartaal 2

- Kontrolelyste, waarin uiteengesit word hoe die kurrikulum gedek word, kom agter in hierdie Onderwysersgids voor.
- Die take vir formele assessering kom verspreid voor in Week 6, 7 en 8.
- Assesseringsprosedures, nasienkriteria en voorbeelde van puntestate vir formele assessering, kom agter in hierdie Onderwysersgids voor.
- Sowel formele as informele assessering (waarneming van die leerders se prestasie oor die hele kwartaal) word by die finale punt in berekening gebring.

| Formele Assesseringstake, Kwartaal 2 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Week 6** | Dinsdag-Vrydag | Liggaamsopvoeding 1: Hindernisbaan (10 punte) | PRAKTIES | OG bl. 93, 95, 97, 99 & 101 |
| | Vrydag | AK/PSW 1: Gevare in die huis (10 punte) | LAB bl. 122 | OG bl. 100 |
| | Vrydag | Handskrif 1: Kopieer sinne (5 punte) | LAB bl. 123 | OG bl. 100 |
| **Week 7** | Maandag-Vrydag | Lees 1: Individuele Hardoplees (10 punte) | LAB bl. 136 | OG bl. 107, 109, 111, 113 & 115 |
| | Donderdag | Uitvoerende Kunste 1: Groepsliedjie (10 punte) | PRAKTIES | OG bl. 113 |
| | Vrydag | Klanke 1: Geluide (5 punte)<br>Klanke 2: Diktee (10 punte) | LAB bl. 145 | OG bl. 114 |
| **Week 8** | Maandag | Luister en Praat 1: Luisterbegrip (10 punte) | LAB bl. 159 | OG bl. 120 |
| | Maandag en Dinsdag | Visuele Kunste 1: Teken jou familie (10 punte) | LAB bl. 162 | OG bl. 121 |
| | Dinsdag | AK/PSW 2: Dele van die liggaam (10 punte) | LAB bl. 163 | OG bl. 122 |
| | Dinsdag en Woensdag | Luister en Praat 2: Praat oor jou tekening (10 punte) | MONDELING | OG bl. 123 & 125 |
| | Donderdag | Lees 2: Leesbegrip (10 punte) | LAB bl. 167 | OG bl. 126 |
| | Donderdag | Skryf 1: My nuus (10 punte) | LAB bl. 168 | OG bl. 127 |

Neem elke week die leerderboeke in om na te sien. 'n Spasie word voorsien vir jou handtekening op een Lewensvaardighede- en een Geletterdheid-bladsy per week, maar jy kan ander bladsye teken as jy wil. Skryf persoonlike terugvoering op leerder se skryfaktiwiteite op die lyn voorsien.



# Geïntegreerde leer – die Funda Wande-benadering

Die Funde Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid. Dit word gedoen deur algemene temas en geïntegreerde lesplanne te gebruik en sleutelwoordeskat te herhaal.

**Hoekom?**

- Verbeter en gee diepte aan albei vakke.
- Verseker dat alle taalvaardighede in die betekenisvolle konteks van 'n relevante onderwerp aangeleer word.
- Inhoud- en konsepkennis van die Lewensvaardigheid-onderwerp word verdiep.
- Verbreed, verdiep en herhaal sleutelwoordeskat.
- Dieper begrip van konsepte en hoe hulle met mekaar verband hou, verbeter leesbegrip en algehele akademiese bevoegdheid.
- Alle leer is dieper, meer betekenisvol en meer relevant.

**Hoe?**

- Die onderwyser doen navorsing oor die onderwerpe wat in die kurrikulum uiteengesit word om te verseker dat nuwe leer nie oppervlakkig is nie.
- Die onderwyser verstaan die sleutelkonsepte en die uitkomste of doel van die onderwerp.
- Die onderwerp word in 'n Lewensvaardigheid-les bekendgestel, hetsy mondeling of deur 'n niefiksie-leesteks te gebruik.
- Hardoplees-, Gedeelde Lees- en Selfstandige lees-tekste word gekoppel aan die onderwerp, en word voorsien vir leesoefening.
- Lewensvaardigheid-lesse ontwikkel nuwe konsepte, nuwe woordeskat en vaardighede wat verband hou met die onderwerp verder.
- Geletterdheid-lesse ontwikkel mondelinge, lees-, skryf- en taalvaardighede in hierdie konteks verder.
- Lees- en skryfaktiwiteite in albeid vakke herhaal en versterk nuwe woordeskat.

**GEÏNTEGREERDE LEERSIKLUS**

1. Onderwyser verdiep eie kennis van onderwerp deur navorsing te doen. →
2. Onderwyser volg die lesplanne wat rondom die onderwerp gebou is. →
3. In Lewensvaardigheid word nuwe konsepte, vaardighede en woordeskat aangeleer. →
4. In Geletterdheid lees kinders tekste wat verband hou met die onderwerp. Alle taalwerk is op hierdie tekste gebaseer. →
5. In albei vakke word belangrike konsepte en woordeskat herhaal en versterk. →
6. Vaardighede in albei vakke word verbeter.

# Onderrig Huistaal



## LUISTER EN PRAAT

### Hoekom?

- Om luister- en praatvaardighede te ontwikkel.
- Om woordeskat en agtergrondkennis te ontwikkel.
- Gesproke taal is die beginpunt van geletterdheid

### Hoe?

Oggendbyeenkoms (**Maan-Vry**) →
Hardopleesstorie (**Maandag**) →
Bespreking (**Dinsdag**) →
Gedigte/liedjies (**Donderdag**) →
e-klaskamer (**Vrydag**)

## Oggendbyeenkoms

Gebruik hierdie tyd om die daaglikse aktwiteite bekend te stel, leerders te inspireer, te motiveer en aan te moedig, en om woordeskat te ontwikkel.

- **Register:** Gebruik jul eie registerplakkaat. Versterk klankkennis sowel as getalbegrip.
- **Kalender:** Gebruik jul eie kalender. Bespreek die jaar, maand en dag.
- **Weer:** Teken waarnemings op die weerkaart in die klaskamer op.
- **Nuus:** Gebruik die *dink-pare-deel-metode* en die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB.

### Dink-pare-deel-metode

- Leerders sit op die mat. Leer hulle om na 'n maat te draai sodat hul knieë aan mekaar raak – hulle mag nie met hul hande aan mekaar raak nie.
- Onderwyser stel probleem of taak bekend.
- **Dink:** Dink *in stilte*. (1 min.)
- **Pare:** Deel jou gedagtes met 'n maat. Luister aandagtig en met respek. (5 min.)
- **Deel:** Kies 'n paar leerders om hul gedagtes met die klas te deel. (5 min.)
- **Reageer:** Onderwyser demonstreer aan hoe om bevestigend te reageer en ook hoe om hoflik vir 'n verduideliking te vra. Leerders leer en oefen hierdie vaardighede.



## KLANKE

### Hoekom?

- Om kennis van letter-klank-verhoudings in die konteks van woorde te ontwikkel (noodsaaklik vir alle lees en skryf).
- Om te verstaan hoe om kort woorde te meng en te segmenteer (deurslaggewend vir graad 1).
- Gebruik hierdie kennis van vermenging en segmentering om woorde te lees en te skryf.
- Ontwikkel mondelinge leesvlotheid deur outomaties hoëfrekwensiewoorde en woorddele te herken.

### Klankekurrikulum Graad 1

| | Week 1 | Week 2 | Week 3 | Week 4 | Week 5 | Week 6 | Week 7 | Week 8 | Week 9 | Week 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1** | Oriën-tering | s | i | t | e | n, o | l, k | a | r, v | Her-siening |
| **Kwartaal 2** | Her-siening | d, u | w, b | m, p | y, f | h, g | j; Woord-familie -a- | Woord-familie -e- | Woord familie -i- | Woord familie -o- |
| **Kwartaal 3** | Her-siening | aa | oo | ee | uu | Her-siening | ie | Her-siening | oe | Her-siening |
| **Kwartaal 14** | Her-siening | ui | Her-siening | ei | Her-siening | ou | Her-siening | uu Formele Asses-sering | Vas-legging | Vas-legging |

### Hoe?

#### Vestig fonemiese bewustheid

- Laat leerders deur die dag klanke in gesproke woorde identifiseer.
- Laat hulle klanke in die woorde manipuleer deur klanke mondelings te vervang.
- Doen dit met individue en groepe.

#### Stel nuwe klanke bekend

- Doen dit stelselmatig en eksplisiet deur die LAB-bladsy te gebruik.
- Leerders luister na die klank in die sleutelwoord.
- Hulle sê die klank en let op hoe hul monde beweeg.
- Identifiseer woorde met die klank deur die prente te gebruik. Leerders gee nog woorde.
- Demonstreer hoe om die letter te vorm.
- Leerders oefen eers sonder potlode en trek dan die letters na.
- Lees die sin saam. Leerders omkring die teikenletter.
- Soek geleenthede om die letterklank deur die dag te versterk.
- Leer kort liedjies vir die letterklanke aan. Luister vooraf na die liedjie en leer dit dan vir die leerders.

### Vinnige klankherkenning

- Wys teen 'n vinnige pas klanke wat op die Woordmuur of bord is of wys die flitskaarte van die letters. Vra groepe en individue om te reageer.
- Sê die klank. Leerders hou die ooreenstemmende letterkaart op.
- Sê 'n klank. Leerders skryf dit op die bord/papier.
- Doen dit gereeld. Mik vir akkuraatheid en vinnige klankherkenning.
- **Riglyn: identifiseer 40 letters binne een minuut teen die einde van Graad 1.**

### Bou woorde saam

- Knip die letterkaarte vir die week uit.
- Roep vir elke woord 'n leerder bord toe.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? So, wat is die eerste letter? Ens.
- Laat die leerder die letterkaart vind en dit dan in die regte posisie sit.
- Ander leerders probeer om die woord met hul eie kaarte te kopieer.

### Bou woorde individueel

- Identifiseer saam die woorde vir die prente.
- Leerders gebruik hul letterkaarte om die woorde self te bou.
- Loop rond en ondersteun.

### Hoëfrekwensiewoorde (metodologie verskil van onderrig van klanke)

- Skryf die woord op 'n flitskaart. Wys en sê die woord.
- Verduidelik betekenis of gebruik die woord in 'n mondelinge sin.
- Tel die letters. Skryf die woord (boek of vel papier). Bou die woord (alfabetkaarte).
- Plaas die woord op die Woordmuur. Leerders lees elke dag hardop die woorde op die Woordmuur.
- Flits die woorde daagliks, in enige volgorde, meer en vinniger, en voeg die nuwe woord by.
- Sorteer die woorde op die Woordmuur: woorde met vier letters, woorde wat met 'n spesifieke klank begin, ensovoorts.
- Speel speletjies: spanherkenningspeletjies, woordbingo, trapklippe (woorde op die vloer).
- Identifiseer/lig die woorde uit wanneer tekste gelees word.
- Probeer om kinders ten minste 30 keer in verskillende kontekste aan die woord bloot te stel.

### Bordspeletjies

- Leerders werk in pare of drieë.
- Gee vir elke leerder 'n teller.
- Maak beurte om dobbelstene te gooi. As dit nie beskikbaar is nie, maak oë toe en plaas vinger op die bladsy – die nommer naaste aan die vinger dui aan hulle hoeveel spasies om te skuif.
- Beweeg dan die teller die relevante aantal spasies.
- Lees die letter/woord.
- Ander spelers kontroleer.

### Diktee

- Sê elke woord duidelik en stadig.
- Gee leerders genoeg tyd om elke woord in hul beste handskrif te skryf.
- Sien na en korrigeer.





## HANDSKRIF

### Hoekom?

- Om perseptuele motoriese vaardighede, hand-oog-koördinasie en konsentrasie te ontwikkel.
- Om konsekwente lettervorming, posisionering, spasiëring, druk en skuinste van hale te ontwikkel.
- Om die vermoë te ontwikkel om vinnig, doeltreffend en leesbaar te skryf.
- **Let wel:** Handskriflesse leer lettervorming – dit is tegnies. Skryflesse leer hoe om idees saam te stel en op papier te skryf – dit is kreatief.

### Hoe?

- In Funda Wande word die onderrig van lettervorming aan klankleer gekoppel. Die skryf van die letter versterk klanke en omgekeerd.
- Handskriftake word in oefenboeke gedoen. Gebruik bladsye volgens jou distrik se instruksies.
- Stappe in handskrifles:
  - deel oefenboeke en skerp potlode uit
  - verseker goeie postuur, plasing van papier en potloodgreep
  - skryf teikenletter groot op die bord terwyl jy die handbewegings artikuleer
  - leerders skryf die letter met hul vingers op hul lessenare terwyl hulle die handbewegings artikuleer
  - skryf die letter weer op die bord, met posisionering op en tussen lyne
  - leerders skryf een letter (kontroleer)
  - leerders voltooi ’n ry letters
  - skryf die letter weer op die bord en artikuleer die handbewegings
  - leerders skryf nog ’n ry letters en gebruik hul vinger vir spasiëring
  - leerders gebruik ’n ster om hul beste letter te identifiseer
  - jy kan vir hulle ’n patroon gee om te kopieer.
  - deur die letters in woordete gebruik, moet van vroeg af geoefen word.
- Loop gedurende die hele les in die klas om leerders se werk na te gaan, te prys en hulle te ondersteun. Kyk na:
  - korrekte potloodgreep
  - postuur by die lessenaar.
  - korrekte lettervorming (begin op die regte plek, eindig op die regte plek)
  - posisionering op en tussen die lyne, indien gebruik
  - spasiëring tussen letters in die rye en in die woorde
  - hoe hard die potlood op bladsy gedruk word
  - skuinste van hale (konsekwent)







## LEES

### Hardopleesstorie (Maandag)

**Hoekom?**

- Stel gewoonlik die Gedeelde Lees-storie bekend.
- Verbind die storie met die leerders se konteks.
- Luisterbegrip.
- Bou konsentrasie.
- Stel ryk woordeskat en taal bekend.

**Hoe?**

#### Voor lees

- Lees eers self die storie en vrae.
- Vra 'n paar vrae om die storie met die leerders se ervaring te verbind.
- Verskaf 'n doel vir luister ("Terwyl jy luister, besluit ...").

#### Lees die storie

- Demonstreer hoe goeie, vlot hardoplees klink.
- Lees met uitdrukking of dramatiseer die storie om hul aandag te behou. Betrek leerders terwyl jy lees.
- Verduidelik die woordeskat kortliks in konteks.




#### Na lees

- Laat spontane reaksie toe.
- Vra vrae om die tema te verken.

### Gedeelde Lees (Dinsdag–Donderdag)

**Hoekom?**

- Is 'n suksesvolle leeservaring wat nie mag misluk nie.
- Verskaf leer vir alle leesvlakke gelyktydig.
- Versterk konsepte van drukwerk (beweeg van links na regs, bo na onder van bladsy).
- Verseker begrip, leerders moet betekenis verstaan eerder as om woorde bloot net uit te klank.
- Vinnige groei in woordeskat terwyl nuwe woorde gesien en gehoor word.
- Bou sigwoordherkenning deur herhaalde leeswerk.
- Motiverend aangesien leerders 'n sinvolle teks lees en nie geïsoleerde woorde nie.
- Vinnige groei in vlotheid aangesien jy eers gedemonstreer hoe om vlot te lees en dit dan geoefen word.

## Hoe?

- Bring klas na die mat en gebruik die **Grootboek**.
- Wys die woorde met vloeiendheid terwyl jy lees.
- Gedeelde Lees werk op 'n geleidelike vrystellingsmodel van herhaalde leeswerk.
- Die algehele fokus is nie memorisering nie, maar begrip en vlotheid.

### Lees 1: Fokus op begrip

- Oriënteer leerders kortliks ten opsigte van die teks. Lees die titel. Bespreek die eerste illustrasie.
- Lees die storie vir die klas. Gebruik 'n natuurlike spoed.
- Leerders volg deur hul vingers onder die teks te hou terwyl jy lees.
- Bespreek die prente kortliks terwyl jy aangaan, en verbind dit met die storie en nuwe woordeskat.
- Vra vrae tydens en na lees om deurlopende betrokkenheid en begrip te verseker.
- Nadat jy gelees het, stel 3-5 sigwoorde bekend wat die sleutel tot die storie is.
- Lees uiteindelik die hele teks sonder om te stop. Nooi leerders om hardop saam met jou te lees.

### Lees 2: Fokus op dekodering

- Herlees die teks met 'n natuurlike spoed. Leerders lees saam met jou waar hulle kan.
- Wys na 'n paar woorde buite konteks om die dekoderingsvermoë na te gaan.
- Nadat jy gelees het, fokus op die toepassing van dekoderingsvaardighede wat reeds aangeleer is of wat versterking nodig het.
- Voorbeelde: Identifiseer woorde met die teikenklank; identifiseer 'n hoëfrekwensiewoord; klank uit/meng letters van 'n geselekteerde woord; segmenteer 'n woord; identifiseer sigwoorde van die vorige dag.
- Laastens, lees weer die teks saam met leerders sonder om te stop.

### Lees 3: Fokus op vlotheid en reaksie

- Herlees die teks met 'n natuurlike spoed saam met leerders wat by jou aansluit. Lees saggies as leerders teks korrek lees.
- Demonstreer en moedig hulle aan om vlot te lees, teen 'n goeie pas, met uitdrukking, let op leestekens.
- Wys enige aspekte uit wat vlotheid sal verbeter, byvoorbeeld om 'n frase in dele op te breek, te wag by 'n punt, om die woorde in aanhalingtekens anders te lees.
- Laat 'n spontane of persoonlike reaksie op die storie toe, byvoorbeeld, wat laat hierdie storie jou onthou of oor wonder? Waarvan het jy gehou? Wat sou jy gedoen het?
- Laastens, laat leerders toe om sonder om te stop deur die storie te lees.



## GROEPBEGELEIDE LEES

### Hoekom?

- Voorsien gedifferensieerde onderrig aan klein groepies leerders met soortgelyke vermoëns en behoeftes.
- Gebruik tekste op toepaslike leesvlak is sodat leerders leessukses ervaar.
- Geleentheid om vordering te kontroleer en nuwe leesvaardighede aan te leer.

### Hoe?

**Groepe vir Groepbegeleide Lees**

- Verdeel die klas in vyf groepe met soortgelyke vermoëns.
- Sommige sal op die Ontluikende Leesvlak wees, maar sommige behoort Vroeë lesers te wees.
- Vra elke groep om twee keer per week vir 15 minute op ’n slag saam met jou te werk. (As dit te moeilik is om te organiseer, spandeer een keer per week 30 minute met elke groep.)
- Die res van die klas voltooi twee Onafhanklike Werk-aktiwiteite per dag (15 minute elk), tensy hulle GGR by die onderwyser het.
- Gebruik ’n toepaslike teks vir die leesvlak van die groep.
- Dit beteken om ’n teks te kies uit
  - die bloemlesing of enige ander vlakgebaseerde leesboeke
  - die week se Gedeelde Lees-teks.
- Dit is jou spesiale tyd saam met elke groep.
- Gaan vordering na. Gebruik onderriggeleenthede wat deur die dag voorkom om hul leesvaardighede te ontwikkel.
- Kyk waar ekstra hulp nodig is en stel ’n tyd hiervoor vas.
- Sien bladsy 13 vir aktiwiteite vir verskillende leesvlakke, of gebruik die QR-kode hieronder vir meer besonderhede oor aktiwiteite vir die Vroeëleesvlak.






# Klim die Leesleer

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroeë vlotleser | 5<br>**Leesster**<br> | **Ek kan langer tekste lees**<br>• Lees 4 of meer sinne<br>• Lees hardop of stil<br>• Herken hoë frekwensie-woorde<br>• Klank onbekende woorde<br>• Lees vlot, let op na leestekens<br>• Beantwoord hoër orde-vrae | **Ek benodig**<br>• Meer dinge om te lees.<br>• Oefen lees in GBL en op my eie. |
| | 4<br>**Leesvuurpyl**<br> | **Ek kan verstaan wat ek lees**<br>• Voorspel betekenis vanuit die titel/illustrasies<br>• Let op na leestekens<br>• Lees met uitdrukking<br>• Beantwoord vrae | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Oefen lees in GBL en op my eie. |
| Vroeë leser | 3<br>**Leesson**<br> | **Ek kan hardop lees**<br>• Klank woorde<br>• Herken hoë frekwensie-woorde<br>• Lees 1–3 kort sinne hardop<br>• Lees hulle teen 'n goeie pas | **Ek benodig**<br>• Help my om dit te klank.<br>• Gee vir my HF-woorde om te leer.<br>• Oefen lees in GBL. |
| | 2<br>**Leesarend**<br> | **Ek kan letters herken**<br>• Tel letters in 'n woord<br>• Sê watter letters is dieselfde<br>• Benoem klanke<br>• Vind hoofletters | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Kyk saam met my na die alfabet.<br>• Oefen lees in GBL. |
| Ontuikende leser | 1<br>**Leesvoëltjie**<br> | **Ek kan klanke in woorde hoor**<br>• Klap lettergrepe<br>• Tel lettergrepe<br>• Sê beginklanke<br>• Sê eindklanke<br>• Tel die klanke in 'n woord<br>• Herken die klank wat nie pas nie | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Gee vir my 'n paar voorbeelde.<br>• Oefen lees in GBL. |



SKRYF

## Gedeelde Skryf

### Hoekom?

- Demontreer hoe om te werk te gaan om ’n teks te skryf (die onderwyser is die skrywer terwyl leerders idees verskaf).
- Demonstreer die verband tussen woorde en gedagtes en skryf.
- Gee leerders goeie voorbeelde van taalpatrone, tekskenmerke en spelling wat hulle in hul eie skryfwerk kan gebruik.

### Hoe?

- Kopieer die Gedeelde Skryf-raam op die bord.
- Indien gepas, herinner die kinders aan die Gedeelde Lees-teks waarop die aktiwiteit gebaseer is.
- Lees saam met die leerders deur die aktiwiteit.
- Hou ’n dinkskrum oor idees.
- Skryf die gekose idee in die raam met hulp van leerders. (Watter woord skryf ek eerste? Skryf ek ’n hoofletter hier? Hoe spel jy ..., ens.)
- Leerders sien die proses van hoe om ’n teks te skep.
- Die klas lees saam die nuwe teks.
- Los die Gedeelde Skryf op die bord as verwysing vir die Onafhanklike Skryf-les die volgende dag, alhoewel jy hulle kan aanmoedig om hul eie gedagtes neer te skryf.

## Onafhanklike Skryf

### Hoekom?

- Help leerders om hul gedagtes uit te druk deur te teken en te skryf.
- Stel hulle in staat om ’n eenvoudige teks (gewoonlik ’n byskrif of ’n sin) te skryf deur woordeskat te gebruik wat reeds bekend is.
- Stel verskillende tekstipes (genres) bekend.
- Fokus op die vorming van sinne.



### Hoe?

- Die stimulus vir die teks is gewoonlik die Gedeelde Lees-teks.
- ’n Voorbeeld word in die Gedeelde Skryf-les verskaf.
- Lees die bladsy in die LAB noukeurig saam met die leerders deur en verduidelik wat hulle moet doen.
- Leerders teken ’n prentjie en voltooi die sin(ne).
- Moedig hulle aan om hul eie idees uit te druk en laat hulle probeer om reg te spel.

# Onderrig Lewensvaardighede

## AANVANGSKENNIS EN PSW

### Aanvangskennis

#### Hoekom?

- Ontwikkel kreatiwiteit, kritiese denke, kommunikasie en samewerking.
- Ontwikkel konsepte en vaardighede.
- Dra by tot leesbegrip deur algemene kennis en woordeskat uit te brei.

#### Hoe?

- Leer leerders om:
  - **Neem waar:** Let goed op kleur, vorm, grootte, tekstuur, ooreenkomste, verskille.
  - **Vergelyk**: Hoe is dinge dieselfde of verskillend? Oorweeg kleur, vorm, grootte, tekstuur, ouderdom, gebruik daarvan.
  - **Klassifiseer**: Rangskik goed in kategorieë op grond van gedeelde eienskappe.
  - **Meet**: Grootte, kapasiteit, groei, hoogte, gewig, lengte, temperatuur.
  - **Eksperimenteer**: Doen eksperimente om ons voorspellings te toets. Waarneming en aantekening van wat gebeur, is van kritieke belang.
  - **Kommunikeer**: Teken aan, beskryf en verduidelik deur te praat, teken, skryf, grafieke, diagramme, dramatisering.
- Wanneer leerders iets maak, help hulle om op beide die proses en die produk te fokus.
  - **Die probleem/behoefte/begeerte**: Wat het ons nodig? Hoe kan ons die probleem oplos?
  - **Navorsing (vind ui**t): Watter materiale kan gebruik word? Wat kan gemaak word?
  - **Ontwerp**: Beplan en teken wat jy gaan maak.
  - **Maak**: Gom, sny, plak, rol, ens.
  - **Evalueer**: Is die produk geskik vir die doel? Watter veranderinge sal dit beter maak?

### Persoonlike en sosiale verantwoordelikheid en welstand

#### Hoekom?

- Leer om na hulself te kyk en sorg vir hul sosiale en emosionele gesondheid.
- Verstaan hoe om positief met ander om te gaan.
- Verstaan hoe om bydraes tot klas, gesin, gemeenskap en samelewing te maak
- Pas die waardes toe wat in die grondwet vasgelê is toe, insluitend verdraagsaamheid en inklusiwiteit.

## Hoe?

- Integreer onderrig in aanvangskennis-onderwerpe waar van toepassing.
- Gebruik onderriggeleenthede wat spontaan in die klaskamer of gemeenskap geskep word.
- Bou voort op leerders se bekommernisse en gesprekke wat informeel of tydens oggendbyeenkomste bekend word.
- Gebruik ontspannings- en bewustheidsaktiwiteite in die klas wanneer spanning hoog is.
- Moedig deelname en entoesiasme vir Liggaamsopvoeding en Uitvoerende Kunste-aktiwiteite aan.
- Verduidelik spanwerk, en gebruik groepwerk en spanaktiwiteite so dikwels moontlik.
- Demonstreer en moedig vriendelikheid aan, luister na ander, respekteer mekaar in alle lesse.
- Binne hierdie konteks, leer leerders om:
  - hulself en hul liggame veilig en gesond te hou.
  - mishandeling te herken en te identifiseer waar hulle hulp kan kry.
  - positief verband te hou met portuur, vriendelik te wees en as 'n span te werk.
  - lprobleme op te los deur te praat en te luister en nie deur geweld nie.
  - die kwesbares, die gestremdes en baie jong kinders te beskerm teen, byvoorbeeld, afknouery, spottery, en dit aan te meld.
  - troeteldiere en ander diere te versorg en te beskerm.
  - die omgewing te beskerm en te leer hoe om rommel te hanteer.



## KREATIEWE KUNSTE

### Visuele Kunste

#### Hoekom?

- Verken verskillende maniere om na die wêreld te kyk (van ver/naby, as dele/geheel, vanuit verskillende hoeke, gebruik kleur, vorms, patrone, ens.).
- Bied die geleentheid om idees visueel te verken en uit te druk.
- Voed kreatiwiteit en ontwikkel verbeelding.
- Ontwikkel waardering vir visuele kunste.

#### Hoe?

- Kry en bêre materiaal soos afvalpapier, kryte, verf.
- Kry en bêre afvalmateriaal wat gedurende die jaar vir 3-D-kuns gebruik sal word.
- Laat leerders in groepe werk om kreatiwiteit/samewerking te bevorder.
- Roteer groepe as materiaal min is en die klas moet deel.
- Voordat hulle met 'n projek begin, verduidelik die stappe duidelik en toon 'n voltooide voorbeeld.



- Sit materiaal uiteen en laat een groeplid na vore kom en materiaal vir die groep insamel. Of plaas materiaal op elke groeptafel terwyl leerders pouse hou.
- Maak tyd vir opruiming voor die einde van die les. Gaan elke groep se tafel na.
- Moedig kreatiwiteit aan tydens die les, en maak seker hulle boots bloot na nie.
- Fokus op eksperimentering en genot van die proses eerder as 'n perfekte produk.
- Bou 'n kultuur van "daar is geen foute nie, net geleenthede".
- Moedig leerders aan om te verander en te ontwikkel eerder as om uit te vee of weer voor te begin. Wys die voltooide werk in die klaskamer. Laat leerders toe om oor hul kunswerk te praat.
- Demonstreer en moedig positiewe kommentaar aan om leerders te help om positief en entoesiasties te bly.

## Uitvoerende Kunste

### Hoekom?

- Bou selfvertroue.
- Verbeter verhoudings deur saam te werk.
- Voed kreatiwiteit en ontwikkel verbeelding.
- Ontwikkel vaardighede in dans, drama, kommunikasie, beweging en musiek
- Skep 'n waardering vir die uitvoerende kunste

### Hoe?

- Kry 'n klaskamerversameling van rekwisiete soos serpe, hoede en 'n speelmikrofoon.
- Maak seker daar is beweegruimte (skuif tafels, gaan buitentoe, gebruik die saal).
- Werk as 'n klas of in groot of klein groepe om samewerking aan te moedig.
- Verduidelik aktiwiteit voordat leerders in groepe beweeg of begin.
- Gee leerders 'n teken om te stop en die aktiwiteit te begin, byvoorbeeld 'n liedjie of musiekinstrument.
- Fokus in die les op die proses en genot eerder as die eindresultaat.
- Leer aanbiedingsvaardighede aan aangesien dit nie natuurlik aangeleer word nie.
- Oefen alle aspekte van die uitvoerende kunste oor die kwartaal: sang, dans, beweging, dramatisering, storievertelling en rolspel.
- Inkorporeer LEERDER se eie ervarings, emosies, sintuie en waarnemings.
- Gebruik kreatiewe speletjies om nuwe vaardighede aan te leer en te oefen.
- Gebruik improvisasie om kreatiwiteit en innovering aan te moedig.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Maandag

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 19 vir die week.
- Berei die apparaat vir die aktiwiteite voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die aktiwiteite vir die week.
- Leerders rolspeel die aktiwiteite.

**Klasaktiwiteit**

- Speel 'n speletjie soos aan-aan, Krappe-en-Kraaie en wegkruipertjie.

### Dinsdag-Vrydag

**Warm op**

- Hardloop op tone soos feetjies/trap soos 'n reus/gly soos 'n swaan/ensovoorts.
- Volg my instruksies: loop sywaarts/draai links/draai regs/hurk/spring op/ensovoorts.
- Ritmiese klap/klik/stamp-aktiwiteite gelei deur verskillende leerders.



**Aktiwiteitstasies**

- Groepe roteer deur die aktiwiteitstasies en doen een aktiwiteit per dag, Dinsdag–Vrydag. Sien aktiwiteitsidees hierna.
- Onderwyser beweeg van groep tot groep, neem waar en gee raad.

| | | |
|---|---|---|
| **Aktiwiteit 1**<br>Groep A | → | **Aktiwiteit 2**<br>Groep B |
| ↑ | **LO Aktiwiteitstasies** | ↓ |
| Groep D<br>**Aktiwiteit 4** | ← | Groep C<br>**Aktiwiteit 3** |

**Koel af**

- Haal diep asem.
- Strek verskillende liggaamsdele terwyl hulle staan en sit.
- Trek spiere saam en ontspan dan. Begin by tone en beweeg op na kop.

## Aktiwiteite vir Liggaamsopvoeding, Kwartaal 2

Kies vier aktiwiteite per week deur op verskillende vaardighede te fokus.

### 1 Lokomotories

- Stap, hardloop en spring deur tekens te gebruik om van stap na hardloop na spring te verander
- Nielokomotories: draai – verskillende maniere van draai; draai alleen en saam met ’n maat

### 2 Perseptueel-motories

- Sirkelvorming – speletjies soos “vang die bal”.
- Gooi boontjiesakkies in die lug en vang dit.

### 3 Ritme

- Speletjies wat toue gebruik – *Ugqaphu/Kgati/Ntimo* (twee leerders swaai die tou en ’n derde spring daaroor terwyl die res van die groep rympies sing).
- Volg instruksies met ’n drom om verandering in ritme aan te dui.
- Klap hande in pare terwyl jy rympie sê.

### 4 Lateraliteit

- Draai op die plek na links en regs.
- Skop ’n bal na ’n teiken met linker-/regtervoet; gooi ’n bal deur ’n hoepel met linker-/regterhand.
- Hop op linker- en regterbene (volg die leier).

### 5 Balans



- Loop op toue – agtertoe, vorentoe en sywaarts met of sonder om voete te oorkruis.
- Loop op toue met hande op koppe, hande agter rug, hande op heupe.
- Staan op die tone, hurk op hurke, loop op die binnekant van die voete, loop stadig op die hakke.

### 6 Koördinasie

- Handsokker met groot balle.
- Voet-oog-koördinasie, groet mekaar deur aan die voete te raak.
- Gooi/vang boontjiesakkie saam met ’n maat.



### 7 Sport en speletjies

- Speel vangspeletjies soos kat-en-muis, bespreek eers die reëls.
- Stapresies – loop op tone, loop op hakke, loop op plat voete.
- Aflosspeletjies.

### 8 Ruimtelike oriëntasie

- Speel speletjies soos kat-en-muis in ’n afgebakende area.
- Liggaamlike vorms – vorm nommers 1, 2, 3 of letters A, B, C, ens. met die lyf en vorm ’n ry.
- Hindernisbaan: spring oor/beweeg onderdeur hindernisse, kruip, klim, spring, ensovoorts.

## OORSIG VAN WEEK



# Wat is ’n familie?

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

familie | mamma | pappa | ouma | verjaarsdag

### RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 min per groep Aktiwiteite vir ontluikende lees OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **DONDERDAG** | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | GBL 1 | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | GBL 2 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | 1 | GBL 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | GBL 2 | 6 | 7 | 8 |
| **Groep C** | 1 | 2 | GBL 1 | 3 | 4 | 5 | 6 | GBL 2 | 7 | 8 |
| **Groep D** | 1 | 2 | 3 | GBL 1 | 4 | 5 | 6 | 7 | GBL 2 | 8 |
| **Groep E** | 1 | 2 | 3 | 4 | GBL 1 | 5 | 6 | 7 | 8 | GBL 2 |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- A4-papier, ’n potlood en skêr
- kryte of viltpenne
- sakkies of houers vir hierdie week se briewe
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



**Groepbegeleide Lees (GBL) en Onafhanklike Werk (OW)**
- 2 GBL-groepe per dag
- 8 OW-bladsye per week



**Hardopleesstorie**
- *Die verjaarsdagverrassing*

**Groepwerk**
- Identifiseer karakters
- Som *Die verjaarsdagverrassing* op

**Sing/resiteer**
- Vingerrympie



**Gedeelde Lees**
- *Ouma se verjaarsdag*



**Liggaamsopvoeding**
Aktiwiteitstasies








**Gedeelde Skryfwerk**
Voltooi sinne

**Onafhanklike Skryfwerk**
Voltooi eie sinne



**Visuele Kunste**
Papierpoppe

**Uitvoerende Kunste**
- Voer liedjies op
- Voer vingerrympie op



**Aanvangskennis en PSW**
- *Verskillende families* (GB)
- Teken lede van my familie
- Familie-aktiwiteite
- Onderwyser se storie: Familiestorie



**Klanke**
- Hersien klanke
- Gedeelde en individuele woordbou
- Diktee

**Handskrif**
- Hersien  letterformasie
- Kopieer letter

Klanke GBL Handskrif

# Die verjaarsdag-verrassing



Amanda bly saam met haar mamma en pappa en bababoetie. Haar nefie, Quinton, bly ook gedurende die skoolkwartaal by hulle. Hy is vir haar soos 'n ouer broer.

Op 'n dag kom Mamma van haar werk by die huis aan en roep almal saam. "Dit is Vrydag Ouma se verjaarsdag," sê sy. "Sy word 50 jaar oud, wat 'n spesiale verjaarsdag is. Ek en tannie Merle is besig om 'n klein familiepartytjie vir haar te reël om haar 50-jarige verjaarsdag te vier. Tannie Merle en oom Reuben en die tweeling kom ná werk hiernatoe. Ek gaan toebroodjies en skons maak en ek het ook koeldrank gekoop."



**VRAE EN WOORDESKAT**

"Mmm. lekker," sê Amanda en Quinton gelyktydig.

Mamma gaan voort: "Tannie Merle sê sy gaan 'n vanieljekoek bak asook ballonne en skyfies koop."

"Gaan daar verjaarsdagkersies op die koek wees?" vra Amanda. "Want ek weet nie hoe ons 50 kersies op 'n koek sal kan inpas nie!"

"Ons kan miskien net vyf kersies op die koek sit," sê Quinton, wat goed met wiskunde is. "Elke kersie stel dan 10 jaar voor. 10 × 5 is vyftig."

"Daar moet pienk **versiersuiker**blomme op die koek wees," sê Amanda. "Ouma hou baie van pienk rose."

**versiersuiker:** 'n fyn suikermengsel om koeke mee te versier

"En voordat ons die koek sny, moet ons Lekker verjaar sing," sê Mamma.

"Ek het geld vir 'n klein presentjie gespaar," sê Mamma. "Het julle enige idees?"

"Wat van 'n sokkerbal?" vra Quinton.

"Moenie laf wees nie!" sê Amanda, "Ouma speel nie sokker nie. Wat van 'n mooi pers haarband?"

"Nou is jy laf," sê Quinton. "Sy sal nie 'n pers haarband dra nie."

"Ek het 'n idee," sê Pappa. "Toe ons die vorige keer by Ouma gekuier het, het sy gesê dat sy die tuit van haar **gunsteling** teepot afgebreek het en sy moes toe haar ou, geroeste teepot gebruik. Waarom koop ons nie vir haar 'n oulike teepot nie?"

**gunsteling:** waarvan jy die meeste hou

"Dis 'n blink plan," sê Mamma. "Ek sal môre by die winkel daarvoor gaan kyk."

"Amanda en Quinton," gaan Mamma aan, "voordat julle bed toe gaan, wil ek hê julle moet twee spesiale goed vir die **viering** van Ouma se verjaarsdag doen. Ek wil eerstens hêjulle moet vir haar 'n verjaarsdagkaartjie maak. Sy sal 'n handgemaakte kaartjie **waardeer**.

**viering:** 'n gelukkige gebeurtenis

**waardeer:** om iets na waarde te skat

Amanda, jy teken pragtig; jy kan dalk 'n pienk verjaarsdagkoek teken. En Quinton, jy kan Veels geluk, Ouma in jou beste handskrif skryf. Ek wil tweedens hê dat julle albei moet oefen om haar gunsteling lied te sing. Dit word Khumbaya genoem en ek dink sy sal baie daarvan hou om te hoor hoe julle dit op haar verjaarsdag sing. Julle sing so pragtig saam. Ek sal vir julle die woorde leer."

Wat moes Amanda en Quinton vir Ouma se verjaarsdag doen?

Watter klein geskenkie sal jy vir jou ouma koop?

Het jy al 'n verjaarsdagviering bygewoon? Vertel vir ons daarvan.

## MAANDAG

### OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.




### HARDOPLEESSTORIE Die verjaarsdagverrassing

OG bl. 22-23
15 min

**Vóór lees**
- Stel die storie bekend.
- Vra 'n paar vrae wat die storie by die leerders se ervaringe laat aansluit.

**Lees die storie**
- Lees die storie hardop.
- Verduidelik die woordeskat.

**Ná lees**
- Vra vrae om die tema te verken.



### AANVANGSKENNIS EN PSW Verskillende families

GB bl. 1
30 min
LAB bl. 6

**Bestaande kennis**
- Wat is 'n familie?

**Lees die bladsy uit die Grootboek**
- Kyk na die prente en lees die teks saam met die leerders.
- Is hierdie drie families dieselfde?
- Hoe is elke familie verskillend?
- Hoe is jou familie soos een van hierdie families?

**Bespreek**
- Hoe is families verskillend?
- Hoe is families dieselfde?
- Vertel vir jou maat van jou familie.


Verskillende families

My naam is Thando. Dit is my mamma, my pappa en my bababoetie.

My naam is Amanda. Dit is my mamma en twee susters.

My naam is Lerato. Dit is my ouma, my tannie en my neef en niggie.

### KLANKE Hersien klanke

LAB bl. 7
15 min

**Identifeer en sê**
- Wat is hierdie prent?
- Watter klank hoor julle aan die begin van die woord?
- Gee ander woorde wat met hierdie klank begin.
- Lees die sin. Vind die letters.


Datum

| | |
|---|---|
| Ss | son |
| Ii | ink |
| Tt | tol |
| Ee | emmer |
| Nn | nes |
| Oo | os |

Ek het 'n tol.

Maandag 7

### HANDSKRIF

15 min

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die klanke wat in Kwartaal 1 aangeleer is.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem hul postuur waar en ondersteun.





## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 15-22
30 min

- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B



**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite van bladsy 19 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Leerders rolspel die aktwiteite.

**Klasaktiwiteit**
- Speel elke Maandag 'n speletjie soos vang-vang, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.



## VISUELE KUNSTE Papierpoppe

LAB bl. 8
30 min

**Deel 1 x A4-bladsy per leerder, skêr, potlood uit**
- Demonstreer hoe om te vou en 'n papierpop-familie uit te knip.
- Loop rond en ondersteun.



# DINSDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**

- Maak beurte om nuus aan ’n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**

- Kies ’n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder ’n beurt gedurende die kwartaal.

## LUISTER EN PRAAT Karakters

OG bl. 22-23

15 min




Herinner leerders aan die storie oor die verjaarsdagpartytjie. Skryf die karakters se name op die bord.

**Bespreek**

- Wat is die karakters in ’n storie? (*die mense of diere oor wie die storie gaan)*
- Wat moes elke persoon vir die partytjie doen?

**Groep van 5**

- Som die storie saam op.
- Elke groep sê wat een familielid gedoen het.

## AANVANGSKENNIS EN PSW My eie familie

LAB bl. 8

15 min




**Stel bekend**

- Wat is ’n familie?
- Hersien familie-woordeskat.
- Voltooi die aktiwiteit.

**Dink aan die mense in jou familie**

- Leerders teken hulself met ’n potlood.
- Leerders teken hul familie onderaan.
- In pare, bespreek die leerders vir wie hulle gekies het om te teken en waarom.

## KLANKE Gedeelde woordbou

LAB bl. 9 en 203

15 min




**Berei voor**

- Leerders knip die letterkaarte vir die week (bladsy 203 in die LAB) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou die woorde saam**

- Roep ’n leerder na die bord vir elke woord.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Wat is die eerste letter? Ensovoorts.
- Laat die leerder die letterkaart vind en in die korrekte posisie plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die letters in ’n sakkie/houer om weer te gebruik**

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van vandag se klanke.
- Leerders kopieer die letters op die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (1) Ouma se verjaarsdag

**GB bl. 2-5 15 min**

**LAB bl. 2-5**




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Ouma se verjaarsdag* vir die klas.
- Vra die Dag 1-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde familie, mamma, pappa, ouma, verjaarsdag**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 15-22 30 min**



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D



**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**25 min**



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Elke groep doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## VISUELE KUNSTE Papierpoppe (vervolg)

**LAB bl. 8 30 min**




**Haal papierpoppe uit**

**Teken kenmerke en klere op die papierpoppe**

- Leerders maak 'n familie uit hul papierpoppe.
- Teken gesigte en klere op elkeen.
- Vertel vir jou maat wie almal in jou papierpop-familie is.

# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW Familie-aktiwiteite

LAB bl. 10
15 min




**Paar- en klasbesprekings**
- Leerders kyk na die prente
- Leerders bespreek die prente in pare.
- Leerders deel hul familieaktiwiteite met die klas.

## KLANKE Hersien klanke

LAB bl. 11
15 min




**Sê klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte van letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Voltooi die LAB-bladsy**
- Wat is hierdie prent?
- Watter klank hoor jy aan die begin van die woord?
- Gee ander woorde wat met hierdie klank begin.

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die klanke wat in Kwartaal 1 aangeleer is.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (2) Ouma se verjaarsdag

GB bl.. 2-5
15 min

LAB bl. 2-5




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Ouma se verjaarsdag* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde familie, mamma, pappa, ouma, verjaarsdag**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



## GEDEELDE SKRYF

15 min




**Berei voor**
- Lees die beginsinne op die bord.
- Lees dit hardop.
- Vra vrywilligers vir hulle idees.

**Skryf ’n paar leerders se idees neer**
- Vra vir idees.
- Vra leerders om tepaslike woorde te spel.
- Vra leerders om korrekte leestekens aan die einde van die sin te gee.

**Lees die sinne saam**



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 15-22

30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep E en A



**Eerste lees: Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees: Groep A**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE Voer ’n liedjie op

30 min



**Berei voor**
- Verdeel die klas in groepe.
- Groepe berei ’n liedjie van hul keuse voor.

**Bied aan**
- Groepe sing vir die klas.

# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

**Pare**
- Maak beurte om nuus aan 'n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder 'n beurt gedurende die kwartaal.



## LUISTER EN PRAAT Sing/resiteer

15 min

**Vingerrympie**
- Laat die rym by hierdie week se tema aansluit.
- Onderrig die gedig en die aksies.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Ons is vingers**
Duimpie, Duimpie, waar is jy?
Hier is ek, hier is ek,
hoe gaan dit met jou? (*wikkel duime*)
*(Herhaal met wysvinger,middelvinger,ringvinger, pinkie)*

## KLANKE Onafhanklike woordbou

LAB bl. 12 en 203
15 min

**Benoem die letters deur kaarte te gebruik**
- Leerders sprei letterkaarte op hul banke uit.
- Onderwyser sê 'n klank.
- Leerders wys die ooreenstemmende letterkaart.

**Onafhanklike woordbou**
- Kyk na die prent en sê die woord.
- Bou die woord met jou kaarte. Die klein blokkies dui aan hoeveel letters daar is.
- Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).




## HANDSKRIF

15 min

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die klanke wat onderrig is.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (3) Ouma se verjaarsdag

GB bl. 2-5
15 min
LAB bl. 2-5

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Ouma se verjaarsdag* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde**
**familie, mamma, pappa, ouma, verjaarsdag**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.





## ONAFHANKLIKE SKRYF My verjaarsdag

**Lees weer die Gedeelde Skryf-sinne van die vorige dag.**

**Leerders skryf hul eie sinne**
- Probeer om die woorde te spel deur aan die klanke in die woord te dink.

**Onderwyser raak betrokke**
- Vra individuele leerders om hul sinne vir jou voor te lees.
- Reageer op die inhoud.

LAB
bl. 13
15 min


Datum
My verjaarsdag
Wat wil jy op jou verjaarsdag doen? Voltooi die sin.
Op my verjaarsdag wil ek
Donderdag 13



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB
bl.
15-22
30 min





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep B en C

**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

25 min





## UITVOERENDE KUNSTE Voer vingerrympie op

**Berei voor**
- In groepe, oefen die vingerrympie wat vroeër aangeleer is.

**Voer op**
- Voer die rympie vir die klas op.
- Die beste groep gaan die vingerrympie vir die Graad R's aanleer.

15 min



# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW — Vertel ’n storie

15 min



**Hersien**
- Herinner die klas aan die tema van die week.
- Vra leerders om iets te deel wat hulle hierdie week geleer het.

**Vertel ’n storie van jou eie of ’n ander familie**

## KLANKE — Diktee

LAB bl. 14
30 min


Datum
Diktee
14 Vrydag

- Sê elke woord twee keer, maar stadig.
- Leerders luister en skryf elke woord.
- Skryf dan die woorde op die bord terwyl jy demonstreer hoe om die woord te klank.
- Leerders korrigeer die woorde, indien nodig.

## ONAFHANKLIKE SKRYF — My verjaarsdag (vervolg)

LAB bl. 13
15 min


Datum
My verjaarsdag
Wat wil jy op jou verjaarsdag doen? Voltooi die sin.
Op my verjaarsdag wil ek
Donderdag 13

**Lees jou sinne**
- Leerders lees hul sinne vir die groep.

**Kies**
- Elke groep kies een leerder om hul sin vir die klas te lees.

**Redigeer**
- Leerders kan verbeteringe aan hul skryfwerk maak, gebaseer op die terugvoering van die groep..



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

**LAB bl. 15-22**

**30 min**





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep se vlak, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**25 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**

- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en 25 lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

## OORSIG VAN WEEK



# Ek gee om vir my familie

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

kaartjie | omgee | boodskap | liefde | drukkie

### RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 min per groep Aktiwiteite vir ontluikende lees OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maandag | | Dinsdag | | Woensdag | | Donderdag | | Vrydag | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **GBL 1** | **OW 1** | **OW 2** | **OW 3** | **OW 4** | **GBL 2** | **OW 5** | **OW 6** | **OW 7** | **OW 8** |
| **Groep B** | 1 | **GBL 1** | 2 | 3 | 4 | 5 | **GBL 2** | 6 | 7 | 8 |
| **Groep C** | 1 | 2 | **GBL 1** | 3 | 4 | 5 | 6 | **GBL 2** | 7 | 8 |
| **Groep D** | 1 | 2 | 3 | **GBL 1** | 4 | 5 | 6 | 7 | **GBL 2** | 8 |
| **Groep E** | 1 | 2 | 3 | 4 | **GBL 1** | 5 | 6 | 7 | 8 | **GBL 2** |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- 'n potlood en skêre
- kryte en viltpenne
- papier vir elke leerder
- sakkies of houers vir hierdie week se letters.
- apparaat vir gekose liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- tellers vir die wurm-letterspeletjie



**Groepbegeleide Lees (GBL) en Onafhanklike Werk (OW)**

- 2 GBL-groepe per dag
- 8 LAB-bladsye



**Hardopleesstorie**
*Kagiso, Leeu en Jakkals*

**Groepwerk**
Karakters/redenering: Die groepe vertel weer *Kagiso, Leeu en Jakkals*

**Vingerrympie**
*Ou vrou in 'n skoen*



**Gedeelde Lees**
*Die spesiale kaartjie*



**Liggaamsopvoeding**
Aktiwiteitstasies






**Gedeelde Skryfwerk**
Skryf 'n dankie-sê-boodskap

**Onafhanlike Skryfwerk**
Persoonlike boodskap (gebruik 'n raam)





**Visuele Kunste**

- Skep in 3D: Hoe om 'n kaartjie te maak
- Skep in 2D: Teken 'n familie-aktiwiteit

**Uitvoerend Kunste**

- Kreatiewe speletjies: Boots bewegings na (Klaprympies)
- Improviseer: Mimiek-/rolspelspeletjie (*Ons help by die huis*)



**Aanvangskennis en PSW**

- Hoe om 'n geleentheidskaartjie te maak (GB)
- Volg instruksies/ Rangskik dit in volgorde
- Bespreking: Ek gee om vir my familie
- Onderwyser se storie: Kind/familie se storie
- Gee om vir mekaar by die huis (Bespreek)



**Klanke**

- Stel klank Dd en Uu bekend
- Gedeelde en Onafhanklike woordbou
- Wurm-letterspeletjie

**Handskrif**
Skryf die letter Dd en Uu

Klanke GBL Handskrif

# Kagiso, Leeu en Jakkals

Lank, lank gelede, toe diere kon praat, was daar 'n familie wat in die veld gewoon het. Daar was 'n pappa en vier seuns. Die oudste seuns was jagters wat wilde diere gejag het sodat die familie dit kon eet. Maar die jongste een, Kagiso, was 'n **saggeaarde** seun. Hy was goedhartig teenoor al die diere van die veld. Hy het nie gejag nie. Hy het vir Arend krummels gevoer, sy vleisbene vir Jakkals gelos en dikwels soet grassies vir Rooibok gegee.

Een oggend vroeg loop Kagiso deur die nat gras om water uit die rivier te kry. Hy loop verby een van die strikke wat sy broers gebruik om diere mee te vang. Die strik is 'n diep vanggat wat met lang grasse toegemaak is. Hy hoor hoe iets binne-in die vanggat brul. 'n Dier het ingeval en kan nie uitkom nie. Dit is kwaai Leeu!

Leeu sien klein Kagiso raak en weet hy is 'n goedhartige kind. Hy sê met 'n vriendelike stem: "Liewe seuntjie, sal jy my asseblief help om by hierdie gat uit te klim sodat ek na my vroue kan teruggaan?"

Kagiso sê: "Ek is jammer, Leeu. Ek sal jou graag wil help, maar ek weet jy vreet seuntjies soos ek op. As ek jou laat uitkom, gaan jy my opvreet."

"O nee," sê Leeu. "Ek **belowe** ek sal jou nie opvreet nie. Jy kan my vertrou."

Omdat Kagiso 'n goedhartige seun is, laat sak hy 'n dooie boomstomp in die gat af sodat Leeu kan uitklim.

Leeu klim bo-op die boomstomp en trek homself by die gat uit. Kagiso is bly Leeu is vry. Maar ongelukkig is Leeu nie 'n **betroubare** dier nie. Hy verbreek gereeld sy beloftes. En op daardie dag is hy honger, want hy was nogal lank in die vanggat. Hy is lus vir 'n **happie**. Voordat Kagiso dus weet wat hom tref, gryp Leeu hom en maak reg om sy kop af te byt. Kagiso is **doodbang**.

"Maar jy het belowe!" huil Kagiso.

Leeu lag net. "Dit was nie baie slim van jou om my te vertrou nie," sê hy.

Op daardie oomblik kom slim Jakkals gelukkig daar verby en hy hoor hoe Kagiso huil. Jakkals ken Kagiso, die sagmoedige seun, en wil hom graag help. Jakkals is veel kleiner as Leeu, maar hy het 'n blink plan! "Wat is hier aan die gang, Leeu?" vra hy.

**saggeaard:** goedhartig, nie geweldadig of wreedaardig nie



## VRAE EN WOORDESKAT

**belofte:** om iets te sê wat jy gaan doen of nie en dit bedoel.

**betroubaar:** iemand wat jy kan vertrou.

**versnapering:** 'n happie/ iets kleins om te eet

**vreesbevange:** doodbang/ baie bang wees

"Ek is in die jagter se vanggat vasgekeer en hierdie seun het my gehelp om uit te kom," antwoord Leeu. "Maar ek is honger en daarom gaan ek hom nou opvreet."

"Wat!" sê Jakkals. "Die magtige Leeu, vasgevang in daardie gat! Hoe kon jy daar ingeval het? Jy is gans te slim om by 'n vanggat in te val. Wys my hoe dit gebeur het."

"Dis maklik," sê Leeu. Hy sit Kagiso neer en loop terug na die vanggat. "Ek het in die veld rondgeloop en omdat die vanggat met grasse bedek is, het ek dit nie opgemerk nie. Ek het toe so by die gat ingeval." En Leeu klim in die vanggat terug om vir Jakkals te wys. **Blitsvinnig** trek Jakkals die boomstomp by die gat uit sodat Leeu weer binne-in die vanggat vasgekeer is.

**blitsvinnig:** baie, baie vinnig

"Haai!" skreeu Leeu. "Kry my hier uit! Waarom het jy die boomstomp uitgetrek, Jakkals?"

Jakkals lag. "Nou is jy deur jou eie skelmstreke gevang, Leeu. Kagiso, hardloop huis toe so vinnig as wat jou bene jou kan dra. En moet nooit weer vir Leeu vertrou nie." Toe draai Jakkals om en verdwyn tussen die digte grasse.

En dit is die einde van die storie. Maar, van daardie dag af, haat Leeu vir Jakkals. Julle sal sien hoe Jakkals altyd weghardloop en wegkruip sodra hy vir Leeu opmerk.

Watter dier is geflous?

Wat het Kagiso geleer?

Waarom hardloop Jakkals steeds vir Leeu weg?

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.






## HARDOPLEESSTORIE — Kagiso, Leeu en Jakkals

OG bl. 36-37 | 15 min

**Vóór lees**
- Stel die storie bekend.
- Vra 'n paar vrae wat die storie by die leerders se ervaringe laat aansluit.

**Lees die storie in die Grootboek**
- Lees die storie hardop.
- Verduidelik die woordeskat.

**Ná lees**
- Vra vrae om die tema te verken (sien bladsy 37)





## AANVANGSKENNIS EN PSW — Hoe om 'n geleentheids-kaartjie te maak

GB bl. 6 | 30 min
LAB bl. 27

**Bestaande kennis**
- Wat is 'n groetekaartjie?
- Wanneer gee ons vir iemand 'n groetekaartjie? (spesiale geleenthede en ook om ons liefde en waardering te toon)
- Bespreek waarom dit spesiaal is om jul eie kaartjies te maak. (deur tyd te neem om iets te maak wys dat jy omgee)
- Lees die bladsy
- Kyk na die prente en lees die instruksies.

**Bespreek die bladsy**
- Verduidelik dat hierdie instruksies is om iets te doen. (stap-vir-stap, genommer, in 'n spesifieke volgorde)
- Vra: Sou jy 'n kaartjie kon maak deur die instruksies te volg?
- Bespreek ander tipes instruksies (soos resepte, opstel van 'n toestel/apparaat, speel van 'n nuwe speletjie).






## KLANKE — Die klank Dd

LAB bl. 28 | 15 min

**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

- Identifiseer woorde met die klank
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees stadig die sin saam.
- Omkring die nuwe klank






## HANDSKRIF

15 min

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 36-43
30 min



- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL

## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B



**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite van bladsy 19 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Leerders rolspel die aktwiteite.

**Klasaktiwiteit**
- Speel elke Maandag ’n speletjie soos vang-vang, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

## VISUELE KUNSTE Maak ’n dankie-sê-kaartjie

30 min



**Deel papier, kryte/viltpenne, potlode, skêre uit.**

**Gee instruksies**
- Moedig leerders aan om aan iemand in hul familie te dink vir wie hulle ’n dankie-sê-kaartjie wil stuur.
- Demonstreer die vou van die kaartjie en hoe die kaartjie werk.
- Hulle moet dink oor wie hulle wil teken, hoe hulle sal teken, en waar hulle elke persoon gaan plaas om seker te maak dat hulle die volle bladsy gebruik.

**Loop deur die klas en ondersteun**
- Laat hulle eers in potlood teken.
- Hulle gaan hulle tekeninge Dinsdag voltooi.

# DINSDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan 'n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder 'n beurt gedurende die kwartaal.

## LUISTER EN PRAAT Karakters

OG bl. 36-37
15 min




**Herinner leerders aan die storie: Kagiso, Leeu en Jakkals**

**Bespreek**
- Skryf die name van die karakters op die bord.
- Hoe is die karakters in hierdie storie?
- Wat het elke karakter gedoen en waarom?

**Rolspeel die karakters in groepe van drie**

**Gebruik redeneringsvaardighede**
- Leerders bespreek die rolspelaktiwiteit.
- Die leerders bespreek in groepe hoe die drie karakters vriende kon geword het.

## AANVANGSKENNIS EN PSW Gee om vir my familie

LAB bl. 29
30 min




**Hersien**
- Wat is 'n familie?
- Hoe wys ons aan mense dat ons vir hulle omgee?

**Lees** die teks saam met die leerders

**Bespreek die prente.**
- Bespreek
- Leerders bespreek die prente in hul groepe.
- Bespreek as 'n klas hoe om vir jou familie om te gee.
- Gesels oor wie vir die leerders omgee.

## KLANKE Gedeelde woordbou

LAB bl. 30 en 205
15 min




**Berei voor**
- Leerders knip die letterkaarte vir die week (op bladsy 205 in die LAB) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou saam woorde**
- Roep 'n leerder vir elke woord bord toe.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Wat is die eerste letter? Ensovoorts.
- Laat die leerder die letterkaart vind en op die korrekte posisie plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die letters in 'n sakkie/houer om weer te gebruik**

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (1) Die spesiale kaartjie

**Lees**

- Lees *Die spesiale kaartjie* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde kaartjie, omgee, boodskap, liefde, drukkies**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

**GB bl. 7-10**
**15 min**

**LAB bl. 23**


Die spesiale kaartjie

Wat is dit?

Ek wonder wat binne-in is.

7



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

**LAB bl. 36-43**
**30 min**





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

**25 min**





## VISUELE KUNSTE Teken 'n dankie-sê-kaartjie

**Deel die vorige dag se tekeninge, kryte/viltpenne uit.**

**Voltooi tekeninge**

- Leerders kleur in wat hulle die vorige dag geteken het.

**30 min**



# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW — Hoe om 'n kaartjie te maak

LAB bl. 31
15 min




**Paar- en klasbesprekings**
- Leerders kyk na die prente.
- Leerders bespreek die volgorde van die prente in pare.
- Leerders skryf die nommers neer om die prente in die korrekte volgorde te plaas.

## KLANKE — Die klank Uu

LAB bl. 32
15 min




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte van letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met hierdie klank**
- Leerders kan nog woorde met hierdie klank gee.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam met leerders.
- Omkring die nuwe klank.

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (2) — Die spesiale kaartjie

GB bl. 7-10
15 min

LAB bl. 23




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Die spesiale kaartjie* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde kaartjie, mamma, boodskap, drukkie**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



## GEDEELDE SKRYF

15 min

**Berei voor**
- Berei voor van die bord
- Sê: Kom ons skryf saam 'n dankie-sê-kaartjie aan 'n familielid. Aan wie sal ons skryf?
- Vra vrywilligers vir hulle idees.

**Skryf sommige leerders se idees neer**
- Vra vir idees.
- Vra leerders om toepaslike woorde te spel.

**Lees die sinne saam**






## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 36-43

30 min

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES

### Groep E en A

**Eerste lees: Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees: Groep A**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## UITVOERENDE KUNSTE

### Klap ritmes

30 min

**Berei voor**
- Sê die rymaksie en doen die aksies.
- Wys vir hulle die ritme (*klap, klap, klik, klap, klap, klap*).
- Verdeel die klas in groepe.

**Voer op**
- Leerders maak beurte om 'n ritme te doen vir die res van die groep om te volg.



# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan ’n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies ’n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder ’n beurt gedurende die kwartaal.

## LUISTER EN PRAAT Sing ’n rymliedjie

15 min

- Sluit rym by hierdie week se tema aan.
- Onderrig die gedig en aksie.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Ouma se bril**

| | |
|---|---|
| Hier is Ouma se bril | Hier is Oupa se bril |
| *(vingers rondom bril)* | *(groter brille)* |
| Dit is Ouma se hoed | Hier is Oupa se hoed |
| *(hande op kop)* | *(groter hoed)* |
| Dit is hoe sy haar arms vou | Dit is hoe hy sy arms vou |
| *(vou arms oorkruis)* | *(vou arms)* |
| En in haar skoot hou. | Nou net so. |
| *(gevoude arms in skoot)* | *(dieselfde)* |

## KLANKE Onafhanklike woordbou

LAB bl. 33 en 205

15 min




**Benoem die letters deur kaarte te gebruik**
- Leerders versprei letterkaarte op hul banke.
- Onderwyser sê ’n klank.
- Leerders wys die gepaste letterkaart.

**Onafhanklike woordbou**
- Kyk na die prent en sê die woord.
- Bou die woord met jou kaarte. Die klein blokkies dui aan hoeveel letters daar is.
- Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).

## HANDSKRIF

15 min

Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (3) Die spesiale kaartjie

GB bl. 7-10

15 min

LAB bl. 23




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Die spesiale kaartjie* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as ’n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: kaartjie, mamma, boodskap, drukkie**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by ’n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.



## ONAFHANKLIKE SKRYF — Skryf ’n dankie-sê-boodskap

**LAB bl. 34**
**15 min**




**Lees weer die sinne wat julle gister geskryf het**

**Leerders voltooi die dankie-sê-boodskap**

- Skryf jul eie sinne.
- Probeer die woorde spel deur aan die klanke in die woord te dink.



## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 36-43**
**30 min**



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

## GROEPBEGELEIDE LEES — Groep B en C



**Tweede lees**

- In pare lees leerders alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep se vlak, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**25 min**



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE — Voer ’n liedjie op

**30 min**



**Berei voor**

- Verdeel klas in groepe.
- Groepe berei ’n liedjie van hul keuse voor.

**Voer op**

- Groepe sing vir die klas.

# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW — Vertel 'n storie

15 min



**Hersien**
- Herinner leerders wat die tema van die week was.

**Vertel 'n storie**
- Vertel 'n storie van 'n kind wat iets goedhartigs gedoen/opgeoffer het vir iemand in die familie.

**Moedig leerders aan om vrae te vra**
- Laat leerders toe om vrae te vra om duidelikheid te kry oor dit wat hulle nie verstaan nie.

## KLANKE — Wurm-letterspeletjie

LAB bl. 35

30 min




**Speel die speletjie**
- Gee vir elke leerder 'n teller.
- Spelers maak beurte.
- Speler sluit hul oë, raak met een vinger aan die bladsy en sê die naaste nommer.
- Speler beweeg die aantal plekke vir daardie nommer.
- Speler sê die letter waarop hulle geland het en beweeg vorentoe na die prent wat met daardie letter begin.
- Die ander spelers kontroleer of hulle reg is.

## ONAFHANKLIKE SKRYF — Voltooi dankie-sê-kaart

15 min



**Hersien**
- Herinner leerders aan groetekaartjies en hoe dit mense spesiaal laat voel.

**Voltooi die kaartjie**
- Leerders kopieer boodskappe uit die LAB op bladsy 31 op die dankie-sê-kaartjie wat hulle hierdie week geteken het.
- Gee dit aan die familielid vir wie julle dit gemaak het wanneer julle by die huis kom.



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 36-43

30 min





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en 25 lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

# Gevare by die huis

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

gevaar | dorp | plaas | huis | veilig

## RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 min per groep Aktiwiteite vir ontluikende lees OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **GBL 1** | **OW 1** | **OW 2** | **OW 3** | **OW 4** | **GBL 2** | **OW 5** | **OW 6** | **OW 7** | **OW 8** |
| **Groep B** | 1 | **GBL 1** | 2 | 3 | 4 | 5 | **GBL 2** | 6 | 7 | 8 |
| **Groep C** | 1 | 2 | **GBL 1** | 3 | 4 | 5 | 6 | **GBL 2** | 7 | 8 |
| **Groep D** | 1 | 2 | 3 | **GBL 1** | 4 | 5 | 6 | 7 | **GBL 2** | 8 |
| **Groep E** | 1 | 2 | 3 | 4 | **GBL 1** | 5 | 6 | 7 | 8 | **GBL 2** |

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte of viltpenne en 'n potlood
- groot velle papier (A4 of groter, wit of gekleurd)
- plakkaatverf of waskryte of dik viltpenne
- sakkies of houers vir hierdie week se letters
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite





**Groepbegeleide Lees (GBL) en Onafhanklike Werk (OW)**
- 2 GBL-groepe per dag
- 8 LAB-bladsye



**Hardopleesstorie**
*Dorpsmuis en Plaasmuis*

**Werk in pare**
Praat oor 'n storie

**Sing/resiteer**
Sê 'n rympie



**Gedeelde Lees**
*Dorpsmuis en Plaasmuis*



**Liggaamsopvoeding**
Aktiwiteitstasies








**Gedeelde Skryfwerk**
Storiekaart

**Onafhanklike Skryfwerk**
Teken 'n prent en skryf 'n onderskrif



**Visuele Kunste**
Skep in 2D: Ontwerp en maak 'n plakkaat

**Uitvoerende Kunste**
- Gebruik aksies en liggaambewegings om 'n reël oor gevare te verduidelik
- Onderrig 'n reël oor gevare



**Aanvangskennis en PSW**
- Gevare by die huis (GB)
- Identifiseer gevare in 'n kombuis.
- Die gifteken: bespreking
- Onderwyser se storie: 'n Ongeluk by die huis



**Klanke**
Stel die klank Ww en GB bekend

**Handskrif**
Skryf letter Ww en GB.

Klanke | GBL | Handskrif

# Dorpsmuis en Plaasmuis



Lank, lank gelede was daar twee muise. Hulle was neef en niggie. Die een muis het in die dorp gewoon. Sy naam was Dorpsmuis. Die ander muis het op 'n plaas gewoon. Haar naam was Plaasmuis.

Plaasmuis stuur vir Dorpsmuis 'n brief. Daarin staan: "Kom kuier gerus by my op die plaas. Dis baie veilig en vreedsaam op die plaas. Jy sal hier heerlik vakansie hou. Ek sal jou ook graag wil besoek."

Dorpsmuis pak sy klere in en glip in by die bagasiebak van 'n motor wat platteland toe ry. Hy klim uit toe die motor naby 'n boom op die plaas stilhou. Dorpsmuis asem die vars plattelandse lug diep in. "Ek dink ek gaan van die plaaslewe hou," dink hy.

Opeens hoor hy 'n harde geblaf reg agter hom. WOEF, WOEF, WOEF! Dorpsmuis draai om en sien 'n **kwaai** hond. "Help!" skreeu hy en hol blitsvinnig teen die boom op. Die hond **knor** en spring teen die boom. Dorpsmuis sit en bewe van angs in die boom. "Watter skrikwekkende monster is dit net nie," sê hy. 'n Rukkie later loop die hond weg en Dorpsmuis klim af. Hy begin in die rigting van die plaashuis loop.

Maar hy sien nie die groot, bruin koei raak nie. MOEEE, sê die koei. "Help!" gil Dorpsmuis, "dis nog 'n groter monster!" Hy hardloop na 'n emmer wat op die werf staan en spring daarin om te vlug. Maar, o gits, die emmer is vol water en die arme Dorpsmuis kan nie swem nie! Hy **plas** woes om bo te probeer bly. "Help!" skreeu hy benoud.



## VRAE EN WOORDESKAT

**kwaai:** skrikwekkend, wild

**knor:** grom

**plas:** swem rond met kort, vinnige hale

Op daardie oomblik steek die koei gelukkig haar groot gesig binne-in die emmer in om water te drink. Voor jy kan sê "mes!" spring Dorpsmuis op die koei se neus, **skarrel** teen haar gesig op en spring af tot op die grond.

**skarrel:** beweeg vinnig met klein treetjies

Dorpsmuis is nou al moeg en nat en koud. Hy sien 'n groot vuur op die plaaswerf, waar mense besig is om te kook. Hy loop nader aan die vuur om hom daar warm te maak. Maar hyis nie gewoond aan oop vure nie. Hy staan te naby aan die vuur en 'n vonk beland op sy serp. Sy serp vat vlam. "Help!" skree hy vir die soveelste keer terwyl hy weghardloop.

En nou hou hy aan hardloop. Hy gaan staan nêrens stil nie. Om die waarheid te sê, hy hardloop al die pad huis toe, na die dorp waar hy veilig voel. "Ek kan nooit op 'n plaas woon nie," dink Dorpsmuis. "Dit is heeltemal te gevaarlik vir my."

Intussen loop sy niggie, Plaasmuis, al die hele dag lank om by die dorp uit te kom. Toe sy daar aankom, dwaal sy rond, op soek na Dorpsmuis se straat en huisnommer. Terwyl sy so na die straattekens staan en kyk, hoor sy 'n harde TOOOOEEEET! en 'n motor kom verbygejaag. "Help!" skreeu sy en spring uit die pad uit.

Uiteindelik kry sy die huis en gaan in, uitgeput en honger. Sy volg die geur van gebak na die kombuis. Daar is warm brood op die toonbank. Sy klim teen die kas op en toe sy regmaak om na 'n krummel te hap, hoor sy SWOOEESJ en 'n groot, skerp mes mis haar stert net-net. "Help!" gil sy. "Bly uit my kombuis uit!" skreeu die woedende kok.

Arme Plaasmuis **trippel** oor die kombuistoonbank. Sy sien nie die stoof nie. Die plate op die stoof is warm, gereed om aandete gaar te maak. Plaasmuis spring op een van die warm plate.

**trippel:** hol vinnig met vinnige, ligte treetjies

"SJOE, SJOE, SJOE!" gil sy. Sy spring van die warm plaat af tot op die vloer.

Naby aan die vloer sien sy drie klein gaatjies in die muur. Sy dink dis die deur na haar neef se huis. Sy druk haar pootjie binne-in die een gaatjie om dit oop te maak. "EINA!", skreeu sy toe 'n elektriese skok deur haar lyfie gaan. Gelukkig kom Dorpsmuis op daardie oomblik by sy huis aan en skakel gou die muurprop af. "Dis 'n elektriese muurprop," sê hy. "Jy moet nooit aan 'n elektriese muurprop raak nie, tensy dit afgeskakel is."

"Die dorp is te gevaarlik vir my!" sê Plaasmuis. "Ek gaan dadelik terug huis toe." En daar hardloop sy al die pad terug na die plaas waar sy veilig voel.

Die twee muise het dus besef dat hulle gelukkig was op die plekke waar hulle nog altyd bly. Daar was ook gevare waar hulle gewoon het, maar ten minte was dit gevare wat hulle geken het en kon vermy het.

Waar sou julle graag wil woon? Hoekom?

Waarvan hou jy nie om in die dorp te woon nie? En op die platteland?

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS

**15 min**




**Register**

- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**

- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**

- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.



## HARDOPLEESSTORIE Dorpsmuis en Plaasmuis

**OG bl. 50-51**

**15 min**



**Vóór lees**

- Stel die storie bekend.
- Vra 'n paar vrae wat die storie by die leerders se ervaringe laat aansluit.

**Lees die storie**

- Lees die storie hardop.
- Verduidelik die woordeskat.

**Ná lees**

- Vra vrae om die tema te verken (sien bladsy 51)



## AANVANGSKENNIS EN PSW Gevare by die huis

**GB bl. 11**

**30 min**

**LAB bl. 49**




**Bestaande kennis**

- Vra die leerders wat die woord *ongeluk* beteken.
- Praat oor ongelukke wat by die huis gebeur.

**Lees die bladsy**

- Bespreek die prente en lees die teks saam met die leerders.

**Bespreek die bladsy**

- Kyk na die gevaarlike dinge in die prente.
- Leerders sal muurproppe, elektriese drade, skerp messe, kookwater, medisyne en pille, en vuurhoutjies identifiseer.
- Bespreek enige ongelukke wat leerders al by hul huise ervaar of gesien het.



## KLANKE Die klank Ww

**LAB bl. 50**

**15 min**




**Hersien klanke**

- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**

- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**

- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**

- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.



## HANDSKRIF

**15 min**



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 58-65

30 min



- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B



**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite van bladsy 19 vir die week.
- Berei die benodigdhede voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Leerders rolspel die aktwiteite.

**Klasaktiwiteit**

- Speel elke Maandag ’n speletjie soos vang-vang, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.



## VISUELE KUNSTE Ontwerp ’n plakkaat

30 min




**Deel papier en potlode uit.**

**Gee instruksies**

- Leerders gaan ’n vollengteplakkaat in die volgende les maak.
- Lees weer die reëls oor gevare in die Grootboek op bladsy 11/LAB bladsy 49 en kies een reël wat jy graag vir die Graad R’e wil leer.
- Ontwerp ’n plakkaat om die reël te onderrig.
- Skryf met ’n potlood die reël in groot hoofletters op jul plakkaat.
- Teken ’n prent om aan klein kinders die gevaar te wys.
- Die prent moet die volle spasie vul. Dit moet duidelik en eenvoudig wees.

**Loop rond en ondersteun**

# DINSDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**

- Maak beurte om nuus aan 'n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**

- Kies 'n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder 'n beurt gedurende die kwartaal.



## LUISTER EN PRAAT Praat oor die storie

OG bl. 50-51

15 min



**Herinner leerders aan die storie:** *Dorpsmuis en Plaasmuis*

**Bespreek**

- Leerders werk in pare. Hulle maak beurte om te vertel en te luister.
- Wat leer ons uit hierdie storie?
- Waar sou julle verkies om te woon? Verduidelik waarom.



## AANVANGSKENNIS EN PSW Gevare in die kombuis

LAB bl. 51

15 min




**Hersien**

- Watter gevare is daar in ons huise?

**Lees die bladsy en identifiseer moontlike gevare in die prent**

- Leerders merk met 'n potlood alle moontlike gevare in die kombuis met 'n X.
- Hoeveel gevare het hulle gekry? (*Daar is agt: vuurhoutjies, pille, pot, mes, kragprop, elektriese draad, skoonmaakmiddels, speelgoed op die vloer.*)

**Bespreek**

- Hoekom is elkeen gevaarlik? (*kan 'n brand veroorsaak, giftig, raak sny, elektriese skok, gly/val*)
- Bespreek veilige alternatiewe – plaas gevaarlike items weg of buite die bereik van kinders, vra ouers om elektriese drade reg te maak, hou deksel op pot ens.



## KLANKE Gedeelde woordbou

LAB bl. 52 en 207

15 min




**Berei voor**

- Leerders knip die letterkaarte vir die week (op bladsy XX in die LAB) uit.
- Sit dieselfde onderwyserkaarte lukraak op die bord.

**Bou woord saam**

- Roep 'n leerder na die bord vir elke woord.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Wat is die eerste letter? Ensovoorts.
- Laat die leerder die letterkaart vind en op die korrekte posisie plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die letters in 'n sakkie/houer om weer te gebruik**



## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (1) Dorpsmuis en Plaasmuis

GB bl. 12-15 | 30 min

LAB bl. 45-48

**Lees**

- Lees *Dorpsmuis en Plaasmuis* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**- vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde gevaar, dorp, plaas, huis, veilig**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.




## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 58-65 | 30 min

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid..



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## VISUELE KUNSTE Maak 'n plakkaat

30 min

**Deel die vorige dag se tekeninge en kryte/viltpenne uit.**

**Gee instruksies**

- Leerders moet hul plakkaatontwerpe wat hulle die vorige dag geteken het, op 'n groot vel papier kopieer.
- Moedig die leerders aan om met 'n potlood die letters/woorde groot te maak en om helder kleure te gebruik.
- Herinner hulle dat die plakkaat gebruik gaan word om jonger kinders te onderrig, dit is dus belangrik dat hulle daarvan sal hou en dit sal verstaan.

**Teken eers in potlood, gebruik dan kleure**



# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.



## AANVANGSKENNIS EN PSW — Die gifteken

LAB bl. 53
15 min

**Bespreek**
- Wat is gifstowwe? (dinge wat skadelik is vir lewende dinge of dit kan doodmaak, byvoorbeeld insekdoders,rottegif, paraffien, en ook brandstof en bleikmiddels)
- Wat gebeur indien jy 'n gifstof sou drink? (hospitaal/dood)
- Hoe weet ons wanneer iets giftig is? (sterk reuk, mag 'n teken op die houer hê wat wys dit giftig, MAAR OOK NIE)
- Herinner die leerders dat hulle nie enigiets moet drink wat hulle ouers nie vir hulle gegee het nie. Dit mag dalk giftig wees.

**LAB-bladsy**
- Vra leerders wat die teken beteken.
- Bespreek hoekom dit 'n prent is en nie woorde.
- Kleur die teken geel in.




## KLANKE — Die klank Bb

LAB bl. 54
15 min

**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.
- Identifiseer woorde met die klank
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.




## HANDSKRIF

15 min

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (2) — Dorpsmuis en Plaasmuis

GB bl. 12-15
30 min
LAB bl. 45-48

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Dorpsmuis en Plaasmuis* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde gevaar, dorp, plaas, huis, veilig**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.





## GEDEELDE SKRYF

15 min

**Berei voor**
- Kopieer die storiekaart op die bord. ’n Storiekaart som die storie op. Dit help ons om die storie te onthou.
- Lees die opskrifte saam.
- Verduidelik aan die leerders dat hulle woorde in plaas van sinne in ’n storiekaart mag gebruik.

**Skryf ’n paar leerders se idees neer**
- Vra vir idees om die gapings te vul. Leerders moet karakters, die plek (omgewing) wat gebeur (intrige) en einde skep.






## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 58-65

30 min

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES

### Groep E en A

**Eerste lees: Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees: Groep A**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## UITVOERENDE KUNSTE

### Verduidelik ’n gevaarreël

30 min

**Pare**
- Deur hul plakkate te gebruik, moet hulle die gevare aan hul maat verduidelik. Hulle mag aksies en liggaamsbewegings gebruik om te wys wat hulle bedoel.
- Hulle moet die gevolge aan mekaar verduidelik en ook sê hoe dit verhoed kan word.

**Gee terugvoering**
- Maats moet aan mekaar terugvoering gee om te help wanneer hulle vir die klas aanbied.

**Bied aan**
- Leerders kan oefen voordat hulle die volgende dag vir die hele klas aanbied.



# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**

- Maak beurte om nuus aan 'n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**

- Kies 'n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder 'n beurt gedurende die kwartaal.

## LUISTER EN PRAAT Sing/resiteer

15 min

**Sing 'n rympie**

- Laat die rympie by hierdie week se tema aansluit.
- Onderrig die gedig en aksie.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Gevare**

Gevare oral om jou.
Dit moet jy tog weet.
Dis skêre en messe,
Moet dit tog nie vergeet!
Pasop vir die muurprop.

Dit kan jou dalk skok.
Water is lekker, dit is waar,
Maar 'n kokende ketel, is groot gevaar!

## KLANKE Onafhanklike woordbou

LAB bl. 55 en 207

15 min




**Benoem die letters deur kaarte te gebruik**

- Leerders versprei letterkaarte op hul banke.
- Onderwyser sê 'n klank.
- Leerders wys die gepaste letterkaart.

**Onafhanklike woordbou**

- Kyk na die prent en sê die woord.
- Bou die woord met jou kaarte. Die klein blokkies dui aan hoeveel letters daar is.
- Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord)

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (3) Dorpsmuis en Plaasmuis

GB bl. 12-15

30 min

LAB bl. 45-48




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Dorpsmuis en Plaasmuis* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: gevaar, dorp, plaas, huis, veilig**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.



## ONAFHANKLIKE SKRYF — Teken en skryf 'n onderskrif

LAB bl. 57

15 min

**Lees weer die Gedeelde Skryf-sinne van die vorige dag**

**Leerders teken een van die muiskarakters**
- Dink oor watter muis jy graag wil teken.
- Besluit watter deel van die storie jy graag wil teken (een van die gevare, die einde, 'n muis wat reis, 'n muis wat veilig tuis is, ensovoorts).

**Skryf 'n sin oor jou tekening**
- Probeer om die woorde te spel deur aan die klanke van die woord te dink.

Karakters: Dorpsmuis, Plaasmuis
Plekke: dorp, plaas

Wat het gebeur?
1. Dorpsmuis: plaas – baie gevare
2. Plaasmuis: dorp – baie gevare

Einde:
Albei is veilig/gelukkig in hul eie huis.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 58-65

30 min

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES — Groep B en C

**Tweede lees**
- In pare, lees leerders alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep se vlak, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## UITVOERENDE KUNSTE — Onderrig 'n gevaarreël

15 min

**Berei voor**

'n Graad R-klas verteenwoordig 'n regte gehoor en 'n werklike doel vir die maak en aanbieding van die plakkaat. Tref die nodige reëlings met jou kollegas vir wanneer aanbieding sal plaasvind.

**Bied aan**
- Leerders wys hul plakkate vir die Graad R-klas.
- Hulle moet die gevare verduidelik en ook sê wat mag gebeur.
- Hulle moet ook 'n oplossing voorstel.
- Moedig leerders aan om vir die klas te kyk, om duidelik te praat en die gevare eenvoudig te verduidelik.



# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW Vertel ’n storie

15 min



**Hersien**
- Herinner leerders aan wat die tema van die week was.

**Vertel ’n storie**
- Vertel ’n storie van ’n klein ongelukkie by die huis. Hierdie kon werklik gebeur het of opgemaak wees, byvoorbeeld: sny van ’n vinger, gly op ’n nat vloer, val van ’n leer.
- Verduidelik vir wie jy vertel het en wat gebeur het.
- Verduidelik wat jy geleer het.

**Moedig leerders aan om vrae te vra**
- Gee leerders geleentheid om vrae te vra om te verduidelik wat hulle nie verstaan nie.

## KLANKE Diktee

LAB bl. 57
15 min


Datum
Diktee
Vrydag 57

- Sê elke woord twee keer, maar stadig.
- Leerders luister en skryf elke woord.
- Skryf dan die woorde op die bord terwyl jy demonstreer hoe om die woord te klank.
- Leerders korrigeer die woorde, indien nodig.

rol | lag | wol | tel | mol

## ONAFHANKLIKE SKRYF

LAB bl. 56
15 min


Datum
Dorpsmuis en Plaasmuis
Teken een deel van die storie hier. Skryf ’n sin oor jou tekening.
56 Donderdag

**Lees jou sin vir jou groep**

**Leerders verduidelik hul tekeninge**
- Kies ’n paar leerders om te verduidelik wat hulle geteken het en waarom.



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 58-65

30 min





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

**Tweede lees**

- In pare, lees leerders alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep se vlak, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

25 min



## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**

- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die ander **LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

## OORSIG VAN WEEK



# Veiligheid by die huis

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

deur | alleen | vreemdeling | klop | brand

## RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 min per groep Aktiwiteite vir ontluikende lees OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maandag | | Dinsdag | | Woensdag | | Donderdag | | Vrydag | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | GBL 1 | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | GBL 2 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | 1 | GBL 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | GBL 2 | 6 | 7 | 8 |
| **Groep C** | 1 | 2 | GBL 1 | 3 | 4 | 5 | 6 | GBL 2 | 7 | 8 |
| **Groep D** | 1 | 2 | 3 | GBL 1 | 4 | 5 | 6 | 7 | GBL 2 | 8 |
| **Groep E** | 1 | 2 | 3 | 4 | GBL 1 | 5 | 6 | 7 | 8 | GBL 2 |

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- skêre en gom
- kleeflint/ maskeerband
- kryte/viltpenne
- leë boks vir elke groep
- sakkies of houers vir hierdie week se letters
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- tellers vir die wurm-letterspeletjie



**Groepbegeleide Lees (GBL) en Onafhanklike Werk (OW)**

- 2 GBL-groepe per dag
- 8 LAB-bladsye



**Hardopleesstorie**
*Ydele mnr. Haantjie*

**Werk in pare**
Voorspel storie se einde

**Sing/resiteer**
Sê 'n rympie, doen die aksies



**Gedeelde Lees**
*Ydele mnr. Haantjie*



**Liggaamsopvoeding**
Aktiwiteitstasies



Luister en Praat · Leeswerk · Skryfwerk · Klanke · Lewensvaardigheid · Aanvangskennis en PSW

**Tema:**
**Veiligheid by die huis**

**Week 4:**
**Veiligheid by die huis**



**Gedeelde Skryfwerk**
Voorspel storie se einde

**Onafhanklike Skryfwerk**
Teken 'n prent en skryf 'n einde vir die storie



**Visuele Kunste**

- Skep in 3D: Maak 'n kartonhuis.·

**Uitvoerende Kunste**

- Rolspeel noodoproepe
- Bied 'n brand-ontruimingsplan aan



**Aanvangskennis en PSW**

- Verskillende soorte brande by die huis (Grootboek)
- Noodnommers: rolspeel
- Noodsituasies: bespreking
- Onderwyser se storie: Alleen by die huis





**Klanke**
Stel klank Mm en Pp bekend.

**Handskrif**
Skryf die letter Mm en Bb.

Klanke · GBL · Handskrif

# Ydele mnr. Haantjie




## VRAE EN WOORDESKAT

Mnr. Haantjie woon in 'n kothuisie in 'n **woud**. Hy bly daar saam met mev. Kat. Mev. Kat is 'n baie **verstandige** dier, maar mnr. Haantjie … Wel, mnr. Haantjie is baie **ydel** en baie dwaas. Hy hou daarvan om die hele dag lank na homself in die spieël te kyk. Hy draai hierdie kant toe en daardie kant toe en sê: "Watter aantreklike kêrel is ek net nie! Kyk na my pragtige vere! Kyk na my mooi gevormde bene!" [Wys sy bewegings.)

Op 'n dag sê mev. Kat: "Ek moet nou dorp toe gaan om brood en melk vir aandete te koop. Jy gaan alleen by die huis bly. Wees asseblief veilig. Daar is 'n slegte jakkals in die woud wat graag hoenderhane opvreet. Maak seker jy sluit die deur sodra ek weg is en moenie dit vir enigeen oopmaak nie, al sê hulle wat. Selfs as iemand jou vra om binne te kom, moenie die deur oopmaak nie."

**woud:** stuk land met baie bome

**verstandig:** iemand wat goeie besluite neem

**ydel:** baie trots op hoe jy lyk, spoggerig

"Ja, ja, ek hoor jou," sê mnr. Haantjie, maar hy luister nie werklik nie. Hy is besig om sy glansende snawel te **bewonder**.

Mev. Kat kry haar mandjie, handsak en sambreel en stap by die deur uit. "Sluit nou die deur," sê sy. "En onthou, moenie dit vir enigeen oopmaak nie." Toe stap sy deur die woud, op pad dorp toe.

Mnr. Haantjie is dus alleen by die huis. "Ek moet gaan kyk of ek steeds 'n aantreklike kêrel is," sê hy en gaan staan voor die spieël. "Watter aantreklike kêrel is ek net nie!" sê hy toe hy na homself kyk.

Hy hoor skielik 'n geraas. Dit is iemand wat by die deur KLOP, KLOP, KLOP. Hy luister. En daar is dit weer: KLOP, KLOP, KLOP. Mnr. Haantjie loop deur toe. "Wie is daar?" roep hy. "Is jy 'n vreemdeling?"

"Nee, dis ek," sê 'n soet stemmetjie. "Ek is jou gawe buurvroutjie."

"O, dis dan reg," sê mnr. Haantjie. "Waarmee kan ek jou help?"

Die soet stemmetjie sê weer: "Ek het gehoor daar woon 'n baie aantreklike kêrel hier. Om die waarheid te sê, die edelste man in die land. Is dit waar?"

Mnr. Haantjie **tooi** hom op. "Ja," sê hy, "dis waar. Hier woon 'n aantreklike kêrel. Die beste in die land!"

Die soet stemmetjie sê: "Ag, kan ek asseblief binnekom en hierdie aantreklike kêrel aanskou?"

Mnr. Haantjie voel so gevlei dat hy alles vergeet wat mev. Kat hom gesê het. "Natuurlik sal ek jou laat binnekom," sê hy. En daar sluit die dwase mnr. Haantjie die deur oop. "Kom gerus binne," sê hy. En hy begin die deur oopmaak.

Ja, julle het waarskynlik reg geraai. Ek moet julle ongelukkig vertel dat dit eintlik die sluwe mnr. Jakkals is wat by die deur staan. Hy het net **voorgegee** dat hy die buurvrou is. En mnr. Jakkals hou baie daarvan om hoenders op te vreet. O gits!

Gelukkig is mev. Kat reeds van die winkels af op pad huis toe. Sy maak gou, want sy weet mnr. Haantjie is 'n onverstandige kêrel. Nes sy by die rand van die woud aankom, sien sy mnr. Haantjie begin om die deur oop te maak, met mnr. Jakkals wat gereed staan om binne te gaan.

"Stop! Stop! Maak die deur vinnig toe, mnr. Haantjie!" roep sy wanhopig. Sy swaai haar sambreel rond en hardloop so vinnig as wat sy kan na die kothuis toe.

En daar eindig die storie. Ek wonder wat toe gebeur het? Ons moet maar self op 'n einde besluit. Het mnr. Haantjie mev. Kat gehoor en die deur betyds toegeslaan, of het mnr. Jakkals wel by die huis ingegaan? Ons gaan in die volgende les self die einde bepaal.

**bewonder:** om te dink iets of iemand is wonderlik

**optooi:** tyden moeite om jouself aantreklik te maak

**voorgee:** om te maak of te praat asof iets waar is, wanneer dit nie is nie, nie eerlik te wees nie

Wat het jy omtrent mnr. Haantjie geleer?

Hoe het Jakkals dit reggekry om mnr. Haantjie die deur te laat oopmaak?

Het julle al daaraan gedink oor hoe die storie geëindig het?

Was enigeen al alleen tuis toe 'n vreemdeling aan die deur geklop het? Wat het julle gedoen?

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.






## HARDOPLEESSTORIE Ydele mnr. Haantjie

OG bl. 64-65

15 min

**Vóór lees**
- Stel bekend van storie
- Vra 'n paar vrae wat die storie by die leerders se ervaringe laat aansluit.

**Lees die storie**
- Lees die storie hardop
- Verduidelik die woordeskat.

**Ná lees**
- Vra vrae om die tema te verken (sien bladsy 65).





## AANVANGSKENNIS EN PSW Brande by die huis

GB bl. 16

30 min

LAB bl. 70

**Bestaande kennis**
- Wat beteken die woord *veiligheid*?

**Lees die bladsy**
- Kyk na die prente en lees die opskrifte onderaan elkeen.

**Bespreek die bladsy**
- Soek vir die gevaarlike dinge in die prente.
- Bespreek besonderhede van brande en hoe om brande te hanteer.
- Vra vir die leerders of hulle al 'n brand by die huis of in 'n gebou ervaar het.


Brande by die huis

Daar is vier verskillende soorte brande.

1 Meubels, gordyne en beddegoed kan aan die brand slaan. Blus die brand met water.

2 Elektriese drade kan aan die brand raak. Skakel die krag af.

3 Kookolie kan vlam vat. Bedek die pan met 'n nat vadoek of kombers.

4 Petrol of verf kan vlam vat. Jy kan nie hierdie brand met water blus nie. Gebruik 'n brandblusser daarvoor.

As daar 'n brand is, gaan buitentoe en bly buite. Skreeu "Brand!"

16



## KLANKE Die klank **Mm**

LAB bl. 71

15 min

**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met letters wat aangeleer is.Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.






## HANDSKRIF

15 min

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 79-86

30 min



- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B



**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite van bladsy 19 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Leerders rolspel die aktwiteite.

**Klasaktiwiteit**

- As daar tyd is, speel 'n speletjie soos aan-aan, Krappe-en-Kraaie of wegkruipertjie.

## VISUELE KUNSTE Maak 'n kartonhuis

30 min



**Deel skêre, gom, kleeflint/ maskeerband, kryte/viltpenne, leë bokse vir elke groep uit**

**Gee instruksies**

- Vra vir die leerders om te dink hoe hulle die boks in 'n klein huisie met deure en vensters kan verander.
- In groepsverband moet die leerders hul proses en die rol van elke lid in die groep bespreek voordat hulle kan begin.
- Elke groep gaan 'n huis maak.

**Loop rond en ondersteun**

- Begin met enige stuk en druk 'n gaatjie in die karton met die skerp punt van die skêr. Moenie dat die leerders dit doen nie.

**Beplan 'n ontruimingsplan**

- Die groepe moet demonstreer waar en hoe mense in die geval van 'n brand uit hul boks-huise kan kom.

# DINSDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan 'n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslagas ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder 'n beurt gedurende die kwartaal.

## LUISTER EN PRAAT Voorspel die einde van die storie

OG bl. 64-65
15 min



**Herinner leerders aan die storie: Ydele mnr. Haantjie**

**Bespreek**
- Leerders werk in pare. Hulle Maak beurte om te praat en te luister.
- Hoe dink elke leerder het die storie geëindig?
  - Moontlike eindes kan insluit:
  - Meneer Jakkals het binne gekom en mnr. Haantjie opgeëet.
  - Mnr. Haantjie het mev. Kat gehoor en vinnig die deur toegemaak/gesluit.
  - Mev. Kat het tuisgekom en mnr. Haantjie gered.
- Elke paar moet hul eie einde opmaak en met die klas deel.

## AANVANGSKENNIS EN PSW Noodnommers

15 min




**Bespreek noodgevalle**
- Wat is 'n noodgeval?
- Noem 'n paar voorbeelde van noodgevalle? (brand, rooftog, nare ongeluk, gif gedrink, bewustelose persoon, persoon wat bloei)
- Wat moet jy in 'n noodgeval doen?

**Bespreek noodnommers**
- Doen navorsing oor noodnommers in jou eie omgewing voor die aanvang van hierdie les.
- Indien daar 'n telefoon is, kan jy die noodnommers skakel vir help.
- Skryf noodnommers op die bord. Lees dit saam as 'n klas.

**Rolspel in pare die bel van noodnommers**
- Kopieer die noodnommers in julle LAB.
- Wanneer jy 'n nommer uitroep moet jou maat daardie nommer op die telefoon druk.

## KLANKE Gedeelde woordbou

LAB bl. 73 en 209
15 min




**Berei voor**
- Leerders knip die letterkaarte vir die week (op bladsy 209 in die LAB) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou saam woorde**
- Roep 'n leerder na die bord vir elke woord.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Wat is die eerste letter? Ensovoorts.
- Laat die leerder die letterkaart vind en op die korrekte posisie plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die letters in 'n sakkie/houer om weer te gebruik.**

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (1) Ydele mnr. Haantjie

**Lees**
- Lees *Ydele mnr Haantjie* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde, deur, alleen, vreemdeling, klop, brand**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

**GB bl. 17-20**
**30 min**

**LAB bl. 66-69**




## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

**LAB bl. 79-86**
**30 min**



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**25 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## VISUELE KUNSTE Voltooi jou kartonhuis

**30 min**

- Leerders gaan hierdie huise gedurende hulle Uitvoerende Kunste aktiwiteit op Donderdag gebruik, wanneer hulle hul ontruimingsplan gaan rolspel.

# WOENSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?



## AANVANGSKENNIS EN PSW — Wat sou jy doen?

LAB bl. 74
15 min




**Pare besprekings oor scenarios**
- In pare gesels leerders oor elke prent.
- Hulle moet vir mekaar vertel wat gebeur het of wat kon gebeur in elke prent.
- Hulle bespreek wat hulle sou gedoen het as dit hulle was.

**Pare deel hulle antwoorde met die klas**



## KLANKE — Die klank Pp

LAB bl. 75 en 209
15 min




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met letters wat aangeleer is.Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.



## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (2) — Ydele mnr. Haantjie

GB bl. 17-20
30 min

LAB bl. 66-69




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Ydele mnr.Haantjie* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde deur, alleen, vreemdeling, klop, brand**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



## GEDEELDE SKRYF — Einde van stories

15 min

**Berei voor van die bord**
- Leerders dink aan die verskillende eindes waarmee hulle gister vorendag gekom het.
- Hulle moet met 'n sin vorendag kom oor die slot.

**Skryf sommige leerders se voorstelle**
- Vra vir idees.
- Vra leerders om toepaslike woorde te spel.

**Lees die sinne saam**

Mnr. Jakkals vreet mnr. Haantjie op.
Mnr. Haantjie hoor mev. Kat en maak die deur gou toe.
Mev. Kat red mnr. Haantjie.
Mev. Kat jaag mnr. Jakkals weg.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 79-86
30 min

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES — Groep E en A



**Eerste lees: Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees: Groep A**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep se vlak, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## UITVOERENDE KUNSTE — Rolspeel noodoproepe

30 min

**Berei voor vir rolspel**
- Leerders werk in pare en rolspel 'n noodoproep tussen nooddienste en 'n inbeller.
- Sê vir hulle om te dink wat die nooddiensteoperateur sal vra en hoe die inbeller moet antwoord en ook wat hulle vir die operateur sal sê.

**Rolspeel noodoproepe**
- Leerders maak beurte om die operateur en die inbeller te wees.
- Hulle kan rug-aan-rug sit om die oproep te maak.
- Kies twee pare om die rolspel te speel.

**Gee terugvoering**
- Die res van die klas gee terugvoering en bespreek effektiewe noodoproepe.



# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan ’n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies ’n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder ’n beurt gedurende die kwartaal.

## LUISTER EN PRAAT Sing/resiteer

15 min

**Sing ’n rympie**
- Laat die rympie by hierdie week se tema aansluit.
- Onderrig die gedig en aksie.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Telliedjie**
Een, twee, drie en vier
Dit is die brandweer hier.
Vyf, ses, sewe en agt
Ons blus brande dag en nag.
Nege en tien,
Ons is hier om jul te dien.

## KLANKE Onafhanklike woordbou

LAB bl. 76
15 min




**Onafhanklike woordbou**
- Kyk na die prent en sê die woord.
- Bou die woord met jou kaarte. Die klein blokkies dui aan hoeveel letters daar is.
- Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord)

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (3) Ydele mnr. Haantjie

GB bl. 17-20
30 min

LAB bl. 66-69




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Ydele mnr. Haantjie* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as ’n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: deur, alleen, vreemdeling, klop, brand**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by ’n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.

## ONAFHANKLIKE SKRYF

### Teken en skryf die einde van die storie

LAB bl. 77
15 min


Datum
Wat gebeur toe?
Skryf jou eie einde vir die storie oor ydele mnr. Haantjie.
Mnr. Haantjie maak die deur oop en sê: "Kom gerus binne."
Toe
Donderdag 77

**Herlees Gedeelde Lees-sinne van die vorige dag**

**Leerders skryf hul eie sinne**

- Besluit watter einde julle wil teken.
- Skryf 'n sin wat by jou tekening pas.

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 79-86
30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

## GROEPBEGELEIDE LEES

### Groep B en C



**Tweede lees**

- In pare, lees leerders alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep se vlak, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

## UITVOERENDE KUNSTE

### Bied ontruimingsplan aan

30 min



**Berei voor**

- Groep wat hul huise saam gebou het, bespreek hulle ontruimingsplan.

**Bied aan**

- Leerders doen hulle aanbiedinge oor hulle ontruimingsplan vir die klas. Hulle gebruik hulle bokshuise om dit te verduidelik.
- Meer as een leerder moet die praatwerk in die groep doen.

# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW — Vertel 'n storie

15 min



**Hersien**
- Herinner leerders wat die tema van die week was.

**Vertel 'n storie**
- Vertel 'n storie toe jy alleen as kind by die huis was en al die snaakse dinge wat gebeur het. Moenie dit te ernstig maak nie.
- Byvoorbeeld: die baba het die gordyn afgetrek, jy wou die kamer uitvee maar die besem het 'n ornament omgestamp, ensovoorts.
- Sien die opleidingsgids vir idees.

**Moedig leerders aan om vrae te vra**
- Laat die leerders toe om vrae te vra sodat hulle duidelikheid kry oor dinge wat hulle moontlik nie verstaan het nie.

## KLANKE — Wurm-woordspeletjie

LAB bl. 78
15 min




**Benodigdhede**
- Elke speller benodig 'n teller

**Speel die wurm-woordspeletjie**
- Spelers maak beurte.
- Speler sluit hul oë en raak aan die bladsy met een vinger en sê die naaste nommer.
- Speler beweeg die aantal plekke vir daardie nommer.
- Speler sê die letter waarop hulle geland het en gee 'n woord wat met die letter begin.
- Die ander spelers kontroleer of hulle reg is.

## ONAFHANKLIKE SKRYF — Verskillende eindes

LAB bl. 77
15 min




**Hersien**
- Herinner leerders aan die einde van stories wat hulle geskryf het.

**Gedeelde Skryf**
- Elke leerder lees hul einde aan hul groep.
- Indien die tyd toelaat, tel die aantal leerders wat voorgestel het dat mnr. Haan opgeëet is, en diegene wat voorgestel het dat mev. Kat hom gered het. Vergelyk die getalle.

**Bespreek die verskillende eindes**
- Leerders mag hul opinies gee oor wat hulle dink is die beste en hoekom.



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 79-86

30 min





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep se vlak, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

25 min



## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**

- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.and have all I need to start the week.

## OORSIG VAN WEEK



# My wonderlike liggaam

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

ore | oë | bene | liggame | tande

## RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 min per groep Aktiwiteite vir ontluikende lees OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maandag | | Dinsdag | | Woensdag | | Donderdag | | Vrydag | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | GBL 1 | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | GBL 2 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | 1 | GBL 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | GBL 2 | 6 | 7 | 8 |
| **Groep C** | 1 | 2 | GBL 1 | 3 | 4 | 5 | 6 | GBL 2 | 7 | 8 |
| **Groep D** | 1 | 2 | 3 | GBL 1 | 4 | 5 | 6 | 7 | GBL 2 | 8 |
| **Groep E** | 1 | 2 | 3 | 4 | GBL 1 | 5 | 6 | 7 | 8 | GBL 2 |

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- skêre en gom
- potlood
- kryte of viltpenne
- ink of vingerverf
- 3 velle A4 papier per leerder
- sakkies of houers vir hierdie week se briewe
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



**Groepbegeleide Lees (GBL) en Onafhanklike Werk (OW)**

- 2 GBL-groepe per dag
- 8 LAB-bladsye



**Hardopleesstorie**
Refilwe se broer

**Werk in pare**
Vra oop vrae oor die storie

**Sing/resiteer**
Bewegingsinne



**Gedeelde Lees**
Verskillende liggame



**Liggaamsopvoeding**
Aktiwiteitstasies






**Gedeelde Skryfwerk**
Voltooi 'n vorm

**Onafhanklike Skryfwerk**
Voltooi 'n vorm





**Visuele kunste**

- Skep in 2D: Boom met helpende hande
- Skep in 2D: Spotprentfiguur

**Uitvoerende kunste**
Improviseer en voer uit: Bewegingsinne



**Aanvangskennis en PSW**

- My wonderlike liggaam (GB)
- Skryf byskrifte by die dele van 'n liggaam
- Identifiseer en teken dele van 'n gesig
- Onderwyserstorie; moenie opgee nie (GB)
- Metingsaktiwiteite in groepe: Dieselfde en verskillende groottes
  My liggaam (liggaamsdele)
  My gesig (dele van die gesig)



**Klanke**

- Stel die klanke Yy en Ff bekend
- Gedeelde en Onafhanklike woordbou
- Diktee

**Handskrif**
Skryf die letter Yy en Ff

Klanke GBL Handskrif

# Refilwe se boer

Refilwe is 7 en in Graad 1. Sy het nie broers of susters nie. Maar op 'n dag kom haar ma met 'n verrassing van die hospitaal af. Dit was 'n klein babaseuntjie.

"Dit is Nhlakanipho," sê Ma. "Hy is jou boetie."

Refilwe is baie opgewonde. "Ek gaan na hom kyk en hom alles leer wat hy moet weet," sê sy. Sy help haar ma elke dag om Nhlakanipho te bad, te voer en aan te trek. Sy speel ook ná skool met hom en sing vir hom. Gou-gou begin hy glimlag en lag wanneer hy haar sien. Namate hy groter word, leer sy hom om te kruip en te praat, en dan om te loop. Hy volg haar orals. Hy is lief vir sy groot suster omdat sy so gaaf is met hom.

Maar Refilwe kom agter dat Nhlakanipho se bene en arms korter as ander kinders s'n is en dat hy nie langer word nie. Sy praat met haar ma daaroor.

Ma sê: "Refilwe, Nhlakanipho lyk effens anders as ander kinders omdat sy bene anders as hulle s'n groei. Hy ly aan iets wat **dwergisme** genoem word. Hy sal altyd kleiner as ander mense wees." Refilwe begin huil. "Maar Ma, mense gaan aaklig met hom wees. Sal hy ooit skool toe kan gaan?" Ma antwoord: "Hy sal skool toe gaan en ek hoop hy sal verder vir 'n loopbaan studeer. Al bly hy altyd klein, gaan hy 'n gelukkige lewe hê. Daar is talle mense soos hy oral ter wêreld wat Dwergies genoem word. Ons moet seker maak dat hy innerlik sterk is en dat kinders nie sy **gevoelens seermaak** nie."

Sommer gou breek die dag aan waarop Nhlakanipho skool toe moet gaan. Refilwe is nou reeds 14 jaar oud en in die hoërskool. Ma gaan vooraf na die laerskool om die onderwysers te sê van Nhlakanipho se **lengte**. Op die eerste skooldag neem Refilwe vir Nhlakanipho skool toe. Sy hou sy hand styf vas. Refilwe is bekommerd daaroor dat die ander kinders hom gaan **terg** omdat hy net so lank soos 'n tweejarige is.



## VRAE EN WOORDESKAT

**dwergisme:** 'n siektetoestand wat veroorsaak dat 'n mens baie klein bly

**gevoelens seermaak:** om dinge te sê wat mense ongelukkig of hartseer laat voel

**lengte:** hoe lank jy is

**terg:** om vir iemand op 'n speelse of wrede manier te lag of hulle kwaad te maak.

Al die kinders staar Nhlakanipho aan toe hy by die klaskamer instap, maar Refilwe maak of sy dit nie raaksien nie. Die onderwyser praat toe met al die kinders.

“Kinders, ons is baie bly om Nhlakanipho saam met ons in die klas te hê. Hy gaan nooit so lank soos julle word nie, maar hy is dieselfde as julle almal. Hy is slim, hy is vriendelik en hy het gevoelens nes julle. Deurdat ons hom in ons klas het, gaan ons leer om goedhartig te wees teenoor mense wat effens anders as ons is.” Sy gaan aan: “Julle weet dis verkeerd om enige kinders te terg oor hoe hulle lyk. Waarom mag julle nie?”

Was Refilwe lief vir haar broer? Hoe weet julle?

Hoe kan julle vriendelik teenoor mense wat anders as julle is wees?

Was enigeen al ooit by die skool geterg.Hoe het dit julle laat voel?

# MAANDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.




## HARDOPLEESSTORIE Refilwe se broer

OG bl. 78-79
15 min

**Vóór lees**
- Stel die storie bekend.
- Vra 'n paar vrae wat die storie by die leerders se ervaringe laat aansluit.

**Lees die storie**
- Lees die storie hardop
- Verduidelik die woordeskat.

**Ná lees**
- Vra vrae om die tema te verken.



## AANVANGSKENNIS EN PSW My wonderlike liggaam

GB bl. 21
30 min
LAB bl. 92

**Bestaande kennis**
- Roep die verskillende liggaamsdele uit en vra die leerders om daaraan te raak soos jy doen.

**Lees die bladsy**
- Kyk na die prente.

**Bespreek die bladsy**
- Wat is dieselfde omtrent hierdie kinders? Wat is verskillend?
- Groei ons almal teen dieselfde spoed?
- Waarom dink julle is die titel van die storie *Ons wonderlike liggaam*?
- Watter wonderlike dinge kan jou liggaam doen?




## KLANKE Die klank **Yy**

LAB bl. 93
15 min

**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met letters wat aangeleer is.Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank




## HANDSKRIF

15 min

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 101-108

30 min

- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B



**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite van bladsy 19 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Leerders rolspel die aktwiteite.

**Klasaktiwiteit**

- Speel elke Maandag 'n speletjie soos vang-vang, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.

## VISUELE KUNSTE 'n Helpende Hand-boom

30 min



**Deel skêre, potlode, kryte/viltpenne, 'n vel A4 papier per leerder uit.**

**Bespreek die volgende vrae**

- Waarvoor gebruik julle jul hande in die klas?
- Hoe gebruik on sons hande om mekaar te help?
- Is ons hande altyd behulpsaam? Gee voorbeelde.

**Maak 'n helpende handeboom**

- Leerders teken hul hande oor met 'n potlood.
- Hulle moet hul name met duidelike letters op hulle hande skryf.
- Hulle kan dit inkleur of patrone rondom hul name maak.

**Loop rond en ondersteun**

- Help leerders om hulle hande uit te knip.
- Plak die hande op die takke van 'n boom wat julle geteken het.

# DINSDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan 'n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder 'n beurt gedurende die kwartaal.



## LUISTER EN PRAAT Bespreek die doel van die storie

OG bl. 78-79

15 min



**Herinner leerders aan die storie van: *Refilwe se boetie***

**Bespreek die storie as 'n klas**
- Oor wie het die storie gegaan?
- Wat het gebeur?
- Hoe het dit geëindig?

**Leerders vra oopeindevrae oor die storie**
- Leerders werk in pare.
- Elke leerder kry 'n beurt om te praat en om te luister.
- Hulle moet bespreek wat hulle uit die storie geleer het, of hulle enigiemand soos Refilwe ken, en of hulle enigiemand soos Nhlakanipho ken.



## AANVANGSKENNIS EN PSW Dele van my liggaam

LAB bl. 94

15 min




**Bespreek die prente en byskrifte**
- Lees elke byskrif.

**Leerders raak aan die deel van hul eie liggaam soos hulle die woord sê.**
- Leerders verbind die byskrifte met die prente
- Gebruik 'n skerp potlood en liniaal en trek lyne vanaf die byskrif tot die liggaamsdeel.



## KLANKE Onafhanklike woordbou

LAB bl. 95 en 211

15 min




**Berei voor**
- Leerders knip die letterkaarte vir die week op (bladsy 211 in die LAB) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.
- Bou saam woorde

**Roep'n leerder na die bord vir elke woord.**
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Wat is die eerste letter? Ensovoorts.
- Laat die leerder die letterkaart vind en in die korrekte posisie plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die letters in 'n sakkie/ houer om weer te gebruik**



## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (1) Verskillende liggame

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Refilwe se boetie* vir die klas.
- Vra die Dag 1-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde ore, oë, bene, liggame, tande**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

GB bl. 22-25
30 min

LAB bl. 88-91


Verskillende liggame
Party skerpioene het 12 oë.
'n Slang het 2 oë.
22



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 101-108
30 min





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

25 min





## VISUELE KUNSTE Maak 'n spotprentfiguur

**Deel twee velle A4 papier, potlood, skêr, gom, kryte/viltpenne per leerder uit.**

**Teken of trek liggaamsdele af**
- Op die een vel papier moet leerders die volgende liggaamsdele teken (hulle gaan dit later uitknip so dit moet apart geteken word): een kop, twee arms, twee bene, en 'n bolyf.
- Kleur die liggaamsdele in.
- Leerders knip die liggaamsdele uit (onderwyser mag help)

**Sit die dele saam**
- Op 'n skoon bladsy gebruik die leerders gom om die liggaamsdele bymekaar te sit om 'n liggaam te vorm.
- Hulle kan hulle spotprentfiguur 'n naam gee.

30 min



# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW My gesig

LAB bl. 96

15 min




**Identifseer dele van die gesig**
- Lees die byskrifte hardop vir die leerders.
- Soos jy lees moet die leerders na hul maat se gesig kyk en na die kenmerk wys (geen aanraking).

**Teken 'n gesig**
- Leerders kan nou hul maats se gesigte teken wat die kenmerke, soos bespreek, insluit.

## KLANKE Die klank Ff

LAB bl. 97

15 min




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met letters wat aangeleer is.Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.
- Identifiseer woorde met die klank
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (2) Refilwe se broer

GB bl. 22-25

30 min

LAB bl. 88-91




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Ydele mnr Haantjie* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde deur, alleen, vreemdeling, klop, brand**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



## GEDEELDE SKRYF Voltooi ’n vorm

- Kopieer die vorm op bladsy 99 op die bord.
- Lees die vorm saam.
- Deur jouself as voorbeeld te gebruik, modeleer hoe om die vorm op die bord te voltooi.
- Verduidelik dat elke persoon se vingerafdruk uniek is.

**LAB bl. 99**
**15 min**


Datum
Voltooi hierdie vorm.
Ek is spesiaal
Noam: ______
Ouderdom: ______
Oë: blou • bruin • groen
Hare: bruin • swart • blond
rooi en krullerig • reguit
Lengte: kort • lank • medium
Vingerafdruk:
Donderdag 99



## ONAFHANKLIKE WERK

- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

**LAB bl. 101-108**
**30 min**





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep E en A

**Eerste lees: Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees: Groep A**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

**25 min**





## UITVOERENDE KUNSTE Groepbewegingsinne

**Verduidelik en doen ’n bewegingsin met die klas**
- Sê vir die leerders om jou eers dop te hou.
- Sê die woord en doen terselfdertyd die aksie.
- Byvoorbeeld: Ek (vat aan bors) is lief (dubbele klap) vir graad 1 (dubbele klik).

**Leerders ontwerp hul eie bewegingsinne**
- Groep gaan hulle beweging-sinne ontwerp deur die volgende woorde te gebruik: Ons groep is die beste.
- Indien die tyd dit toelaat, kan hulle hul eie sinne opmaak.

**Berei voor vir die aanbieding**
- Hulle sal môre hul bewegingsinne aanbied.

**15 min**

Ek (*duim wys na bors*)
hou van (*klap op tafel*)
vriende (*draai in die rondte*)
by my (*klap hande twee keer*)
skool (*spring hoog op*).

## DONDERDAG



### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan ’n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies ’n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder ’n beurt gedurende die kwartaal.



### LUISTER EN PRAAT Bewegingsin

15 min



**Pare**
- Leerders maak beurte om hul nuus vir ’n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raamop die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies ’n paar leerders om hul nuus aan die klas te vertel.



### KLANKE Onafhanklike woordbou

LAB bl. 98 en 211

15 min




**Benoem die letters deur kaarte te gebruik**
- Leerders versprei letterkaarte op hul banke.
- Onderwyser sê ’n klank.
- Leerders wys die gepaste letterkaart.

**Onafhanklike woordbou**
- Kyk na die prent en sê die woord.
- Bou die woord met jou kaarte. Die klein blokkies dui aan hoeveel letters daar is.
- Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord)



### HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.



### GEDEELDE LEES (3) Verskillende liggame

GB bl. 22-25

30 min

LAB bl. 88-91




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Ydele mnr. Haantjie* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as ’n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: ore, oë, bene, liggame, tande**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by ’n woord in die Grootboek.

## ONAFHANKLIKE SKRYF Voltooi 'n vorm

LAB bl. 99

15 min

**Help die leerders om die eerste deel van die vorm te voltooi**
- Help hulle om die plek te vind waar hulle hul name en ouderdomme moet invul.
- Hulle moet woorde kies wat beskryf hoe hulle lyk.

**Maak 'n vingerafdruk**
- Wys hulle hoe om die vingerpunt van die pinkie met 'n viltpen, ink of vingerverf in te kleur en dit op die vingerafdrukspasie te druk.


Datum
Voltooi hierdie vorm.

Ek is spesiaal

Naam:
Ouderdom:
Oë: blou • bruin • groen
Hare: bruin • swart • blond • rooi en krullerig • reguit
Lengte: kort • lank • medium
Vingerafdruk:

Donderdag 99

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 101-108

30 min

- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep B en C

**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE Bied bewegingsinne aan

30 min

**Groep voer bewegingsinne uit**
- Hou noukeurig dop terwyl groepe hulle bewegingsinne uitvoer.

**Leerders assesseer die uitvoerings**
- Was die woorde duidelik?
- Was die bewegings interessant?



# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk jouself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW — Vertel ’n storie

15 min



**Hersien**
- Herinner leerders wat die tema van die week was.

**Vertel ’n storie**
- Vertel ’n storie van toe jy alleen as kind by die huis was en al die snaakse dinge wat gebeur het. Moenie dit te ernstig maak nie.
- Laat die leerders toe om vrae te vra sodat hulle duidelikheid kry oor dinge wat hulle moontlik nie verstaan het nie.

## KLANKE — Diktee

LAB bl. 100
15 min


Datum
Diktee
100 Vrydag

- Sê elke woord stadig
- Leerders skryf die woorde in hulle beste handskrif.
- Teen die einde van die dag moet hulle hul boeke inhandig om gemerk te word.

hek sit hok is ink

## ONAFHANKLIKE SKRYF — Raai wie?

LAB bl. 99
15 min


Datum
Voltooi hierdie vorm.
Ek is spesiaal
Naam:
Ouderdom:
Oë: blou • bruin • groen
Hare: bruin • swart • blond
rooi en krullerig • reguit
Lengte: kort • lank • medium
Vingerafdruk:
Donderdag 99

**Hersien**
- Herinner leerders aan die vorms wat hulle voltooi het.

**Kies 3-5 van die voltooide Ek is spesiaal-vorms, om hardop vir die klas te lees.**
- Lees die vorms hardop vir die klas.
- Leerders moet raai wie die vorm ingevul het.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB
bl.
101-108

30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E



**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarneming aan.
- Afhangende van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB’e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek** nagegaan en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- individuele, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

## OORSIG VAN WEEK



# Binne-in my liggaam

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

been | gebreek | genees | seer | x-straal

## FORMELE ASSESSERING WEEK 6

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dinsdag-Vrydag | Liggaamsopvoeding 1: Hindernisbaan (10 punte) | PRAKTIES | OG bl. 97, 99, 101, 103 |
| Vrydag | AK/PSW 1: Gevare in die huis (10 punte) | LAB bl. 122 | OG bl. 102 |
| Vrydag | Handskrif: Kopieer sinne (5 punte) | LAB bl. 123 | OG bl. 102 |

## RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 min per groep Aktiwiteite vir ontluikende lees OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maandag | | Dinsdag | | Woensdag | | Donderdag | | Vrydag | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | GBL 1 | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | GBL 2 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | 1 | GBL 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | GBL 2 | 6 | 7 | 8 |
| **Groep C** | 1 | 2 | GBL 1 | 3 | 4 | 5 | 6 | GBL 2 | 7 | 8 |
| **Groep D** | 1 | 2 | 3 | GBL 1 | 4 | 5 | 6 | 7 | GBL 2 | 8 |
| **Groep E** | 1 | 2 | 3 | 4 | GBL 1 | 5 | 6 | 7 | 8 | GBL 2 |

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- skêre en gom
- kleeflint/masker band, tou
- kryte of viltpenne
- gekleurde papier
- ekstra afval material (vir groepe wat nie kon kry nie)
- sakkies of houers vir die week se letters
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



**Onafhanklike Werk (OW)**
- 2 GBL-groepe per dag
- 8 OW-bladsye



**Hardopleesstorie**
*Kou harde bene*

**Werk in pare**
Bespreek storie en maak storie-eindes op

**Sing/resiteer**
Liedjie oor die dele van my liggaam



**Gedeelde Lees**
*Paul breek sy arm*



**Liggaamsopvoeding**
Aktiwiteitstasies

**Assessering**
Hindernisbaan








**Gedeelde Skryf**
Gebruik vraagwoorde om nuus te vertel

**Onafhanklike Skryf**
Skryf *My nuus-sinne*



**Visuele Kunste**
- Skep in 2D: Ontwerp 'n pop van afvalmateriaal
- Skep in 3D: Maak 'n pop

**Uitvoerende Kunste**
- Aanbieding van elkeen se pop in klas
- Rolspel: Voer 'n onderhoud met die pop



**Aanvangskennis en PSW**
- Binne-in my liggaam (GB)
- Geraamtes
- Klassifisering: Binne-in of buite my liggaam

**Assessering**
Identifiseer gevare by die huis



**Klanke**
- Stel die klank Hh en Gg bekend
- Klankliedjie

**Handskrif**
Skryf die letter Hh en Gg

**Assessering**
Kopieer die sin

Klanke | GBL | Handskrif

# Kou harde bene



Die koning van diere, koning Leeu, bly in 'n grot op die Groot Rotse. Toe hy oor die Afrikaland uitkyk, sien hy stofwolke. Party van diere is besig om oor kos te baklei. Hulle wil almal dieselfde ding eet.

Ek moet dit nou uitsorteer, dink hy. Diere moet leer om verskillende dinge te eet sodat daar geen **gekibbel** meer sal wees nie.

Koning Leeu besluit om al die Afrika-diere bymekaar te roep. Hy stuur voëls orals oor die land uit om al diere aan te sê om na die Groot Rotse te kom. Diere begin dadelik aanstap na die Groot Rotse. Hulle is altyd gehoorsaam aan koning Leeu omdat hy die koning is. Daar is sommer gou 'n lang tou kameelperde, olifante, sebras, rooibokke, seekoeie en renosters wat almal op pad na die Groot Rotse is.

Maar een dier stap nie saam met die ander nie. Hy speel te lekker in die modder by die rivier. Dis Hiëna wat baie van die koel, morsige modder hou. Ek sal later na die vergadering gaan, dink hy. Ek geniet dit nou te veel hier.

Intussen daag al diere by die vergaderplek op en wag vir koning Leeu om by sy grot uit te kom. Hy kom staan toe voor hulle en praat met 'n diep stem.

"Ons moet seker maak daar is genoeg kos vir almal. Ek het hieroor nagedink en dit is hoe dit sal werk. Omdat ek die koning is, sal ek die vars vleis eet. My twee neefs, Luiperd en Jagluiperd, mag ook vars vleis eet."



**VRAE EN WOORDESKAT**

**kibbel:** stry en baklei met geraas oor dinge

Diere **mompel** saggies. Koning Leeu gaan aan: "Jakkals en die kleiner diere kan die stukkies vleis eet wat ons agterlaat. Die res van julle … julle moet die sappige plante van Afrika eet. Kameelperd, jy is die langste en kan dus die blare van die hoë bome bykom. Olifant, jy is die grootste en kan dus al die ryp vrugte aan die bome eet. Jy kan ook die sagte, jong boompies eet."

**gemurmereer:** saggies praat (brom)

Olifant en Kameelperd is baie bly.

"Renoster, omdat jy baie **skaam** is, kan jy die blare eet van die bosse waarin jy wegkruip. Seekoei en Buffel, julle kan die lang, soet gras eet, maar op verskillende tye. Buffel, jy kan bedags eet en Seekoei snags – dan is daar geen bakleiery nie. Sebra en Rooibok, julle kan die kort grassies eet wat oorbly nadat die groot diere klaar geëet het."

**skaam:** verleë voel

Renoster, seekoei, buffel en die ander diere is bly om dit te hoor. Nou gaan niemand meer baklei nie.

Sommer gou weet al diere wat hulle mag eet. Hulle loop terug huis toe en koning Leeu gaan terug in sy grot in om 'n bietjie te gaan slaap.

Wie is toegelaat om vars vleis te eet? Hoekom?

Watter ander diere kan julle onthou? Wat kon hulle eet?

Dink julle Leeu kon diere keer om op te hou baklei? Hoe?

Hiëna plas steeds in die modder rond. Hy het heeltemal van die vergadering vergeet. Toe die son begin sak en dit koeler word, onthou hy opeens. Hy hardloop so vinnig as wat sy bene hom kan dra na die Groot Rotse en kom daar aan, heeltemal bedek met modder. Maar niemand is meer daar nie! Al diere is reeds terug by hul eie huis en koning Leeu is vas aan die slaap.

Hy roep: "Koning Leeu, koning Leeu, ek's jammer ek is so laat! Kom asseblief by jou grot uit en vertel my wat ek mag eet."

Koning Leeu hoor Hiëna. Hy is deur die slaap en kwaad. Hy hou nie daarvan as diere nie na hom luister nie. Hy kom stadig by sy grot uit en sê met 'n kwaai stem: "Hiëna, jy is baie laat. Ek het reeds al die kos uitgedeel."

Hiëna is ontsteld. "Ek's jammer, o grote koning Leeu. Sê asseblief vir my wat ek kan eet, anders gaan ek honger bly."

"Nou maar reg," sug koning Leeu. "Laat ek dink. Mmm. Jy het groot tande. Jy kan die bene eet wat oorbly nadat ons leeus ons vars vleis klaar geëet het. Gaan nou weg en laat ek verder slaap. Ek wil jou nie weer sien nie."

Hiëna sluip weg. Hy kry baie skaam oor sy gedrag. En van daardie dag af kyk die ander diere hoe Hiëna harde bene **kou**. Hy kry tot vandag toe al die bene wat koning Leeu en sy neefs vir hom agterlaat.

**gekou:** om te byt en kos met jou tande fyn maal.

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS

**15 min**

**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.






## HARDOPLEESSTORIE Kou harde bene

**OG bl. 92-93**
**15 min**

**Vóór lees**
- Stel die storie bekend.
- Vra 'n paar vrae wat die storie by die leerders se ervaringe laat aansluit.

**Lees die storie**
- Lees die storie hardop
- Verduidelik die woordeskat.

**Ná lees**
- Vra vrae om die tema te verken.





## AANVANGSKENNIS EN PSW Binne-in my liggaam

**GB bl. 26**
**30 min**
**LAB bl. 113**

**Bestaande kennis**
- Vra vir die leerders om te vertel wat hulle dink binne-in hul liggame is.

**Lees die bladsy**
- Gebruik die Grootboek en lees elke byskrif en verduidelik die doel van die orgaan.

**Bespreek die bladsy**
- Lees weer die byskrifte. Vra die leerders hierdie keer om te vat waar hulle dink dit in hul liggame is.
- Sien voorstelle in die Grootboek om die belangrikheid te verduidelik.






## KLANKE Die klank **Hh**

**LAB bl. 114**
**15 min**

**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met dié klank**
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.






## HANDSKRIF

**15 min**

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bl. 7
- Hersien die letterformasie van die klanke van die dag.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## ONAFHANKLIKE WERK

- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

**LAB bl. 124-131**
**30 min**





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B

**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letterklank korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid





## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

**25 min**

- Berei vóór die les 'n hindernisbaan voor – buite is die beste. Sluit dinge in om op te balanseer, oor te klim, tussen-in spring, ensovoorts.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.
- Verduidelik/wys wat leerders by elke hindernis moet doen. Laat hulle toe om te oefen.

**Nasien**: Sien bladsy 161.
**Punte:** 10





## VISUELE KUNSTE Gebruik afvalmateriaal

**Bespreek LAB page**
- Kyk na die afvalmateriale en identifiseer dit.
- Besluit hoe julle 'n pop met die afvalmateriaal kan maak.
- Kyk na die poppe en gesels oor watter materiale gebruik is om elkeen te maak.

**Verduidelik die taak**
- Vandag beplan leerders in kleiner groepe hoe hulle 'n pop van afvalmateriaal gaan maak.
- Groepe maak die volgende dag hul poppe.

**Groepe berei voor**
- Ontwerp 'n pop en teken 'n rowwe skets op papier.
- Besluit watter materiale julle gaan nodig kry.
- Maak die materiale wat julle gaan nodig kry by die huis bymekaar en bring dit môre skool toe.

**LAB bl. 115**
**30 min**


Datum
Maak 'n pop van afvalmateriaal
Maak van hierdie afvalartikels bymekaar.
karton
koerante
sneespapier
toiletrol
kurke
plastiekbottels
plastiekproppe
roomysstokkies
Maak 'n pop van afvalmateriaal.
Maandag 115

# DINSDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan ’n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies ’n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder ’n beurt gedurende die kwartaal.



## LUISTER EN PRAAT Kou harde bene

OG bl. 92-93

15 min



**Herinner leerders aan die storie: *Kou harde bene***

**Pare**
- Bespreek
  - Wat was die probleem wat Koning Leeu probeer oplos het?
  - Wat was sy oplossing?
  - Wat was die tweede probleem met Hiëna?
  - Wat was Koning Leeu se oplossing?
- Elke paar moet ’n einde opmaak en met die klas deel.



## AANVANGSKENNIS EN PSW Geraamtes

LAB bl. 116

15 min




**Bespreek verskillende dieregeraamtes**
- Kyk na elke dier in die eerste kolom. Benoem hulle.
- Kyk na die volgende kolom. Dit is geraamtes – die bene wat dier se liggaam ondersteun.
- Gesels oor diere wat geraamtes binne-in hul liggame het.
- Leerders werk saam met ’n maat

**Leerders pas elke wese by ’n geraamte.**



## KLANKE Bou woorde

LAB bl. 117 en 213

15 min




**Berei voor**
- Leerders knip die letterkaarte vir die week (bladsy 213 in die LAB) uit.
- Vertoon dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou saam woorde**
- Roep ’n leerder na die bord vir elke woord.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Wat is die eerste letter? Ensovoorts.
- Laat die leerder die letterkaart vind en op die korrekte posisie plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord kopieer met hul eie kaarte.

**Plaas die letters in ’n sakkie/houer om weer te gebruik.**



## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (1) Paul breek sy arm

GB bl. 27-30
30 min

LAB bl. 109-112




**Lees**

- Lees *Paul breek sy arm* vir die klas voor.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as ’n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde been, gebreek, genees, seer, x-straal**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaart by ’n woord in die Grootboek.

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 124-131
30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL

## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D



**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid

## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1 Groep A

25 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Onderwyser neem waar en assesseer Groep A op die hindernisbaan.

**Koel af**

**Sien na:** Sien bladsy 161
**Punte:** 10

## VISUELE KUNSTE Maak ’n pop

30 min



**Deel gom, kleeflint, tou, afvalmateriale, gekleurde papier uit.**

**Groepe maak hul pop**

- Leerders werk in groepe om hulle pop uit afvalmateriale wat hulle gebring het, te maak.
- Indien iets nie werk nie, moedig hulle aan om iets anders te probeer.
- Herinner hul daaraan dat dit nie gaan oor hoe mooi die pop lyk nie, maar oor hoe hard hulle probeer het en ook hoe kreatief hul met die afvalmateriaal was.

**Leerders verduidelik wat hulle gedoen het**

- Sê vir die leerders dat hulle aan die klas moet terugvoering gee oor hoe hulle hul poppe gemaak het. Hulle kan hiervoor voorberei sodra hulle hul poppe klaargemaak het.

# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW

### Buite en binne-in ons liggame

LAB bl. 118

15 min




**Gesels oor liggaamsdel buite en binne-in hul liggame**
- Kyk na elke klein prentjie en lees die opskrifte.
- Verduidelik wat sommige dele binne die liggaam is en sommige buite die liggaam.
- In pare besluit die leerders watter dele is buite en plaas 'n X langsaan.

**Skryf die liggaamsdele in kolomme**
- Help die leerders om die name van die liggaamsdele wat buite die liggaam is, in die korrekte kolom te skryf.
- Doen nou dieselfde met die organe wat binne-in die liggaam is.

## KLANKE

### Die klank Gg

LAB bl. 119

15 min




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met dié klank.**
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (2)

### Paul breek sy arm

GB bl. 27-30

30 min

LAB bl. 109-112




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Paul breek sy arm* vir die klas
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde been, gebreek, genees, seer, x-straal**
- Wys die flitskaart en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaart by 'n woord in die Grootboek.



## GEDEELDE SKRYF

Einde van stories

15 min




**Berei die bord voor**

- Wys vir die leerders die skryfraam.
- Verduidelik dat wanneer ons ons nuus vertel, ons sê wanneer dit gebeur het, wie betrokke was, wat gebeur het, en waar dit gebeur het.

**Skryf 'n paar leerders se voorstelle neer**

- Vra vir idees. Herinner leerders om die vraagwoorde te beantwoord.
- Vra leerders om toepaslike woorde te spel.

**Lees saam met die klas**



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 124-131

30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES

Groep E en A



**Eerste lees: Groep E**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees: Groep A**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou eie waarneming aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

Groep B

25 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Onderwyser neem waar en assesseer Groep B op die hindernisbaan.

**Sien na:** Sien bladsy 161
**Punte:** 10



## UITVOERENDE KUNSTE

Stal poppe uit

30 min



**Berei voor**

- Bespreek kortliks hoe 'n goeie aanbieding lyk en klink.
- In groepe berei leerders voor om die poppe uit te stal en te verduidelik hoe dit gemaak is.
- Gesels oor die pop se karakter.
- Almal in die groep moet iets sê.

**Bied in groepe aan**

**Gee terugvoering**

- Klas sê hoekom hulle van elke pop hou.

# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan 'n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder 'n beurt gedurende die kwartaal.

## LUISTER EN PRAAT Sing/resiteer

15 min

- Onderrig die liedjie en die aksies.
- Leerders neem deel soos hulle kan.

**My liggaam**

Met my hande klap,
klap, klap,
Met my voete stamp,
stamp, stamp!
Ek kan my knieë knik,
knik, knik,
Met my vingers tik,
tik, tik!
Altwee arms lig ek op,
Daarmee raak ek aan
my kop.
Met my mond tel ek tot
tien,
Met my oë kan ek sien.
Alles om my kan ek
hoor,
Want ek luister met my
oor.
Maar nou gaan ek jou
eers uitlos,
Want my neusie ruik!
lekker kos!

## KLANKE Onafhanklike woordbou

LAB bl. 120 en 213

15 min




**Benoem letters deur kaarte te gebruik**
- Leerders sprei letterkaarte op hul banke uit.
- Onderwyser sê 'n klank.
- Leerders wys die ooreenstemmende letterkaart.

**Onafhanklike woordbou**
- Kyk na die prent en sê die woord.
- Bou die woord met jou kaarte. Die klein blokkies dui aan hoeveel letters daar is.
- Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die vorige dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (3) Paul breek sy arm

GB bl. 27-30

30 min

LAB bl. 109-112




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Paul breek sy arm* vir die klas voor.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees weer die storie as klas.

**Hersien die flitskaartwoorde been, gebreek, genees, seer, x-straal**
- Wys die flitskaart en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaart by 'n woord in die Grootboek.



## SKRYF My nuus

**LAB bl. 121**
**15 min**




**Hersien hoe om nuus te skryf**
- Hersien die sleutelvrae: wanneer, wie, wat het gebeur, waar?
- Lees weer Gedeelde Skryf-sinne van die vorige dag.

**Leerders skryf hul eie sinne**
- Leerders voltooi bladsy 121 in die LAB.
- Hulle moet woorde en ’n sin skryf om die gapings te vul.



## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 124-131**
**30 min**



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep B en C



**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou eie waarneming aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1 Groep C

**25 min**



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Onderwyser neem waar en assesseer Groep C op die hindernisbaan.

**Koel af**

**Sien na:** Sien bladsy 161
**Punte:** 10



## UITVOERENDE KUNSTE Rolspel

**30 min**




**Berei voor**
- Groepe voer onderhoude met die poppe deur rolspel.
- Leerders maak beurte deur vrae te vra en te antwoord, asof hulle ’n onderhoud met beroemde persoon op TV voer.
- Een lid is die pop (gebruik die pop as handpop) en moet elke vraag beantwoord.

**Gee terugvoering aan die klas**
- Deel sommige van die snaakse vrae en antwoorde met die klas. ions and answers with the Klasaktiwiteit.

# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register**

- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**

- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Weer**

- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.



## AANVANGSKENNIS EN PSW ASSESSERING 1

### Identifiseer gevare in die huis

LAB bl. 122
15 min

**Hersien**

- Herinner leerders dat gevare in die huis hierdie kwartaal bespreek is.

**Doen bladsy 122 in die LAB**

- Leerders werk individueel deur 'n kruisie oor elke gevaar in die kamer te maak.

**Sien na:** Sien bladsy 153
**Punte:** 10




## HANDSKRIF ASSESSERING 1

LAB bl. 123
15 min

- Maak seker dat die leerders se potlode skerp is; geen uitveërs.
- Leerders kopieer die sin.
- Hulle plaas 'n sterretjie bo-aan die letter waarop hulle die trotsste is.

**Sien na:** Sien bladsy 153
**Punte:** 10




## ONAFHANKLIKE SKRYF

LAB bl. 121
15 min

- Maak beurte om jou nuussin vir die groep te lees.
- Kies die mees interessante nuus uit die groep om vir die klas te lees.





## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 124-131
30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E



**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou eie waarneming aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1 Groep D

25 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Onderwyser neem waar en assesseer Groep D op die hindernisbaan.

**Sien na:** Sien bladsy 161
**Punte:** 10

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

## OORSIG VAN WEEK



# My sintuie

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

geruik | gehoor | geproe | geëet | gesien

### FORMELE ASSESSERINGSTAKE WEEK 7

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag – Vrydag | Lees 1: Individuele Hardoplees (10 punte) | LAB bl. 136 | OG bl. 108, 110, 112, 114, 116 |
| Donderdag | Uitvoerende Kunste 1: Groepsliedjie (10 punte) | PRAKTIES | OG bl. 115 |
| Vrydag | Klanke 1: Klanke (5 punte)<br>Klanke 2: Diktee (10 punte) | LAB bl. 145 | OG bl. 116 |

### RIGLYNE VIR LEES EN BEGRIPSASSESSERING 1 EN ONAFHANKLIKE WERK

| Lees en Begrip: een 30 minute-sessie vir elke groep OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| **Groep A** | **Leesassessering** | | **OW bl. 1** | **OW bl. 2** | **OW bl. 3** | **OW bl. 4** | **OW bl. 5** | **OW bl. 6** | **OW bl. 7** | **OW bl. 8** |
| **Groep B** | 1 | 2 | **Leesassessering** | | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| **Groep C** | 1 | 2 | 3 | 4 | **Leesassessering** | | 5 | 6 | 7 | 8 |
| **Groep D** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | **Leesassessering** | | 7 | 8 |
| **Groep E** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | **Leesassessering** | |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- potlood en skêre
- skoon velle A4-papier
- kryte, viltpenne of waterverf
- klei/plasticine/speeldeeg or regte deeg (resepte kan op internet verkry word)
- knope/lekkers/rosyntjies
- bottel of koekroller
- papierborde, verskillende soorte kos
- sakkies of houers vir hierdie week se letters
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- deurskynende plastiekemmer en vyf items vir die geheime sakkie wat daarin sal pas



**Werk in pare**
Dink-paar-deel

**Speletjie**
Luister en beskryf geluide

**Hardopleesstorie**
*Gemmerbroodman*



**Gedeelde Lees**
*Die Gemmerbroodman*

**Lees Assessering 1 en Onafhanklike Werk**
- Lees bladsy in LAB hardop
- 8 OW-bladsye



**Gedeelde Skryf**
Lys vyf goed: kategoriseer

**Onafhanklike Skryf**
Skryf eie lyste



**Liggaamsopvoeding**
Aktiwiteitstasies



Luister en praat · Lees · Skryf · Klanke · Lewensvaardigheid

**Tema:**
**My liggaam**

**Week 7:**
**My sintuie**



**Visuele Kunste**
- Maak 'n krabbelpatroon met toe oë
- Maak 'n gemmerbroodman

**Uitvoerende Kunste**
Voel en beskryf geheime voorwerpe

**Assessering**
Groepliedjie en -dans



**Aanvangskennis en PSW**
- *My sintuie* (GB)
- Passing: Sintuie by liggaamsdele
- Identifisering van smake op die tong



**Klanke**
- Stel die klank Jj bekend
- Woordfamilie: -a-

**Assessering 1**
Skryf letters vir klanke

**Assessering 2**
Diktee

**Handskrif**
Skryf die letter Jj

Klanke | GBL | Handskrif

# Gemmerbroodman




Daar was lank gelede 'n ou vrou wat daarvan gehou het om te bak. Sy het lekker beskuitjies en koeke gebak. Op 'n dag maak sy gemmerbrooddeeg aan. Sy vorm dit dat dit soos 'n gemmerbroodmannetjie lyk, met 'n kop, twee arms en twee bene. Sy sit rosyntjies op sy gesig vir die oë. Toe sit sy dit in die oond om te bak.

Toe Gemmerbroodman gaar is, maak sy die oond oop. Dit ruik **wonderlik**. Die ou vrou sien uit daarna om dit saam met haar tee te eet.

Maar o nee! Iets vreemds gebeur! Gemmerbroodman raak skielik lewendig! Hy spring by die oond uit. Hy hardloop venster toe. Hy spring by die venster uit. En toe hol hy weg!

"WAG! WAG!" skreeu die ou vrou en begin hom jaag.



VRAE EN WOORDESKAT

**wonderlik:** fantasies, baie goed

Gemmerbroodman lag net **parmantig**. Hy sing: "HOL, HOL SO VINNIG AS WAT JY KAN. JY KAN MY NIE VANG NIE! EK IS DIE GEMMERBROODMAN!"

Gemmerbroodman hardloop oor die werf en pyl op 'n veld af. Daar kry hy vir Koei. Koei **snuif** die wonderlike geur in. Sy probeer om Gemmerbroodman te stop.

"WAG! WAG!" skreeu Koei.

Maar Gemmerbroodman hardloop vir Koei weg. Hy lag parmantig en sing: "Hol, hol so vinnig as wat jy kan. Jy kan my nie vang nie! Ek is Gemmerbroodman!"

Agter die heuwel kry Gemmerbroodman vir Vark. Vark snuif die wonderlike geur in. Hy probeer om Gemmerbroodman te stop. "WAG! WAG!" skreeu Vark.

Maar Gemmerbroodman hardloop vir Vark weg. Hy lag parmantig en sing: "HOL, HOL SO VINNIG AS WAT JY KAN. JY KAN MY NIE VANG NIE! EK IS DIE GEMMERBROODMAN!"

Gemmerbroodman hou aan hardloop en hardloop. Maar o wee! Hy kom tot stillstand voor 'n breë rivier. Hy kan nie die rivier oorsteek nie. Krokodil lê in die water. Hy ruik die wonderlike geur en hoor mense skreeu: "WAG! WAG!" Hy sien hoe Vark en Koei en die ou vrou almal Gemmerbroodman jaag.

'Ek sal jou oor die rivier dra, mnr Gemmerbroodman,' sê Krokodil. 'Spring vinnig op die punt van my neus. Ek kan jou nie eet as jy daar sit nie.'

Gemmerbroodman sien dat Vark en Koei en die ou vrou net agter hom is. "Goed," sê hy en spring vinnig bo-op Krokodil se neus.

Krokodil begin om oor die rivier te swem. Maar toe hy in die middel kom, is die geur so wonderlik dat hy hom nie kan keer nie. Hy **skiet** Gemmerbroodman in die lug **op**. Toe vang hy hom in sy groot, wye mond. KRAAK, KRAAK, KRAAK. Hy eet Gemmerbroodman heel op. "Mmm, dit smaak **heerlik**," sê hy.

Die ou vrou en Koei en Vark sien hoe Gemmerbroodman opgeëet word. Hulle gaan terug huis toe om iets te kry om te eet. En dit was die einde van Gemmerbroodman.

**parmantig:** ongeskik maar nie lelik of onaangenaam nie

**gesnuif:** om raserig in te asem/ruik

**opskiet:** iets in die lug opgooi

**heerlik:** smaak baie lekker

Wie wou die Gemmerbrood eet?

Wie het toe uiteindelik Gemmerbroodman opgeëet?

# MAANDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.




## HARDOPLEESSTORIE Gemmerbroodman

OG bl. 104-105
15 min

**Vóór lees**
- Stel die storie bekend.
- Vra ’n paar vrae wat die storie by die leerders se ervaringe laat aansluit.

**Lees die storie**
- Lees die storie hardop
- Verduidelik die woordeskat.

**Ná lees**
- Vra vrae om die tema te verken.



## AANVANGSKENNIS EN PSW Jou sintuie

GB bl. 31
30 min
LAB bl. 137

**Bestaande kennis**
- Vra vir die leerders of hulle weet wat *sintuie* is.

**Lees die bladsy**
- Vra hierdie vraag nadat jy elkeen gelees het: Watter patroon sien julle oor hoe die teks geskryf is?

**Gesels verder oor sintuie**
- Gesels oor hoe sommige mense méér van ’n soet smaak hou en ander weer van ’n souterige smaak.
- Verduidelik dat sommige mense dinge beter kan sien wat ver is, as wat dit naby is – en ook andersom.
- Gesels oor hoe sommige mense sagte geluide goed kan hoor en ander dit glad nie kan hoor nie, of slegs harde geluide kan hoor.




## KLANKE Die klank Jj

LAB bl. 138
15 min

**Hersien klanke**
- Wys teen ’n vinnige pas ’n paar flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met dié klank.**
- Leerders gee nog woorde met die klank

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.




## HANDSKRIF

15 min

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 146-153
30 min



- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste leerder om te lees.



## LEES ASSESSERING 1 Groep A

LAB bl. 136

**Groep**
- Die hele groep kom na die mat met hul LAB'e.
- Hulle fluisterlees die Gedeelde Lees-stories in die LAB terwyl jy hulle assesseer.

**Assessering**
- Roep een leerder op 'n slag om bladsy 136 in die LAB vir jou te lees.
- Elke leerder lees vir 3 minute, ongeag die aantal sinne wat hulle lees.

**Nasien**: Sien bladsy 152
**Punte:** 10


Datum
Lees die sinne.
1 Ouma verjaar.
2 Dit is Mamma se kaartjie.
3 Dorpsmuis gaan plaas toe.
4 Mnr. Haantjie is by die huis.
5 'n Rooibok het groot ore.
6 'n Haai het baie tande.
7 Paul maak sy arm seer.
136 Maandag



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite van bladsy 19 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Leerders rolspel die aktwiteite.

**Klasaktiwiteit**
- Speel 'n speletjie soos vang-vang, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.





## VISUELE KUNSTE Krabbel patrone

30 min

**Deel papier en potlode, kryte/ viltpenne of verf uit.**

**Maak 'n krabbelpatroon met jul vingers**
- Demonstreer deur 'n krabbelpatroon op die bord te maak.
- Vra leerders om hulle vingers te gebruik om 'n krabbelpatroon op hulle banke te maak.

**Teken 'n krabbelpatroon met toe oë**
- Sê vir die leerders om hul oë toe te maak en te voel waar die rand van die papier is en dit met een hand vas te hou.
- Hulle moet liggies met 'n potlood vir 1-2 sekondes 'n krabbelpatroon maak.
- Maak die oë oop en teken oor die krabbellyne.
- Kleur elke vorm in of maak patrone in die vorms deur kryte, viltpenne of verf te gebruik.



## DINSDAG

### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**

- Maak beurte om nuus aan 'n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**

- Kies 'n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder 'n beurt gedurende die kwartaal.

### LUISTER EN PRAAT Gemmerbroodman

15 min



**Herinner leerders aan die storie van: *Die Gemmerbroodman***

**Dink-pare-deel**

- Elke leerder dink aan 'n vraag oor die storie.
- Hulle vra vir hulle maat die vraag, en ruil dan om.
- Sommige pare deel hulle vrae en antwoorde met die klas.

### AANVANGSKENNIS EN PSW My sintuie

LAB bl. 139

15 min




**Hersien die vyf sintuie met die klas**

- Vra waarom elke sintuig so belangrik is.
- Bespreek met groot sensitiwiteit sommige gestremdhede.

**Leerders skakel sintuie by liggaamsdele aan**

- Leerders verbind die sintuig met die liggaamsdeel.

### KLANKE Bou woorde

LAB bl. 140 en 215

15 min




**Berei voor**

- Leerders knip die letterkaarte vir die week (bladsy 215 in die LAB) uit.
- Vertoon dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou die woorde saam**

- Roep vir elke woord 'n leerder na die bord.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Wat is die eerste letter? Ensovoorts.
- Laat die leerder die letterkaart vind en in die korrekte posisie plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die letters in 'n sakkie/ houer om weer te gebruik.**

### HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (1) Gemmerbroodman

**Lees**
- Lees *Gemmerbroodman* vir die klas voor.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde**
**geruik**, **gehoor**, **geproe**, **geëet**, **gesien**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

**GB bl. 32-35**
**30 min**

**LAB bl. 132-135**






## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle Lees Assessering 1 het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende leerder om te lees.

**LAB bl. 146-153**
**30 min**





## LEES ASSESSERING 1 Groep B

**Groep**
- Die hele groep kom na die mat met hul LAB'e.
- Hulle fluisterlees die Gedeelde Lees-stories in die LAB terwyl jy hulle assesseer.

**Assessering**
- Roep een leerder op 'n keer om bladsy 136 in die LAB vir jou te lees.
- Elke leerder lees vir 3 minute, ongeag die aantal sinne wat hulle lees.

**LAB bl. 136**
**15 min**

**Nasien**: Sien bladsy 152
**Punte:** 10






## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

**25 min**





## VISUELE KUNSTE Gemmerbroodman

Deel klei/plasticine/speeldeeg of koekiedeeg, knope/lekkers/rosyntjies, bottels of koekrollers, papier, potlode en skêre uit.

**Maak en versier 'n gemmerbroodman**
- Demonstreer hoe om deeg uit te rol, die vorm te merk, uit te knip en te versier.
- Leerders maak gemmerbroodmanne.
- Laat dit in son droog word of bak dit volgens die resep.

**Indien daar nie deeg is nie, maak 'n gemmerbroodman van papier**
- Teken die buitelyne so groot as moontlik op 'n A4 papier.
- Kleur dit in.
- Knip dit uit en stal dit uit.

**30 min**



# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW Waar ons kos proe

LAB bl. 141
15 min




- **Benodigdhede vir elke groep:** 'n papierbord met klein hoeveelhede van 3-4 soorte kos, bv.: 'n suurlemoenskyfie wat in klein stukkies gesny is, teelepel sout, koffie en suiker of konfyt.

**Praat en proe**
- Waar op ons liggame proe ons?
- Leerders proe 'n klein hoeveelheid van elke voedselsoort op verskillende dele van hulle tong.
- Wat proe soet/suur/sout/bitter?

**Verduidelik smaakknoppies**
- Elke deel van ons tong proe 'n ander soort smaak:
  - punt van die tong: soet
  - kant van die tong: sout en suur
  - agterkant van die tong: bitter

**Voltooi die bladsy in die LAB.**

## KLANKE Die woordfamilie: -a-

LAB bl. 142
15 min




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met dié klank**
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (2) Gemmerbroodman

GB bl. 32-35
30 min

LAB bl. 132-135




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Gemmerbroodman* vir die klas voor.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde geruik, gehoor, geproe, geëet, gesien**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



## GEDEELDE SKRYF Lyste van liggaamsdele

**15 min**

**Berei die bord voor**
- Deel die klas in groepe en gee elke groep 'n opskrif.
- Saam moet hulle 'n lys van vyf dinge vir die opskrif skryf.

**Lees die lyste vir die klas**
- Leerders kan hulle lyste vir die klas hardop lees.
- Kies een om op die bord te skryf.






## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 146-153**
**30 min**

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle Lees Assessering 1 het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende leerder om te lees.





## LEES ASSESSERING 1 Groep C

**LAB bl. 136**

**Groep**
- Die hele groep kom na die mat met hul LAB'e.
- Hulle fluisterlees die Gedeelde Lees-stories in die LAB terwyl jy hulle assesseer.

**Assessering**
- Roep een leerder op 'n keer om bladsy 136 in die LAB vir jou te lees.
- Elke leerder lees vir 3 minute, ongeag die aantal sinne wat hulle lees.

**Nasien**: Sien bladsy 152
**Punte:** 10


Datum
Lees die sinne.
1 Ouma verjaar.
2 Dit is Mamma se kaartjie.
3 Dorpsmuis gaan plaas toe.
4 Mnr. Haantjie is by die huis.
5 'n Rooibok het groot ore.
6 'n Haai het baie tande.
7 Paul maak sy arm seer.
136 Maandag



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**25 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## UITVOERENDE KUNSTE Geheimsak

**30 min**

**Berei voor**
- Elke groep moet 'n geheimsak voorberei.
- Hulle kan oor wat hulle in die groep se geheimsak gaan sit gesels. Items kan van binne of buite die klas wees.
- Hulle moet vyf items in hul sakkies sit.

**Groepe raai wat binne-in die ander groepe se geheimsakke is**
- Ruil sakke uit met 'n ander groep.
- Leerders maak beurte om hul hande in die sak te sit en die item te voel.
- Hulle beskryf dit sonder om dit uit die sak te haal.
- Hulle raai wat dit is en haal dit dan uit om te kyk of hulle reg is.



# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus



15 min

**Pare**
- Maak beurte om nuus aan ’n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies ’n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder ’n beurt gedurende die kwartaal.



## LUISTER EN PRAAT Luisterspeletjie



15 min

- Luister vir twee minute.
- Watter geluid was die verste?
- Die naaste?
- Die hardste?
- Die sagste?
- Die interessanste?



## KLANKE Bou woorde

LAB bl. 143
15 min




**Bou woorde**
- Bou ’n paar woorde met die klank en sê dit hardop.

**Onafhanklike woordbou**
- Die leerders bou nog rymwoorde.
- Die leerders sê al die rymwoorde vir hulle maat.
- Die leerders kan meer woorde verskaf.



## HANDSKRIF



15 min

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (3) Gemmerbroodman

GB bl. 32-35
30 min

LAB bl. 132-135




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Gemmerbroodman* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as ’n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde geruik, gehoor, geproe, geëet, gesien**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by ’n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.



## ONAFHANKLIKE SKRYF Lyste van liggaamsdele

LAB bl. 144
15 min


Datum
Lyste van liggaamsdele
Maak twee lyste. Skryf 'n opskrif.
Lys 1
Opskrif:
Lys 2
Opskrif:
144 Donderdag

**Lees weer die Gedeelde Lees-sinne van gister**

- Herinner leerders aan die kenmerke van die lys: opskrif (hoofletters, onderstreep) genommer, geen hoofletters in die lys, items op nuwe lyne).

**Leerders maak twee lyste van hul eie keuse**

- Leerders gebruik die twee rame in die LAB om hul eie lyste te maak.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 146-153
30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle Lees Assessering 1 het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende leerder om te lees.



## LEES ASSESSERING 1 Groep D

LAB bl. 136


Datum
Lees die sinne.
1 Ouma verjaar.
2 Dit is Mamma se kaartjie.
3 Dorpsmuis gaan plaas toe.
4 Mnr. Haantjie is by die huis.
5 'n Rooibok het groot ore.
6 'n Haai het baie tande.
7 Paul maak sy arm seer.
136 Maandag

**Groep**

- Die hele groep kom na die mat met hul LAB'e.
- Hulle fluisterlees die Gedeelde Lees-stories in die LAB terwyl jy hulle assesseer.

**Assessering**

- Roep een leerder op 'n keer om bladsy 136 in die LAB vir jou te lees.
- Elke leerder lees vir 3 minute, ongeag die aantal sinne wat hulle lees.

**Nasien**: Sien bladsy 152
**Punte:** 10



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

30 min



**Berei voor**

- Verdeel klas in 6 groepe. Hulle kies 'n kort liedjie om met aksies uit te voer.
- Gaan na buite om te oefen.
- Sê vir hulle dat die assesseringskriteria soos volg is: samesang, nootvas en in tyd, ritme en bewegings.

**Voer op**

- Roep een groep op 'n keer na binne om op te voer.

**Nasien**: Sien bladsy 160
**Punte:** 10

# VRYDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.



## KLANKE ASSESSERING 1 EN 2

LAB bl. 145
15 min




**Klanke Assessering 1: Klanke (5 punte)**
- Skryf in ry 1 die letters van die klanke wat ek sê.

**Klanke Assessering 2: Diktee (10 punte)**
- Sê elke woord slegs twee keer.
- Leerders skryf die woorde in hul beste handskrif.

**Nasien**: Sien bladsy 151.
**Punte:** Assessering 1: 5, Assessering 2: 10



## ONAFHANKLIKE SKRYF Redigering

LAB bl. 144
15 min

**Berei voor**
- Met die leerders se hulp, maak voorbeeld lyste op die bord. (bv. Sintuie, dele van die been, dele van die arm, binne dele)

**Pare: Ruil lyste van Onafhanklike Skryf uit**
- Lees jou maat se lys. Kontroleer of dit sinvol is.
- Gaan die spelling ná deur na die bord té kyk.
- Onderstreep enige woorde wat volgens jou verkeerd gespel is.

**Individueel: Doen verbeteringe van spelling**
- Kry jou eie boek terug.
- Gaan die spelling op die bord na en korrigeer jou eie spelling.
- Gebruik 'n liniaal om 'n streep deur foutiewe woorde te trek. Skryf dan die regte woord neer.

| Sintuie | Binnedele | Buitedele |
|---|---|---|
| sig | hart | hare |
| gehoor | longe | kop |
| smaak | bene | arms |
| reuk | maag | bene |
| tas | brein | voete |
| | | romp |

| Dele van gesig | Dele van been | Dele arm |
|---|---|---|
| mond | knie | elmboog |
| oë | enkel | skouer |
| neus | kuit | hand |
| ore | dy | vingers |
| tande | voet | polse |



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle Lees Assessering 1 het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende leerder om te lees.

**LAB bl. 146-153**

**30 min**





## LEES ASSESSERING 1 Groep E

**Groep**

- Die hele groep kom na die mat met hul LAB'e.
- Hulle fluisterlees die Gedeelde Lees-stories in die LAB terwyl jy hulle assesseer.

**Assessering**

- Roep een leerder op 'n keer om bladsy 136 in die LAB vir jou te lees.
- Elke leerder lees vir 3 minute, ongeag die aantal sinne wat hulle lees.

**LAB bl. 136**

**Nasien**: Sien bladsy 152
**Punte:** 10


Datum

Lees die sinne.

1 Ouma verjaar.
2 Dit is Mamma se kaartjie.
3 Dorpsmuis gaan plaas toe.
4 Mnr. Haantjie is by die huis.
5 'n Rooibok het groot ore.
6 'n Haai het baie tande.
7 Paul maak sy arm seer.

136 Maandag



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

**25 min**



## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**

- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin

## OORSIG VAN WEEK



# Bly vry van kieme

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

kiem | masker | seep | vars | siek

### FORMELE ASSESSERINGSTAKE WEEK 8

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag | Luister en Praat 1: Begrip (10 punte) | LAB bl. 159 | OG bl. 122 |
| Maandag | Visuele Kunste 1: Teken jou familienuus (10 punte) | LAB bl. 162 | OG bl. 123 |
| Dinsdag | AK/PSW 2: Liggaamsdele (10 punte) | LAB bl. 163 | OG bl. 124 |
| Dinsdag-Woensdag | Luister en Praat 2: Praat oor jou tekening (10 punte) | MONDELING | OG bl. 125, 127 |
| Donderdag | Lees 2: Begrip (10 punte) | LAB bl. 167 | OG bl. 128 |
| Donderdag | Skryf 1: Nuus (10 punte) | LAB bl. 168 | OG bl. 129 |

### RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

| GBL: 2 x 15 min per groep Aktiwiteite vir ontluikende lees OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **GBL 1** | **OW 1** | **OW 2** | **OW 3** | **OW 4** | **GBL 2** | **OW 5** | **OW 6** | **OW 7** | **OW 8** |
| **Groep B** | 1 | **GBL 1** | 2 | 3 | 4 | 5 | **GBL 2** | 6 | 7 | 8 |
| **Groep C** | 1 | 2 | **GBL 1** | 3 | 4 | 5 | 6 | **GBL 2** | 7 | 8 |
| **Groep D** | 1 | 2 | 3 | **GBL 1** | 4 | 5 | 6 | 7 | **GBL 2** | 8 |
| **Groep E** | 1 | 2 | 3 | 4 | **GBL 1** | 5 | 6 | 7 | 8 | **GBL 2** |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte of potloodkryte.
- sakkies of houers vir hierdie week se briewe
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

**Groepbegeleide Lees (GBL) en Onafhanklike Werk**
- 2 GBL-groepe per dag
- 10 OW-bladsye



**Hardopleesstorie**
*Florence Nightingale: Kiemknouer*

**L&P Assessering 1**
Luisterbegrip

**L&P Assessering 2**
Praat oor jou tekening

**Sing/resiteer**
Sing 'n getalrympie



**Gedeelde Lees**
*Busi en Ouma*

**Lees Assessering 2**
Beantwoord vrae oor die storie



**Liggaamsopvoeding**
Aktiwiteitstasies








**Skryf Assessering 1**
Skryf 'n sin oor nuus



**Visuele Kunste Assessering 1**
Teken familie nuus

**Uitvoerende Kunste**
Mini-kore: Interpreteer en voer op



**Aanvangskennis en PSW**
Word 'n Kiemknouer

**Assessering 2**
- Benoem dele van die liggaam
- Bespreek vaccinations



**Klanke**
- Woordfamilie: -e- en -i-
- Diktee

**Handskrif**
- Selfstandige Woordbou
- Skryf die letter j

Klanke GBL Handskrif

# Florence Nightingale: Kiemknouer



**Kieme** en **virusse**, wat familie van kieme is, is glad nie oulike klein wesentjies nie. Hulle het talle arms en bene met skerp punte en 'n klomp skerp tande waarmee hulle mense byt. As 'n kiem jou byt of jy sluk 'n kiem in, kan jy baie siek word. Maar die probleem is dat kieme en virusse so klein is dat niemand hulle kan sien nie. Hulle is **onsigbaar**. Hulle lewe in die lug en op die dinge waaraan ons raak, selfs op ons liggame, maar ons sien hulle nooit raak nie. Jy kan een inasem of aan een raak en jy sal dit glad nie weet nie – totdat jy siek word. Kieme **vermenigvuldig** boonop elke minuut. As daar nou een kiem is, kan daar 'n sekonde later twee wees, en twee sekondes later vier, en 'n uur later meer as 100 kieme. Kieme is oral om ons te vinde.

Daar was lank gelede 'n persoon wat mense gewys het hoe om hulle van kieme te bevry. Daardie persoon se naam is Florence Nightingale. Sy word groot in 'n dorpie in 'n land genaamd Engeland. Die meeste meisies gaan in daardie jare nie skool toe nie, maar Florence se pa wil graag hê sy dogters moet leer en gee hulle toe wetenskap-, geskiedenis- en wiskundelesse. Dit is vir Florence lekker om siek en arm mense in hul gemeenskap te help. Sy pak byvoorbeeld 'n mandjie vol vars vrugte en brood en skryf dan 'n briefie om vir 'n familie te sê sy hoop hulle word gou gesond. Sy neem daarna die mandjie na die siek familie se huis en los dit buite hul deur vir hulle.



**VRAE EN WOORDESKAT**

**kieme:** 'n mikro(baie klein) organisme (wese) wat siektes veroorsaak

**virus:** 'n soort kiem

**onsigbaar:** iets wat jy nie kan sien nie

**vermenigvuldig:** om groter of meer te word

Sy vra haar ma waarom party mense siek word, maar haar ma weet ook nie. Mense het toe nie baie van kieme geweet nie. Florence besluit om 'n verpleegster te word en so te prober uitvind. Om 'n verpleegster te word, moet jy na 'n verpleegsterskollege toe gaan. Daar is nie 'n skool of kollege vir verpleegsters in Engeland nie. Daarom reis Florence, toe sy 16 jaar oud is, na Duitsland om daar as verpleegster opgelei te word. Daar leer sy toe vir die eerste keer van kieme. Sy leer dat kieme mense siek maak. Sy leer verder dat kieme baie van vuiligheid hou.

Toe sy na Engeland terugkeer, begin sy by 'n hospitaal werk. Sy sê vir die ander verpleegsters om die hospitaal baie skoon te hou, om die pasiënte elke dag te was en hul eie hande met seep en water te was. Sy hou ook die vensters van die hospitaal oop sodat vars lug kan instroom. Die kieme haat die skoon hospitaal en vars lug, en baie van die pasiënte word dus gesond.

Die regering hoor gou van hierdie wonderlike verpleegster en vra haar om na 'n hospital vir soldate te reis. Talle soldate is in 'n oorlog **gewond** en word nie beter nie. Toe sy by dié hospitaal aankom, sien sy dat die pasiënte vuil is, dat hul **verbande** vuil is en dat selfs die water wat hulle drink, nie skoon is nie. Daar is orals kieme! Florence vra toe die gesonde soldate om haar te help om die hospitaal van bo tot onder skoon te skrop. Sy maak al die vensters oop sodat die vars lug binnekom en was al die komberse en verbande met warm water en seep. Toe stel sy 'n kombuis op om seker te maak die soldate drink net skoon water en het vars kos om te eet. Sy loop elke aand in die hospitaal rond om te sien of die siek soldate beter word. Sy dra altyd 'n lampie by haar. Die soldate noem haar toe 'Die Vrou met die Lamp'.

Toe Florence van die soldatehospitaal af terugkeer, maak sy 'n verpleegsterskool in Engeland oop om ander verpleegsters op te lei om kieme te bestry. Dit maak dat sy een van die beroemdste verpleegsters in die geskiedenis word asook 'n beroemde Kiembevryder. Vandag is daar op die verpleegstersembleem van elke verpleegster regoor die wêreld 'n lampie om Florence Nightingale en haar stryd teen kieme te onthou.

**gewonde:** beseer of seergekry

**verband:** 'n strook materiaal om 'n sny of wond mee te verbind

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS

**15 min**

**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.






## HARDOPLEESSTORIE

**Florence Nightingale: Kiemknouer**

**OG bl. 120-121**
**15 min**

**Vóór lees**
- Verduidelik dat die leerders mooi moet luister sodat hulle die assessering agterna kan doen.
- Vra of enigiemand al van Florence Nightingale gehoor het? Verduidelik dat sy 'n bekende verpleegster was.

**Lees die storie hardop en verduidelik die woordeskat**





## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**Florence Nightingale: Kiemknouer**

**LAB bl. 159**
**15 min**

- Lees elke vraag en die moontlike antwoorde saam met die leerders.
- Wag vir hulle om 'n antwoord te kies (in stilte) voordat jy verder gaan.
- Vir die laaste vraag sal hulle 1, 2 of 3 skryf.
- Leerders moet onafhanklik werk.

**Sien na:** Sien bladsy 150
**Punte:** 10






## AANVANGSKENNIS EN PSW

**Bly vry van kieme**

**GB bl. 36**
**30 min**

**LAB bl. 160**

**Bestaande kennis**
- Wie kan onthou toe ons maskers gedra het? Hoekom moes ons dit gedoen het?

**Lees die bladsy**
- Lees die sinne en bespreek die prente.
- Wat anders kan ons doen om gesond te bly?






## KLANKE

**Die woordfamilie: -e-**

**LAB bl. 161**
**15 min**

**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met dié klank.**
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.





## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 170-179

30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B



**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite van bladsy 19 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Leerders rolspel die aktwiteite.

**Klasaktiwiteit**

- Speel 'n speletjie soos vang-vang, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.



## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1 Familienuus

LAB bl. 162

15 min

- Leerders teken en kleur hulle familienuus/'n familie aktiwiteit in.
- Verduidelik die kriteria met hulle vooraf.
- Moedig hulle aan om besonderhede aan te bring en om die volle bladsy te gebruik.

**Sien na:** Sien bladsy 159
**Punte:** 10



# DINSDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan 'n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder 'n beurt gedurende die kwartaal.



## AANVANGSKENNIS EN PSW ASSESSERING 2 Liggaamsdele

LAB bl. 163
15 min




- Lees die woorde saam met die leerders en verduidelik die taak.
- Leerders voltooi die bladsy in die LAB individueel.

**Sien na:** Sien bladsy 158
**Punte:** 10



## KLANKE Bou woorde

LAB bl. 164
15 min




**Bou woorde**
- Bou 'n paar woorde met die klank en sê dit hardop.

**Onafhanklike woordbou**
- Die leerders bou nog rymwoorde.
- Die leerders sê al die rymwoorde vir hulle maat.



## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (1) Busi en Ouma

GB bl. 37-40
30 min

LAB bl. 155-158




**Lees**
- Lees *Busi en Ouma* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: kiem, masker, seep, vars, siek**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 170-179

30 min





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2

- Kry die klas gereed om Onafhanklike werksbladsy 9 en 10 te doen.
- Roep leerders een vir een om hulle tekeninge oor familienuus vir jou te wys.
- Vra 2-3 van die volgende vrae oor die tekeninge vir hulle.
  - Wie is in die prent?
  - Hoe oud is ...?
  - Wat doen jy?
  - Wat het jy eerste gedoen?
  - Waar het dit gebeur?
- Assesseer halfde van die klas vandag.

LAB bl. 162

30 min

**Sien na:** Sien bladsy 150

**Punte:** 10



# WOENSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.





## LUISTER EN PRAAT Sing/resiteer

15 min

**Onderrig 'n getalrympie**
- Laat die rym by hierdie week se tema aansluit.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Vyf Gemmerbroodmanne**
Vyf Gemmerbroodmanne in die pan,
Een spring op en hardloop aan.
Hy skree kliphard: Vang my as jy kan,
Ek is mos die vinnige Gemmerbroodman.
***Vier Gemmerbroodmanne ..., drie ..., twee ..., een ...***
Nou is al die gemmerbroodmanne weg.
Kan jy dit glo, dit is mos nie reg.
Ek wou nog so graag met hulle speel.
Maar ek hoor ou krokodil het hulle gesteel.



## KLANKE Die woordfamilie: -i-

LAB bl. 165
15 min

**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders se die klank.
- Stel die nuwe klank bekend
- Luister na en se die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders gee nog woorde met die klank.
- Lees die sin
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.






## HANDSKRIF

15 min

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## GEDEELDE LEES (2) Busi en Ouma

GB bl. 37-40
30 min

LAB bl. 155-158

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Busi en Ouma* vir die klas voor.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde kiem, masker, seep, vars, siek**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.





## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 170-179

30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES

**Groep E en A**



**Eerste lees: Groep E**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees: Groep A**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou eie waarneming aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## LUISTER EN PRAAT: ASSESSERING 2 (VERVOLG)

LAB bl. 162

30 min




- Kry die klas gereed om Onafhanklike werksbladsye te doen of te teken.
- Roep leerders om 2-3 van die volgende vrae oor hul tekeninge of hul familienuus te beantwoord.
  - Wie is in die prent?
  - Hoe oud is ...?
  - Wat doen jy?
  - Wat het jy eerste gedoen?
  - Waar het dit gebeur?
- Voltooi vandag die assessering.

**Sien na:** Sien bladsy 150
**Punte:** 10

# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**

- Maak beurte om nuus aan 'n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**

- Kies 'n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder 'n beurt gedurende die kwartaal.



## KLANKE Bou woorde

LAB bl. 166
15 min




**Bou woorde**

- Bou 'n paar woorde met die klank en sê dit hardop.

**Onafhanklike woordbou**

- Die leerders bou nog rymwoorde.
- Die leerders sê al die rymwoorde vir hulle maat.



## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (3) Busi en Ouma

GB bl. 37-40
30 min

LAB bl. 155-158




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Busi en Ouma* vir die klas voor.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde kiem, masker, seep, vars, siek**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.



## LEESASSESSERING 2 Busi en Ouma

LAB bl. 167
15 min




- Leerders sal die storie oor Busi en Ouma in hul LAB vind. Lees dit saam.
- Leerders boekmerk die storie.
- Blaai na bladsy 167 in die LAB. Lees die vrae vir die leerders
- Moedig hulle aan om weer na die storie te kyk om die antwoorde te kry (dit is nie 'n geheue-aktiwiteit nie).

**Sien na:**
Sien bladsy 152
**Punte:** 10



## SKRYF ASSESSERING 1 My nuus

**LAB bl. 168**

**15 min**

### Hersien
- Hersien die sleutelvrae om nuus te skryf: waar, wie, waar, wat gebeur het?
- Hersien leestekens in die sin.

### Dink en skryf
- Leerders dink oor wat hulle gaan skryf.
- Hulle skryf ten minte een sin oor hul nuus.

**Sien na:** Sien bladsy 154
**Punte:** 10






## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 170-179**

**30 min**

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep B en C

### Tweede lees
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou eie waarneming aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**25 min**

### Warm op

### Aktiwiteitstasies
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

### Koel af





## UITVOERENDE KUNSTE Mini-kore

**30 min**

### Groepe vorm mini-kore en oefen om 'n liedjie te sing
- Leerders kies in hul groepe 'n liedjie of gesang wat hulle almal ken.
- Hulle besluit waar in die liedjie hulle hard of sag gaan sing.
- Hulle kan ook besluit of groepe lede solo-rolle gaan hê.
- Hulle oefen totdat jy hulle roep.

### Hou 'n fees vir mini-kore
- Luister na elke groep se liedjie.



# VRYDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.



## LUISTER EN PRAAT Kyk terug na die week

15 min



**Prys en wens die leerders geluk vir hul harde werk gedurende die week**
- Verduidelik dat alle werk gemerk sal word.
- Indien jy oplet dat iemand gesukkel het, sal jy vir hulle ekstra hulp gee.

**Laat leerders toe om die week te hersien**
- Vra vir die leerders om hul gunstelingaktiwiteite vir die week te noem.
- Laat hulle ook toe om te sê van watter aktiwiteite hulle nie gehou het nie en waarom.



## AANVANGSKENNIS EN PSW Bespreek inentings

15 min



**Gesels met die leerders oor inentings**
- Inentings is inspuitings of druppels wat help om ons liggame teen sekere kieme te beskerm.

**Bespreek die inentings wat die leerders al gehad het**
- Baie kinders in Suid-Afrika het ’n standaard stel inentings as babas gehad.
- Die inenting teen pokke was die eerste inenting.
- Die nuuste inentings in die wêreld is vir COVID-19.



## KLANKE Wurm-woordspeletjie

LAB bl. 169

15 min




**Pare**
- Gooi ’n dobbelsteen of wys met toe oë na ’n nommer.
- Skuif die teller volgens daardie aantal spasies.
- Lees die woord.
- Herhaal.



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 15-22

30 min





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou eie waarneming aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**

- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin

## OORSIG VAN WEEK



# Bly veilig tussen ander mense

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

welkom | geterg | boelie | onvriendelik | gestoot

### RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

| GBL: 2 x 15 min per groep Aktiwiteite vir ontluikende lees OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | GBL 1 | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | GBL 2 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | 1 | GBL 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | GBL 2 | 6 | 7 | 8 |
| **Groep C** | 1 | 2 | GBL 1 | 3 | 4 | 5 | 6 | GBL 2 | 7 | 8 |
| **Groep D** | 1 | 2 | 3 | GBL 1 | 4 | 5 | 6 | 7 | GBL 2 | 8 |
| **Groep E** | 1 | 2 | 3 | 4 | GBL 1 | 5 | 6 | 7 | 8 | GBL 2 |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- A4-papier of karton vir 2 aktiwiteite
- kryte, verf of viltpenne
- sakkies of houers vir die week se briewe
- apparaat vir die gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite






**Groepbegeleide Lees (GBL) en Onafhanklike Werk (OW)**

- 2 GBL-groepe per dag
- 8 OW-bladsye



**Hardopleesstorie**
*Kiki*

**Sing/resiteer**

- ’n getalrympie
- ’n Aksieliedjie

**Werk in pare**
Dialoog



**Gedeelde Lees**

- *Kiki*



**Liggaamsopvoeding**
Aktiwiteitstasies



**Gedeelde Skryf**
Skryf ’n klasstorie

**Onafhanklike Skryf**
Beantwoord vrae





**Visuele Kunste)**

- Maak ’n vriendskapsblom
- Teken ’n vriendelike ruimtewese

**Uitvoerende Kunste**

- Stop boeliery: rolspel
- Probleemoplossing: rolspel



**Aanvangskennis en PSW**

- Ons klas se reëls teen boeliery (GB)
- Probleemoplossing
- Die PANOS-reël
- Onderwyser se storie: Leer uit reëls



**Klanke**

- Woordfamilie: -o-
- Hersien klanke
- Gedeelde en Onafhanklike woordbou
- Diktee

**Handskrif**
Hersien: skryf klanke

Klanke GBL Handskrif

# Kiki






**VRAE EN WOORDESKAT**

Op 'n plek, ver hiervandaan, bly daar vriendelike **ruimtewesens**. Hulle lyk soos mensies, maar hierdie ruimtewesens se vel is groen en hul hare is blou. Daarby het hulle pers kolletjies op hul vel!

**ruimtewesens:** denkbeeldige wesens van 'n ander wêreld.

Maak jul oë toe en dink aan hoe die ruimtewesens lyk. Wil julle graag 'n prent van een sien? Lyk hulle **soortgelyk** aan dit wat julle jul **verbeel** het?

**soortgelyk:** amper dieselfde

**verbeel:** om iets in jou gedagtes voor te stel

Nou ja, nes julle, moet hierdie kinders skool toe gaan. Hulle moet leer hoe om te lees en te skryf en te tel. Hul klasonderwyser is mnr. Maggs. Die kinders is almal lief vir hom. Op 'n dag sê hy vir die klas: "Daar is vandag 'n nuwe kind in ons klas. Ons moet haar laat welkom voel. Haar naam is Kiki."

Kiki loop skaam by die klas in. Sy lyk effens anders as die ander kinders. Sy het pienk kolletjies in plaas van pers kolle. 'n Paar kinders giggel toe hulle haar sien.

Sommer gou is dit pouse. Kiki se mamma het vir haar toebroodjies, skyfies en 'n bottle sap ingepak. Kiki gaan uit om saam met die ander kinders te eet en te speel. Maar sy is skaars buite toe een van die groot seuns haar skyfies en haar sap by haar gryp en weghardloop. Toe gryp twee meisies haar toebroodjies en gooi dit op die grond neer. Daarna spring hulle daarop sodat Kiki dit nie kan eet nie. Kiki begin huil. Niemand help haar nie. Die meisies begin om haar te **terg**. Hulle noem haar Tjankbalie en Pieperige Pienk Kol.

Kiki sit heel alleen en huil, want niemand wil met haar speel nie. Sy was so opgewonde om na 'n nuwe skool te kom, maar nou wil sy net huis toe gaan. Arme Kiki.

Toe sy by die huis kom, merk haar ma op dat sy nie glimlag nie. Sy vra: "Kiki, het iets by die skool gebeur? Jy kan my enige tyd sê."

Kiki sê vir Mamma wat gebeur het. Haar ma sê: "As kinders jou gevoelens seermaak of opsetlik gemeen is, word dit **boeliery** genoem. Niemand mag geboelie word nie. Jy moet mnr. Maggs daarvan vertel. En moenie bang wees nie om met 'n harde stem te sê: 'nee! Moenie dit doen nie' as iemand jou boelie."

Die volgende dag vertel Kiki vir mnr. Maggs wat gebeur het. Hy praat met die klas. "Ek is uiters teleurgesteld om te hoor dat julle gister Kiki se gevoelens seergemaak het," sê hy. "Dit word boeliery genoem. Ek hou nie van boelies nie. Ons is almal saam in een klas, groot en klein, oud en jonk, groen kolle of pienk kolle, of geel kolle."

Daardie dag, tydens pouse, gaan Kiki buitentoe en kyk almal in die oë. Sy laat nie toe dat die kinders sien sy is bang nie. Toe die groot seun na haar toe aangeloop kom, sê sy kliphard: "Nee! Dit is my middagete." Sy voeg toe by: "Maar jy kan 'n skyfie kry as jy wil." Sy bied 'n skyfie aan.

Daarna loop sy vasberade na 'n bankie om haar middagete te eet. Sy glimlag vir almal. Ná 'n rukkie kom sit 'n skaam meisie, Mimi, by haar. Kiki weet sommer hulle gaan maats word.

Kiki kom daardie middag huis toe met 'n groot glimlag op haar gesig.

**terg:** om vir iemand te lag om hulle te ontstel

**boeliery:** om mense wat swakker/kleiner as jy is, seer of bang te maak.

Het hierdie ruimtewesens soos ons gelyk?

Hoe was hulle verskillend?

Verstaan julle wat boeliery is?

Was daar enige boeliery in hierdie storie?

Wie was geboelie?

Wie was die boelies?

# MAANDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.




## HARDOPLEESSTORIE Kiki

OG bl. 134-135
15 min

**Vóór lees**
- Stel die storie bekend.
- Vra ’n paar vrae wat die storie by die leerders se ervaringe laat aansluit.

**Lees die storie**
- Lees die storie hardop
- Verduidelik die woordeskat.

**Ná lees**
- Vra vrae om die tema te verken (sien bladsy 135).



## AANVANGSKENNIS EN PSW Ons klas se reëls teen boeliery

GB bl. 41-45
30 min
LAB bl. 184

**Klasbespreking: Wat is boeliery?**
- Bespreek wat “boeliery” is en hoe dit lyk.
- Bespreek die verskillende maniere van boelie: fisiek, verbaal, verhoudings.
- Hoe voel mense wat geboelie word?

**Lees en bespreek die bladsy**
- Lees die reëls saam.
- Beklemtoon die belangrikheid van reëls om mense in lyn te hou.
- Gesels oor wat sal gebeur wanner jy ’n reël oortree.




## KLANKE Die woordfamilie: -o-

LAB bl. 185
15 min

**Hersien klanke**
- Wys teen ’n vinnige pas ’n paar flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders se die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en se die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees die sin**
- Lees die sin stadig saam.
- Omkring die nuwe klank.




## HANDSKRIF

15 min

- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 193-200

30 min



- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B



**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie.
- Leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite van bladsy 19 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Leerders rolspel die aktwiteite.

**Klasaktiwiteit**

- Speel 'n speletjie soos vang-vang, Krappe-en-Kraaie, wegkruipertjie.



## VISUELE KUNSTE Maak 'n vriendskapsblom

30 min

**Deel papier en kryte uit.**

**Bespreek**

- Wat doen maats? Skryf woorde op die bord, byvoorbeeld: help ander, wees vriendelik, speel saam, deel, gee liefde, glimlag, vra om verskoning.

**Maak 'n vriendskapsblom**

- Teken 'n blom met vier blomblare. Maak seker die blomblare is groot genoeg om in te skryf, en kleur dit in.
- Kies vier woorde op die bord en skryf dit in die blomblare.
- Kleur dit in en knip jou blom uit.

**Maak 'n vriendskapstuin om uit te stal**

- Leerders "plant" hul vriendskapsblomme in die vriendskapstuin om uit te stal.



# DINSDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan ’n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies ’n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder ’n beurt gedurende die kwartaal.



## LUISTER EN PRAAT Dialoog

15 min




**Verduidelik en demonstreer die dialoog**
- ’n Dialoog is ’n gesprek tussen twee mense byvoorbeeld A en B.
- Skryf die gesprekbeginners op die bord. Lees dit saam.
- Waar hulle die punte sien, is waar hulle die besonderhede moet invul.

**Pare**
- Leerders besluit wie is A en wie is B.
- Hulle moet die gesprekbeginners gebruik om ’n dialoog te skep vir die scenario’s wat jy vir hulle gee, byvoorbeeld:
  - Noem ’n seun ’n naam
  - Vertel vir ’n meisie dat sy simpel was
  - Weier iemand om saam te speel
  - Terg ’n seun oor sy klere
  - Stamp ’n seun in die ry
  - Vat iemand se skyfies af



## AANVANGSKENNIS EN PSW Probleemoplossing

LAB bl. 186
15 min




**Kyk na die prente**
- Lees wat die leerders sê.

**Bespreek die prente**
- Hoe kon die storie ’n positiewe uitkoms gehad het?
- Wat kon die persoon gesê het om die probleem op te los?



## KLANKE Bou woorde

LAB bl. 187
15 min




**Bou woorde**
- Bou ’n paar woorde met die klank en sê dit hardop.

**Onafhanklike woordbou**
- Die leerders bou nog rymwoorde.
- Die leerders sê al die rymwoorde vir hulle maat.



## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die dag se klank.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (1) Kiki

GB bl. 42-45
15 min

LAB bl. 180-183

**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Kiki* vir die klas voor.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde**
**welkom**, **geterg**, **gestoot**, **boelie**, **onvriendelik**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.






## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 193-200
30 min

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie.
- Leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-korrespondensie, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## VISUELE KUNSTE Teken 'n vriendelike ruimtewese

30 min

Deel papier, potlode, kryte/ viltpenne uit.

**Sluit die oë en dink aan 'n vriendelike ruimtewese**

- Moedig leerders aan om kreatief en avontuurlik te wees.
- Hoeveel oë, arms, bene het die ruimtewese? Watter kleur is dit?

**Leerders teken hul ruimtewese**

- Leerders moet hul tekening vir die skryfaktiwiteit later in die week hou.



# WOENSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.



## AANVANGSKENNIS EN PSW — Die PANOS-reëls

LAB bl. 188
15 min




**Wat beteken dit as iets privaat is?**
- Sommige dele van ons liggaam is privaat dele – dit is net vir ons.

**Lees en bespreek**
- **Privaatdele is privaat** (dit wat jou onderklere toemaak). Julle onderklere bedek jul privaatdele.
- **Onthou altyd dat jou liggaam aan jou behoort.** NIEMAND moet vir jou dinge laat doen wat vir jou ongemaklik laat voel nie.
- **Nee beteken nee.** Julle mag vir enigiemand nee sê – 'n familielid, iemand vir wie jy lief is of 'n vreemdeling.
- **Praat openlik oor slegte geheime.** Indien 'n geheim jou hartseer of bekommerd laat voel, vertel iemand daarvan.
- **Sê dit vir 'n grootmens** of bel Childline. Vertel vir 'n volwassene (mamma, familielid, onderwyser of 'n ander volwassene). Of skakel Childline (08000 55555 – gratis)



## KLANKE — Hersien klanke

LAB bl. 189
15 min




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar flitskaarte met letters wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Voltooi die bladsy in die LAB**
- Wat is hierdie prent?
- Watter klank hoor jy aan die begin van die woord?
- Skryf die woorde



## HANDSKRIF

10 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van die klanke wat in die kwartaal aangeleer is.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.
- Neem waar postuur, en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (2) — Kiki

GB bl. 42-45
15 min

LAB bl. 180-183




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Kiki* vir die klas voor.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde welkom, geterg, gestoot, boelie, onvriendelik**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.



## GEDEELDE SKRYF

**Storie (My vriendelike ruimtewese)**

15 min

**Berei voor van die skryfraam**
- Skryf die vrae op die bord.
- Sê: Kom ons verbeel ons 'n vriendelike ruimtewese kom ons klas besoek. Ons sal 'n storie oor die klasbesoek skryf.

**Gedeelde Skryf**
- Vra vir idees.
- Vra leerders om toepaslike woorde te spel.

**Lees die storie saam**

<u>Ons vriendelike ruimtewese</u>
Hoe lyk die ruimtewese? (bene, arms, vel, oë, ens.)
Ons ruimtewese het ...
Wat is die ruimtewese se naam?
Sy naam is ...
Hoe laat ons die ruimtewese welkom voel?
Ons laat hom welkom voel deur ... (hulle die skool te wys, met hulle te speel, ons middagete met hulle te deel, hulle vir die aand saam na ons huis te neem, hulle ons liedjies te leer, en so meer)



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 193-200
30 min

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Groep E en A**

**Eerste lees: Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie.
- Leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.

**Tweede lees: Groep A**
- Lees weer die storie hardop saam.
- Leerders lees in pare.
- Luister na hulle terwyl hulle lees.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## UITVOERENDE KUNSTE

**Rolspel: Stop boeliery**

30 min

**Stel die aktiwiteit bekend**
- Daar is gewoonlik drie mense betrokke in 'n boelie-situasie: die boelie, die persoon wat geboelie word, die toeskouer.
- Enigeen van hierdie drie kan die boeliery stop.

**Leerders werk in groepe van drie**
- Die groepe bespreek 'n situasie waar iemand geboelie word.
- Hulle moet manier voorstel waarop elkeen van die drie mense die boeliery kan stop.

**Rolspeel hoe elkeen die boeliery stop**
- Die groepe besluit wie sal die boelie voorstel, wie die persoon sal voorstel wat geboelie word en wie die toeskouer sal voorstel.
- Hulle rolspeel hoe elke persoon die boeliery kan stop.
- Kies 'n groep wat die volgende dag vir die klas gaan optree.



# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Pare**
- Maak beurte om nuus aan ’n maat te vertel.
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag as ondersteuning.

**Klasaktiwiteit**
- Kies ’n paar leerders om hul nuus vir die klas te vertel.
- Gee elke leerder ’n beurt gedurende die kwartaal.

## LUISTER EN PRAAT Sing/resiteer

15 min

- Teach the song and the actions.
- Learners join in as they can.

**Hoera dat ons kan maats hê**

Hoera dat ons kan maats hê,
kan maats hê, kan maats hê!
Hoera dat ons kan maats hê!
Ons hou van mekaar.

Want jou maat is my maat,
en my maat is jou maat.
Hoera dat ons kan maats hê!
Ons hou van mekaar!

## KLANKE Bou woorde

LAB bl. 190 en 217

15 min




**Benoem letters deur kaarte te gebruik**
- Leerders sprei letterkaarte op hul banke uit.
- Onderwyser sê ’n klank.
- Leerders wys die ooreenstemmende letterkaart.

**Onafhanklike woordbou**
- Kyk na die prent en sê die woord.
- Bou die woord met jou kaarte. Die klein blokkies dui aan hoeveel letters daar is.
- Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord)

## HANDSKRIF

15 min



- Volg die prosedure vir handskriflesse op bladsy 9.
- Hersien die letterformasie van klanke wat in hierdie kwartaal aangeleer is.
- Leerders kopieer die letters van die kaarte in hul oefenboeke.

## GEDEELDE LEES (3) Kiki

GB bl. 42-45

15 min

LAB bl. 180-183




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Kiki* vir die klas voor.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as ’n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde welkom, geterg, gestoot, boelie, onvriendelik**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by ’n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.



## ONAFHANKLIKE SKRYF

## Storie (My vriendelike ruimtewese)

**Leerders kyk na hulle prente van hulle vriendelike ruimtewese en beantwoord die vrae**

- Met behulp van die aansporings op die bladsy in die LAB skryf leerders die antwoorde op die vrae van die ruimtewese neer.
- Hulle moet hulle verbeelding gebruik om kreatief te wees en dit prettig te maak.

LAB
bl. 191
15 min






## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB
bl.
193-200
30 min





## GROEPBEGELEIDE LEES

## Groep B en C

**Tweede lees**

- Lees weer die storie hardop saam.
- Leerders lees in pare.
- Luister na hulle terwyl hulle lees.





## LIGGAAMSOPVOEDING

## Aktiwiteitstasies

25 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## UITVOERENDE KUNSTE

## Rolspeel probleemoplossing

30 min

**Leerders rolspeel hul probleemoplossings**

- Groepe voer hul rolspel uit (of jy kies een of meer groepe om so te doen).
- Bespreek die verskillende oplossings wat die groepe uitvoer. Vra of die leerders met die oplossing saam stem of nie.

**Bedank elke groep en komplimenteer hulle vir die probleemoplossings**



# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



**Register**
- Merk julself teenwoordig op jul registerplakkaat.
- Is enigiemand vandag afwesig?

**Vier verjaarsdae**
- Sing die verjaarsdagliedjie.

**Die weer**
- Hoe lyk die weer vandag?
- Teken dit op die weerkaart aan.

## AANVANGSKENNIS EN PSW — Vertel 'n storie

15 min

**Onderwyser se storie**
- Vertel 'n storie van 'n kind wat gehoor het van die PANOS-reël en vir sy ma vertel het van sy pa se vriend wat saam met hom sokker gespeel het, maar altyd aan sy privaatdele geraak het. Vertel hoe moeilike dit vir die kind was, want hy het nie daarvan gehou nie en wou hê dit moes ophou. Sy ma het met sy pa gepraat en die vriend het nie meer by hulle gekom nie. Die kind was bly hy hoef hom nie meer daaroor te bekommer nie.
- Alternatiewelik, 'n storie oor 'n kind wat die boeliereëls gelees het en besef het hy boelie sy vriend deur altyd vir hom te terg en te lag omdat hy nie goed in sport was nie. Die reël het gemaak dat hy sy vriend met meer respek behandel het. Hy het ook besef sy vriend kan beter as hy teken, maar sy vriend het hom nooit geterg oor sy eenvoudige tekeninge nie.

**Hersien**
- Herinner leerders aan wat julle hierdie week bespreek het.

**Vertel 'n storie oor 'n kind se reaksie op die PANOS-reëls OF die anti-boeliery-reël.**
- Bespreek die leerders se reaksies.

## KLANKE — Diktee

LAB bl. 192 | 15 min

- Leerders moet luister terwyl jy die woord stadig sê.
- Hulle moet die woord in hul beste handskrif skryf.
- Hulle moet op hul eie werk.
- Neem die boeke in aan die einde van dag in om gemerk te word.

**fiks** **mus** **hek** **vet** **jok**


Datum
Diktee
192 Vrydag

## ONAFHANKLIKE SKRYF — Deel jou storie

LAB bl. 191 | 15 min

**Kleiner groepe**
- Leerders maak beurte om vir die klas van hulle ruimtewesens te lees.
- Die groepe kies die mees interessante een om vir die klas te lees.

**Een leerder per groep lees vir die klas**





## ONAFHANKLIKE WERK

LAB
bl.
193-200
30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E



**Tweede lees**

- Lees weer die storie hardop saam.
- Leerders lees in pare.
- Luister na hulle terwyl hulle lees.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit
- Onderwyser neem waar en ondersteun.

**Koel af**

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**

- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het volgende week tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin

# Vaslegging en hersiening

Hierdie is 'n hersieningsweek so daar is geen gestruktureede daaglikse program nie. Die voorgestelde hersieningsaktiwiteite kan enige tyd van die week gedoen word.

## LUISTER EN PRAAT

- Laat die leerders 'n storie kies wat hulle graag wil hê jy weer vir hulle moet lees.
- Vra daarna een of twee leerders om 'n ander storie oor te vertel.
- Pare: vertel 'n gunstelingstorie vir jou maat.
- Resiteer rympies of gedigte individueel of in klein groepies.
- Nooi iemand uit gemeenskap om te kom praat oor hoe hulle die gemeenskap help, byvoorbeeld 'n verpleegster of 'n bibliotekaris.



## LEES

- Herlees stories in die GB wat die leerders hierdie kwartaal veral geniet het.
- Ruil rolle met leerders wat die "onderwysers" kan wees vir verskillende stories.
- Individueel: Lees boeke uit die leeshoekie/biblioteek



## KLANKE

- Herhaal woordbou-aktiwiteite.
- Speel weer die Vrydag-klankspeletjies.
- Groepe: doen sorteeraktiwiteite met die flitskaartwoorde, byvoorbeeld: vind tien vierletterwoorde; vind vyf woorde wat begin met 'n spesifieke klank, ensovoorts.
- Pare: Lees weer die woorde op klankbladsye.
- Sing klankliedjies.
- Leerders voltooi enige Onafhanklike Werk-bladsye in die LAB wat hulle nog nie voltooi het nie. Kyk of hulle dit korrek gedoen het.
- Klankaktiwiteite in die DBO-werkboeke.



## SKRYF

- Voorsien papier aan leerders om 'n prent te teken en 'n onderskrif te skryf.
- Sê aan hulle om onbekende woorde te klank, of klank die woorde op die Woordmuur.





## AANVANGSKENNIS/PSW




- Leerders kan enige onvoltooide bladsye In die DBO-Lewensvaardigheidsboek voltooi. Party van die aktiwiteite gaan verder as potlood- en papieraktiwiteite en sluit teken, toneelspel, die maak van iets en bespreking in.

## VISUELE KUNSTE



- Voorsien kunsvoorrade soos kryte, viltpenne en papier van verskillende groottes of kleure. Laat leerders kies wat hulle graag wil teken.
- Laat leerders hul werk aan die groep of klas wys en verduidelik wat hulle gekies het om te teken.

## UITVOERENDE KUNSTE



- Groepe: Hersien die gedigte en rympies van Week 1-9. Kies een om te oefen en aan te bied

## LIGGAAMSOPVOEDING



- Hou 'n sportdag, waar spanne teen mekaar meeding. Doen aktiwiteite van die kwartaal.

# ASSESSERING, KWARTAAL 2

## DEURLOPENDE EN FORMELE ASSESSERING VIR KWARTAAL 2

- Die **kurrikulumskakels** vir elke week word met ligkleurige blokkies aangedui.
- **Take vir formele assessering** word met donkerder blokkies aangedui.
- **Deurlopende assessering:** Merk die blokkies elke week sodra u waarneem dat hierdie uitkoms deur die meerderheid leerders behaal is.
- Maak 'n nota van enige kinders wat steeds sukkel. Hou u notas vir assesseringsdoeleindes. U sal hierdie kinders weer moet onderrig of meer prakties vir hulle moet aanbied.

| LUISTER EN PRAAT: Die leerders is in staat om ... | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Sonder onderbrekings te luister [Hardopleesstorie ] | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 2 | Oor persoonlike ervarings te praat: die nuus, die weer en so meer [Oggendbyeenkoms] | | | | | | | | | | |
| 3 | Aan die liedjies, stories en rympies deel te neem [Luister en Praat (L&P), Liggaamsopvoeding (LO)] | | | | | | | | | | |
| 4 | Gediggies en rympies op te sê en die aksies uit te voer [L&P, LO] | | | | | | | | | | |
| 5 | Deel van geheel te onderskei [Lewensvaardigheid (LV)] | | | | | | | | | | |
| 6 | Na instruksies te luister en toepaslik te reageer/antwoord [alle vakke] | | | | | | | | | | |
| 7 | Boodskappe deur te gee [alle vakke] | | | | | | | | | | |
| 8 | Belangstellend na stories te luister; 'n prent te teken om begrip te wys [Hardopleesstorie, Visuele Kunste (VK)] | | | | | | | | | | |
| 9 | Geslote en oop vrae te beantwoord [Hardopleesstorie, Gedeelde Lees (GL)] | | | | | | | | | | |
| 10 | Voorwerpe betreffende die ouderdom, rigting of volgorde daarvan met behulp van die korrekte woordeskat te beskryf [LV] | | | | | | | | | | |
| 11 | Na stories te luister en die hoofgedagte daarvan te identifiseer [Hardopleesstorie] | | | | | | | | | | |
| 12 | Die prente van 'n storie in die korrekte volgorde te plaas | | | | | | | | | | |
| 13 | Aan klasbesprekings deel te neem [Hardopleesstorie, GL, LV] | | | | | | | | | | |
| 14 | Vrae te vra oor stories wat vertel of gelees is [L&P] | | | | | | | | | | |
| 15 | Die toepaslike taal van verskillende vakke te verstaan en te gebruik [LV, Gesyferdheid] | | | | | | | | | | |

| KLANKE: Die leerders is in staat om ... | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Mondeling tussen die begin en einde van woorde te onderskei | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 2 | Die letterklankverwantskap van enkelletters wat gedurende hierdie termyn onderrig is, te identifiseer | | | | | | | | | | |
| 3 | Aan aktiwiteite vir Uitvoerende Kunste (UK) deel te neem – om klanke te meng, woorde te segmenteer, konsonante en klinkers te vervang | | | | | | | | | | |
| 4 | Woorde te bou met die klanke wat geleer is [Woordbou] | | | | | | | | | | |
| 5 | Eenvoudige woorde te bou en in dele af te breek | | | | | | | | | | |
| 6 | Algemene woorde in woordfamilies te groepeer | | | | | | | | | | |
| 7 | Klankwoorde in sinne en ander tekste te lees [ook GL en Groepbegeleide Lees (GBL)] | | | | | | | | | | |

| LEES EN BEGRIP | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Gedeelde Lees: Die leerders is in staat om …** | | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 1 | Die Grootboek saam met die hele klas en saam met die onderwyser te lees | | | | | | | | | | |
| 2 | Met prente te voorspel waaroor die storie handel [ook GBL] | | | | | | | | | | |
| 3 | Prente te interpreteer ten einde hul eie storie uit te dink [ook LV] | | | | | | | | | | |
| 4 | Leidrade en prente in die teks vir begrip te gebruik | | | | | | | | | | |
| 5 | ’n Breë verskeidenheid vrae en hoë-ordevrae te beantwoord [ook Hardopleesstorie, LV] | | | | | | | | | | |
| 6 | Die gebruik van hoofletters en punte te bespreek | | | | | | | | | | |
| **Groepbegeleide Lees: Die leerders is in staat om …** | | | | | | | | | | | |
| 7 | Hardop uit hul eie boek voor te lees | | | | | | | | | | |
| 8 | Stil in hul eie boek te lees | | | | | | | | | | |
| 9 | Klanke, leidrade in sinsverband en sigwoorde te gebruik terwyl hulle lees | | | | | | | | | | |
| 10 | Hulleself te begin monitor betreffende woordherkenning en begrip terwyl hulle lees | | | | | | | | | | |
| 11 | Voort te gaan om ’n sigwoordeskat uit toevallige leesprogramme, leesbundels en gedeeldelees-tekste op te bou [GL, GBL] | | | | | | | | | | |
| **Lees in Pare en Selfstandige Lees: Die leerders is in staat om …** | | | | | | | | | | | |
| 12 | Vanuit voorbereide of bekende tekste aan ’n maat voor te lees om vlotheid te ontwikkel [GBL] | | | | | | | | | | |
| 13 | Vertroude tekste soos dié wat tydens Gedeelde Lees gelees word, te herlees | | | | | | | | | | |
| **HANDSKRIF: Die leerders is in staat om …** | | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** |
| 1 | ’n Potlood en kryt korrek vas te hou | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 2 | Onderkasletters korrek volgens die grootte en posisie daarvan op die lyn te vorm | | | | | | | | | | |
| 3 | Enkele hoofletters wat gereeld gebruik word, korrek te vorm | | | | | | | | | | |
| 4 | Woorde met die korrekte spasiëring te skryf | | | | | | | | | | |
| 5 | Kort, eenvoudige sinne van ’n skryfstrook, die bord of die LAB af te skryf of te kopieer | | | | | | | | | | |
| **SKRYF: Die leerders is in staat om …** | | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** |
| 1 | Prente te teken om ’n boodskap oor te dra en ’n byskrif of opskrif by te voeg [ook in Visuele Kunste] | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 2 | Een sin van hul eie nuus of gedeelde skryf te skryf | | | | | | | | | | |
| 3 | ’n Lys woorde aan die hand van instruksies op te stel (in Kwartaal 1 geoefen) | | | | | | | | | | |
| 4 | Idees tot ’n klasskryfaktiwiteit by te dra [Gedeelde Skryf (GS)] | | | | | | | | | | |
| 5 | ’n Byskrif of kort sin oor ’n onderwerp te skryf en te illustreer as bydrae tot ’n boek | | | | | | | | | | |
| 6 | Te begin om hul eie woordbank en persoonlike woordeboek op te bou | | | | | | | | | | |
| 7 | Sinne te skryf met woorde wat die klanke, wat reeds onderrig is, bevat | | | | | | | | | | |

## GELETTERDHEIDSASSESSERING VIR KWARTAAL 2

(moet met die puntestaat ooreenstem)

### LUISTER EN PRAAT 1

**Formele assessering (10 punte)**
Skryfwerk: Luisterbegrip
Week 8, Maandag: Hardopleesstorie — OG bladsy 122; LAB bladsy 59
Kurrikulumskakel: Luister en Praat 9, 11, 12

**Punteriglyne:**

| Antwoord 1 | Antwoord 2 | Antwoord 3 |
|---|---|---|
| verpleegster (1 punt) | lamp (1 punt) | nommer prente 2, 3, 1<br>(2 punte elk) |

### LUISTER EN PRAAT 2

**Formele assessering (10 punte)**
Mondeling: Praat oor eie tekening
Week 8, Woensdag en Donderdag: Kreatiewe Kunste — OG bladsy 125 en 127
Kurrikulumskakel: Luister en Praat 2, 6, 9

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 2 | 4 | 6 | 8 | 10 |

**Kriteria**
- Verstaan die vrae
- Gee tersaaklike antwoorde
- Gebruik volsinne
- Taalvermoë (korrekte struktuur, groot woordeskat)
- Praatvermoë (volume, uitspraak, spoed, vlotheid)

### LUISTER EN PRAAT 3

**Deurlopende assessering (5 punte)**
Klaskamerwaarneming tydens Luister en Praat-lesse, Week 1–8
(Let wel: U kan ook mondelinge lesse in ander vakke soos Lewensvaardigheid oorweeg.)
Kontrolelysskakel: Luister en Praat 1, 3, 6, 13, 15

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**
- Luister na ander sonder enige onderbreking
- Neem deel aan kore, rympies en liedjies
- Neem deel aan/dra by tot besprekings
- Vra en beantwoord vrae
- Gebruik gepaste taal
- Praat vlot/teen 'n goeie pas

## KLANKE 1

**Formele assessering (5 punte)**
Skryfwerk: Vul die klanke in wat voorgelees word.
Week 7, Vrydag: Klanke
OG bladsy 16; LAB bladsy 45 (eerste aktiwiteit)
Kontrolelysskakel: Klanke 2, 4

**Punteriglyne:** een punt vir elke letter-klank

## KLANKE 2

**Formele assessering (10 punte)**
Skryfwerk: Diktee
Week 7, Vrydag: Klanke
OG bladsy 16; LAB bladsy 45 (tweede aktiwiteit)
Kontrolelysskakel: Klanke 5, 6

**Punteriglyne:**

| | Woord 1 | Woord 2 | Woord 3 | Woord 4 | Woord 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Heeltemal korrek | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| Gedeeltelik korrek | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |

## KLANKE 3

**Deurlopende assessering (5 punte)**
Klaswaarneming tydens fonemiese bewustheid en woordbou-aktiwiteite
Kontrolelysskakel: Klanke 1, 2, 3, 4

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**
- Demonstreer fonemiese bewustheid
- Identifiseer vinnig die letterklankverwantskap van letters wat gedurende hierdie jaar geleer is
- Kan woorde in klanke segmenteer
- Kan klanke saammeng om mondeling woorde te vorm
- Bou woorde selfstandig met toenemende selfvertroue

# ASSESSERING, KWARTAAL 2

## LEES EN BEGRIP 1

**Formele assessering (10 punte)**
Mondeling: Individuele hardoplees
Week 7, Maandag–Vrydag: GBL
OG bladsy 109, 111, 113, 115 en 117 LAB bladsy 136
Kontrolelysskakel: Lees en Begrip 7, 9,1 0

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1–2 | 3–4 | 5–6 | 7–8 | 9–10 |

**Kriteria**
- Lees teen 'n goeie pas
- Herken die meeste aangeleerde sigwoorde
- Klank enige onbekende woorde
- Sien leestekens raak
- Gebruik die prente vir leidrade
- Wys dat hulle vir betekenis lees
- Lees met gevoel

## LEES EN BEGRIP 2

**Formele assessering (10 punte)**
Skryfwerk: Leesbegrip
Week 8, Woensdag: Begrip
OG bladsy 128; LAB bladsy 67
Kontrolelysskakel: Lees en Begrip 2, 4, 5

**Mark guide**

| Antwoord 1 | Antwoord 2 | Antwoord 3 | Antwoord 4 | Antwoord 5 |
|---|---|---|---|---|
| huis (2 punte) | Covid (2 punte) | masker (2 punte) | kruideniersware (2 punte) | Busi (2 punte) |

## LEES EN BEGRIP 3

**Deurlopende assessering (5 punte)**
Waarneming tydens Gedeelde Lees en Groepbegeleide Lees, Week 1-6, 8 en 9
Kontrolelysskakel: Lees en Begrip 1, 6, 8, 10, 12, 13

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**
- Neem aan Gedeelde Lees-lesse deel
- Neem aan Groepbegeleide Lees-lesse deel
- Lees saam met 'n maat tydens Groepbegeleide Lees
- Kan die meeste sigwoorde in konteks lees (die Grootboek)

## HANDSKRIF 1

**Formele assessering (5 punte)**
Skryfwerk: Handskrif
Week 8, Dinsdag: Handskrif 1
Kontrolelysskakel: Skryf 1, 2, 3, 4

OG bladsy 102; LAB bladsy 123

**Punteriglyne: Voldoen aan …**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**
- Vorm die letters korrek en begin en eindig op die korrekte plek
- Plaas letters korrek op die lyn (veral hoofletters)
- Skryf woorde met die regte spasiëring (in die middel van en tussen woorde)

## HANDSKRIF 2

**Deurlopende assessering (5 punte)**
Skryfwerk: Handskrif
Waarneming in al die geskrewe aktiwiteite tydens Week 1–8
Kontrolelysskakel: Skryf 1, 2, 3, 4

**Punteriglyne: Voldoen konstant aan die kriteria …**

| Nooit nie | Amper nooit nie | Gewoonlik | Amper altyd | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**
- Hou die potlood korrek vas
- Wys goeie lettervorming, -grootte en -spasiëring in alle geskrewe werk tydens week 1–7

## SKRYF 1

**Formele assessering (10 punte)**
Skryf: Sin oor die nuus
Week 6, Vrydag: Individuele Skryf
Kontrolelysskakel: Skryf 1, 2, 7

OG bladsy 129; LAB bladsy 168

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1–2 | 3–4 | 5–6 | 7–8 | 9–10 |

**Kriteria**
- Die sin stem ooreen met die prent
- Die idee is sinvol/logies
- Grammatika (Die woordorde en tyd is korrek.)
- Leestekens (Hoofletter aan die begin; punt aan die einde.)
- Spelling (Wys klankkennis of sigwoordkennis.)

## SKRYF 2

**Deurlopende assessering (10 punte)**
Klaswaarneming tydens Gedeelde Skryf: Week 1–7
Waarneming van Individuele Skryf-aktiwiteite: Week 1–7 (in LAB)
Kontrolelysskakel: Skryf 4, 5

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1–2 | 3–4 | 5–6 | 7–8 | 9–10 |

**Kriteria**
- Neem aan Gedeelde Skryf-lesse deel (dra by tot idees, spelling, grammatika, leestekens)
- Lees die Gedeelde Skryf saam met die klas
- Onafhanklike Skryf-aktiwiteite vir week 1–6 dui op kreatiewe idees
- Onafhanklike Skryf-aktiwiteite dui op die gebruik van klankkennis vir spelling, grammatikaal korrekte sinne en korrekte leestekens.

## HUISTAAL, KWARTAAL 2, PUNTESTAAT

(vir kopiëring)

| | LP (25%) | | | | KL (20%) | | | | LEES (25%) | | | | HS (10%) | | | SKRYF (20%) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1. Luisterbegrip ná die hardopleesstorie | 2. Praat oor eie tekening | 3. Klaskamerwaarneming (Luister en Praat-lesse) | **LUISTER EN PRAAT** | 1. Identifiseer letterklanke | 2. Diktee | 3. Klaskamerwaarneming (UK en woordboulesse) | **KLANKE** | 1. Hardoplees | 2. Leesbegrip | 3. Klaskamerwaarneming (Gedeelde Lees-lesse) | **LEES EN BEGRIP** | 1. Vorm letters en woorde | 2. Klaskamerwaarneming (Handskrif) | **HANDSKRIF** | 1. Skryf een sin oor nuus | 2. Klaskamerwaarneming (Gedeelde Skryf-lesse) | **SKRYF** |
| | LAB bl. 159; OG bl. 122 | OG bl. 124 & 127 | Week 1–8 | **Maks. punt** | LAB bl. 145; OG bl. 116 | LAB bl. 145; OG bl. 116 | Week 1–7 | **Maks. punt** | LAB bl. 136; OG bl. 109, 111, 113, 115 & 117 | LAB bl. 167; OG bl. 128 | Week 1–7 | **Maks. punt** | LAB bl. 128; OG bl. 102 | Week 1–8 | **Maks. punt** | LAB bl. 123; OG bl. 129 | Week 1–8 | **Maks. punt** |
| **NAAM** | 10 | 10 | 5 | **25** | 5 | 10 | 5 | **20** | 10 | 10 | 5 | **25** | 5 | 5 | **10** | 10 | 10 | **20** |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

# ASSESSERING, KWARTAAL 2

## DEURLOPENDE EN FORMELE ASSESSERING VIR KWARTAAL 2

- Die **kurrikulumskakels** vir elke week word met ligkleurige blokkies aangedui.
- Die **formele-assesseringstake** word met donkerder blokkies aangedui.
- **Deurlopende assessering:** Merk die blokkies **elke week** sodra u waarneem dat hierdie uitkoms deur die meerderheid leerders behaal is.
- Maak 'n nota van enige kinders wat steeds sukkel. Hou u notas vir assesseringsdoeleindes. U sal hierdie kinders weer moet onderrig of meer prakties aan hulle moet aanbied.

| AANVANGSKENNIS EN PSW | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Roetines** | | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 1 | Bespreek die dag en maand met behulp van 'n klaskalender. | | | | | | | | | | |
| 2 | Hou 'n daaglikse weerkaart by. | | | | | | | | | | |
| 3 | Bespreek godsdienstige dae en ander spesiale dae. | | | | | | | | | | |
| **Bespreek onderwerpe/temas** | | | | | | | | | | | |
| 4 | My familie | | | | | | | | | | |
| 5 | Veiligheid by die huis | | | | | | | | | | |
| 6 | My liggaam | | | | | | | | | | |
| 7 | Ek hou my liggaam veilig | | | | | | | | | | |
| 8 | Spesiale dae | | | | | | | | | | |
| **Ontwikkel sleutelkonsepte en vaardighede** | | | | | | | | | | | |
| 9 | Sosiale Wetenskap-konsepte: Bewaring, oorsaak en gevolg, plek, aanpassing, verhoudings, onderlinge afhanklikheid, diversiteit en individualiteit, verandering | | | | | | | | | | |
| 10 | Natuurwetenskapkonsepte: Lewe en voortbestaan, energie en verandering, stof en materie, planeet aarde en nog veel meer | | | | | | | | | | |
| 11 | Vaardighede in wetenskaplike prosesse: Navraag (waarneming, vergelyking, klassifisering, meting, eksperimentering, kommunikasie) | | | | | | | | | | |
| 12 | Vaardighede in tegnologiese prosesse: Ondersoek, ontwerp, maak, evalueer, kommunikeer | | | | | | | | | | |
| **Ontwikkel PSW** | | | | | | | | | | | |
| 13 | Sosiale en emosionele gesondheid | | | | | | | | | | |
| 14 | Verhoudings met ander mense en die omgewing | | | | | | | | | | |
| 15 | Waardes en houdings | | | | | | | | | | |

| UITVOERENDE KUNSTE | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Speletjies en vaardighede** | | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 1 | Warm die liggaam op (daaglikse LO binne) | | | | | | | | | | |
| 2 | Speel vriesspeletjies | | | | | | | | | | |
| 3 | Lokomotoriese beweging (speletjies, aktiwiteitsliedjies) | | | | | | | | | | |
| 4 | Aksiale beweging (brandoefeninge) | | | | | | | | | | |
| 5 | Verken die begin, middel en einde van liedjies, stories en bewegings | | | | | | | | | | |
| 6 | Boots bewegings, ritmes en bewegingspatrone na (vinger-/klaprympies, aktiwiteitspeletjies) | | | | | | | | | | |
| 7 | Isoleer liggaamsdele deur beweging (vinger-/klaprympies, aktiwiteitsliedjies) | | | | | | | | | | |
| 8 | Doen stemoefeninge soos rympies, tongknopers, liedjies (liedjies, vinger- en klaprympies) | | | | | | | | | | |
| 9 | Laat die liggaam afkoel en beoefen ontspanning (daaglikse LO binne) | | | | | | | | | | |
| **Improviseer en interpreteer** | | | | | | | | | | | |
| 10 | Rolspel-aktiwiteite | | | | | | | | | | |
| 11 | Ontwikkel kort sinne van 'n dialoog/beskrywing, vertel stories oor | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Improviseer en interpreteer** | | | | | | | | | | | |
| 12 | Oefen bewegings wat by 'n rol in verskillende situasies pas | | | | | | | | | | |
| 13 | Sing liedjies deur van kontraste gebruik te maak | | | | | | | | | | |
| **VISUELE KUNSTE** | | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** |
| **Skep in 2D** | | | | | | | | | | | |
| 1 | Teken en kleur in; verf met die vingers, hande of 'n kwas; meng primêre kleure | | | | | | | | | | |
| 2 | Maak 'n tekening van die self saam met die familie wat by 'n aktiwiteit betrokke is; bespreek die lyne en vorms | | | | | | | | | | |
| 3 | Maak tekeninge van en verf die eie liggaam in aksie (om bewustheid van die liggaam in aksie te skep en om aktiewe liggaamsdele te benoem en te bespreek) | | | | | | | | | | |
| 4 | Uitknip-aktiwiteite | | | | | | | | | | HERSIENING |
| **Skep in 3D** | | | | | | | | | | | |
| 5 | Maak modelle uit klei/speeldeeg (moedig die korrekte gebruik van materiaal en hulpmiddels aan) | | | | | | | | | | |
| 6 | Konstrueer figure/huise/denkbeeldige skuilings uit herwinbare bokse en ander materiaal (moedig die korrekte gebruik van gom en die sponskwassie aan) | | | | | | | | | | |
| **LIGGAAMSOPVOEDING** | | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** |
| **Beweging** | | | | | | | | | | | |
| 1 | Liggaamsdele: Sing liedjies of dra rympies voor terwyl daar aan die verskillende dele van die liggaam geraak word | | | | | | | | | | |
| 2 | Speletjie: Simon sê; Doen dit, doen dat! en so meer – die beweging van verskillende liggaamsdele | | | | | | | | | | |
| **Perseptueel-motories** | | | | | | | | | | | |
| 3 | Balvaardighede: Gee 'n bal oor die kop/tussen die bene aan; gooi dit vir 'n maat; laat die bal hop en vang dit saam met 'n maat | | | | | | | | | | |
| 4 | *Slaan ballonne in die lug heen en weer | | | | | | | | | | |
| **Ritme** | | | | | | | | | | | |
| 5 | Spring en hop | | | | | | | | | | |
| 6 | Spring op en af, hoog en laag, vorentoe, agtertoe, sywaarts | | | | | | | | | | |
| 7 | Vingerspel-aktiwiteite en vingerrympies; klaprympies | | | | | | | | | | |
| **Koördinasie** | | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 8 | Oog-hand-voet-koördinasie (dribbel balle, kruip) | | | | | | | | | | |
| 9 | *Stoot ballonne – na 'n teiken of 'n doelpaal | | | | | | | | | | |
| **Balans** | | | | | | | | | | | |
| 10 | Loop op 'n tou of lyn wat op die grond uitgemerk is | | | | | | | | | | |
| 11 | Balanseer op 'n laevlakbalk/boomstomp | | | | | | | | | | |
| 12 | Balanseer op 'n stoel | | | | | | | | | | |
| **Ruimtelike oriëntasie** | | | | | | | | | | | |
| 13 | Voltooi 'n hindernisbaan met behulp van 'n klimraam of soortgelyke apparaat | | | | | | | | | | |
| **Lateraliteit** | | | | | | | | | | | |
| 14 | Rol sywaarts in albei rigting, vorentoe en agtertoe | | | | | | | | | | |
| 15 | Gooi en vang 'n boontjiesak met die niedominerende hand | | | | | | | | | | |
| 16 | Balanseer op die niedominerende been | | | | | | | | | | |
| **Sport en speletjies** | | | | | | | | | | | |
| 17 | Tradisionele/inheemse speletjies wat deur die leerders gekies word | | | | | | | | | | |
| 18 | *Speel ballonstoot – na 'n teiken of doelpaal | | | | | | | | | | |

**Ballongebaseerde aktiwiteite moet deur die onderwyser bygevoeg word as daar toegang tot ballonne is.*

# ASSESSERING, KWARTAAL 2

## LEWENSVAARDIGHEIDSASSESSERING VIR KWARTAAL 2

(moet met die puntestaat ooreenstem)

### AANVANGSKENNIS EN PSW 1

**Formele assessering (10 punte)**
Skryfwerk: Identifiseer gevare by die huis
Week 6, Vrydag: AK en PSW — OG bladsy 102; LAB bladsy 122
Kurrikulumskakel: AK/PSW 5, 9, 11

**Punteriglyne en kriteria:** Een punt vir elke gevaar geïdentifiseer (maks. 10)

- kers naby gordyn
- stukkende kragprop
- gebreekte glas
- warm drankie
- pille
- reinigingsmiddel
- vuurhoutjies
- speelgoed
- stukkende koord van lampie
- emmer water

### AANVANGSKENNIS EN PSW 2

**Formele assessering (10 punte)**
Skryfwerk: Vind enkele interne en eksterne liggaamsdele
Week 7, Woensdag: AK en PSW — OG bladsy 124; LAB bladsy 163
Kurrikulumskakel: AK/PSW 6, 9, 10, 11

**Punteriglyne en kriteria**

- 6 punte vir korrekte aanwys van liggaamsdele
- 2 punte elk vir omkring van hart en brein (binne die liggaam)

### AANVANGSKENNIS EN PSW 3

**Deurlopende assessering (10 punte)**
Kontroleer die voltooide AK/PSW-bladsye in die LAB tydens Week 1–8
Kontrolelysskakel: AK/PSW 4–12

**Punteriglyne**

- LAB-bladsye is voltooi: 2 punte vir voltooiing van 25%, 4 punte vir voltooiing van 50%, 8 punte vir voltooiing van 100%
- Toon betrokkenheid by die onderwerp asook nuwe vaardighede (2 punte)

### AANVANGSKENNIS EN PSW 4

**Deurlopende assessering (10 punte)**
Kontroleer deelname aan die Oggendbyeenkomste tydens Week 1–8
Kontrolelysskakel: AK/PSW 13–15

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1–2 | 3–4 | 5–6 | 7–8 | 9–10 |

**Kriteria**

- Luister na ander sonder enige onderbreking
- Dra by tot/neem deel aan byeenkomste
- Reageer toepaslik, deur byvoorbeeld empatie te betoon
- Beskryf die weer reg
- Neem deel aan kalender-aktiwiteite

## VISUELE KUNSTE 1

**Formele assessering (10 punte)**
Skryfwerk: Teken ’n prent van ’n familie-aktiwiteit en kleur dit in
Week 8, Dinsdag: Visuele Kunste
OG bladsy 123; LAB bladsy 162
Kurrikulumskakel: Visuele Kunste 1, 2, 3

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1–2 | 3–4 | 5–6 | 7–8 | 9–10 |

**Kriteria**
- Teken herkenbare figure (vorm)
- Maak van al die ruimte gebruik
- Realistiese gebruik van kleur
- Goeie beheer oor potlood en kryte (lyne, konsekwente druk)
- Kreatiewe ontwerp (perspektief/interessante besonderhede)

## VISUELE KUNSTE 2

**Deurlopende assessering (5 punte)**
Kontroleer voltooide Visuele Kunste-bladsye in die LAB
Waarneming van 3D konstruksies (pop, huis, papierpop)
Kurrikulumskakel: Visuele Kunste 1–6

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**
Maak 2D:
- Daar is ’n gepaste aantal voltooide tekeninge
- Die voorwerpe wat uitgebeeld word, kan geïdentifiseer word; kleure is realisties

Maak 3D:
- Konstruksies is verbeeldingryk en kreatiwiteit word getoon
- Dit is stewig en sorgvuldig gemaak
- Goeie beheer oor skêr en gom

# ASSESSERING, KWARTAAL 2

## UITVOERENDE KUNSTE 1

**Formele assessering (10 punte)**
PRAKTIES: Groepe bied 'n aksieliedjie of -rympie aan
Week 7, Vrydag: Uitvoerende Kunste OG bladsy 115
Kurrikulumskakel: Uitvoerende Kunste 3, 6, 8, 13

**Punteriglyne: Voldoen aan …**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1–2 | 3–4 | 5–6 | 7–8 | 9–10 |

**Kriteria**
- Integreer liedjie met bewegings
- Stemvermoë en kontras (hard/sag; hoog/laag)
- Gevoel vir rym en ritme
- Liggaamstaal (oogkontak, postuur, selfvertroue)
- Werk saam in groepe

## UITVOERENDE KUNSTE 2

**Deurlopende assessering (5 punte)**
Neem die kinders tydens UK-aktiwiteite in Week 1–7 waar
Kurrikulumskakel: Uitvoerende Kunste 1–13

**Punteriglyne: Voldoen aan …**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**
- Neem aan die UK-aktiwiteite deel
- Toon vaardighede in uitvoerende kunste (beweging, stem)
- Toon vermoë om te improviseer (rolspel, verduidelikings)
- Toepaslike liggaamstaal (oogkontak, postuur, selfvertroue)

## LIGGAAMSOPVOEDING 1

**Formele assessering (10 punte)**
PRAKTIES: Voltooi ’n hindernisbaan
Week 6, Maandag: LO
Kurrikulumskakel: LO 6, 8, 10, 13

OG bladsy 95, 97, 99, 101 en 103

**Punteriglyne: Voldoen aan …**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1–2 | 3–4 | 5–6 | 7–8 | 9–10 |

**Kriteria**
- Goeie koördinasie (oog-hand-voet, lokomotories)
- Ruimtelike oriëntasie
- Balans
- Perseptueel-motories
- Voltooi die baan teen ’n goeie pas

## LIGGAAMSOPVOEDING 2

**Deurlopende assessering (20 punte)**
Neem die kinders tydens LO-tyd binne en buite in Week 1–8 waar
Kurrikulumskakel: LO 1–16

**Punteriglyne: Voldoen aan …**

| Geen kriteria nie | Uiters min kriteria | Enkele kriteria | Die meeste kriteria | Al die kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1–4 | 5–8 | 9–12 | 13–16 | 17–20 |

**Kriteria**
- Algemene fiksheid en beweging (lokomotories)
- Pas/spoed
- Koördinasie, balans (perseptueel-motories)
- Ritme (liedjies en rympies)
- Deelname (aan liedjies, rympies, speletjies en spansport)

## ASSESSERING, KWARTAAL 2

### LEWENSVAARDIGHEID, KWARTAAL 2, PUNTESTAAT

(vir kopiëring))

| | AK & PSW | | | | | VK | | | AK | | | LO | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1. Identifiseer gevare by die huis | 2. Vind die interne en eksterne dele van die liggaam | 3. Klaskamerwaarneming (AK/PSW-bladsye in die LAB) | 4. Klaskamerwaarneming (deelname aan die Oggendbyeenkoms) | **AANVANGSKENNIS EN PSW** | 1. Teken 'n prent van familienuus | 2. Klaskamerwaarneming (VK-bladsye in die LAB – 2D en 3D konstruksies) | **VISUELE KUNSTE** | 1. Pare of groepe: Bied Kwartaal 2-aksieliedjie/-rympie aan | 2. Klaskamerwaarneming (aanbieding in UKlesse) | **UITVOERENDE KUNSTE** | 1. Hindernisbaan | 2. Klaskamerwaarneming (deelname aan LOlesse) | **LIGGAAMSOPVOEDING** |
| | LAB bl. 122 ; OG bl. 102 | LAB bl. 163 ; OG bl. 124 | Week 1–7 | Week 1–7 | **Maks. punt** | LAB bl. 162; OG bl. 123 | Week 1–8 | **Maks. punt** | OG bl. 115 | Week 1–7 | **Maks. punt** | OG bl. 95, 97, 99 & 103 | Week 1–8 | **Maks. punt** |
| **NAAM** | 10 | 10 | 10 | 10 | **40** | 10 | 5 | **15** | 10 | 5 | **15** | 10 | 20 | **30** |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |

# Funda Wande

Reading for Meaning

Western Cape Government
Education
FOR YOU

creative commons
CC-BY- 4.0

ISBN 978-1-991225-39-9
9 781991 225399

VERSION 3.0